1986 012 958 01

U.O.V.S. - U.O.F.S.
BLOEMFONTEIN
BIBLIOTEEK - LIBRARY

'n ONDERSOEK NA DIE VERSKALING VAN MASLOW SE SELFAKTUALISERINGSEIENSKAPPE BY MEER EN MINDER SELFGEAKTUALISEERDE STUDENTE

G.J. LE R ROSSOUW

U.O.V.S. - BIBLIOTEEK
*198601896201220000019*

# 'n Ondersoek na die verskaling van Maslow se selfaktualiseringseienskappe by meer en minder selfgeaktualiseerde studente

deur

Gabriël Jacobus Le Roux Rossouw

'n Verhandeling voorgelê ter gedeeltelike vervulling van die vereistes vir die graad

Magister Artium (Voorligtingsielkunde)

in die

Fakulteit Lettere en Wysbegeerte
(Departement Sielkunde)

aan die

UNIVERSITEIT VAN DIE ORANJE VRYSTAAT
BLOEMFONTEIN

Sudieleier: Prof. W.J. Schoeman, M.A., D.Phil.

Januarie 1986

Universiteit van die Oranje-Vrystaat
BLOEMFONTEIN

13 - 5 - 1986

T 155.2 MAS

BIBLIOTEEK

Aan:

Pa en Ma

# DANKBETUIGING

'n Besondere woord van opregte dank en waardering aan die volgende persone en instansies:

- Prof. W.J. Schoeman, promotor, vir sy bekwame leiding, hulp en inspirasie.
- Die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing vir finansiële bystand wat verleen is ten opsigte van kostedeling van die vraelys as komponent van 'n groter R.G.N.-projek getitel:

  Die skepping van leerontwikkelingsprogramme, gebaseer op die kognitiewe style van leerders, vir primêre, sekondêre en tersiêre vlakke van opleiding.

  Menings in hierdie werk uitgespreek of gevolgtrekkings waartoe geraak is, is dié van die skrywer en moet in geen geval beskou word as 'n weergawe van die menings of gevolgtrekkings van die R.G.N. nie.
- Mej. Francis Viljoen vir die taalkundige versorging.
- Mev. Joey Wolfaardt vir die tikwerk.
- Mev. R. Rossouw vir die proeflees.
- Die Sportburo UOVS, veral mejj. Petro Schutte en Ané Serfontein, vir die hulp wat verleen is met die verkryging van die name en adresse van die proefpersone asook met die terugbesorging van die vraelyste.
- Mnr. N.T. Venter van die administrasie-afdeling vir die adreslys-opvraging.
- Die dosente wat behulpsaam was met die voorsiening van klaslyste asook die uitdeel, terugbesorging en ander reëlings in verband met die vraelyste.
- Die huiskomiteelid - sport van die verskeie koshuise wat behulpsaam was met die uitdeel en terugbesorging van vraelyste.
- Alle studente wat op een of ander wyse deelgeneem het aan die ondersoek.
- Mnr. De Wet Schoeman vir hulp en leiding in verband met die statistiese verwerking.
- Mev. Lida van der Bank van die rekenaarsentrum UOVS vir die statistiese verwerking van die data.

G.J. LE R ROSSOUW

Bloemfontein

Januarie 1986

# INHOUDSOPGAWE


| | | |
|---|---|---|
| LYS VAN TABELLE | | x |
| LYS VAN FIGURE | | xii |
| HOOFSTUK 1 | | 1 |
| INLEIDING | | |
| HOOFSTUK 2 | | |
| AGTERGROND TOT DIE STUDIE VAN SELFAKTUALISERING | | |
| 2.1 | Inleiding | 4 |
| 2.2 | Die tydperk tot voor die skole | 8 |
| 2.2.1 | Die primitiewe tydperk | 8 |
| 2.2.2 | Die Griekse tydperk | 8 |
| 2.2.3 | Die Middeleeue | 9 |
| 2.2.4 | Herlewing van die Griekse filosofie | 10 |
| 2.2.5 | 17de eeu | 11 |
| 2.2.6 | 18de eeu | 12 |
| 2.2.7 | 19de eeu | 13 |
| 2.2.8 | 20ste eeu | 15 |
| 2.2.9 | Samevatting van die tydperk tot voor die skole | 16 |
| 2.3 | Die tydperk van die skole | 16 |
| 2.3.1 | Strukturalisme | 17 |
| 2.3.2 | Funksionalisme | 19 |
| 2.3.3 | Behaviorisme | 20 |
| 2.3.4 | Gestaltsielkunde | 24 |
| 2.3.5 | Psigoanalise | 25 |
| 2.3.6 | Samevatting van die skole | 28 |

2.4 Die tydperk na die skole 29
2.4.1 Fenomenologiese benadering 30
2.4.2 Eksistensiële benadering 35
2.4.3 Humanistiese benadering 42
2.4.4 Samevatting van die derde denkrigting 47

2.5 Samevatting 49

HOOFSTUK 3

SELFAKTUALISERING

3.1 Inleiding 51
3.2 Ander denkers 52
3.3 Maslow se bydrae 54
3.3.1 Maslow en selfaktualisering 55
3.3.2 Maslow se besware teen behaviorisme en psigoanalise 59
3.3.3 Maslow se mensbeskouing 62
3.3.4 Maslow se motiveringsteorie 67
3.3.5 Basiese behoeftes 77
3.3.6 Selfaktualiseringbehoeftes 88
3.3.7 Meting van selfaktualisering 120
3.3.8 Kritiek teen Maslow 131
3.3.9 Samevatting van Maslow se bydrae 139
3.4 Samevatting 143

HOOFSTUK 4

METODE VAN ONDERSOEK

4.1 Inleiding 145
4.2 Probleemstelling 145

4.3 Hipoteses 147

4.4 Beskrywing van die steekproef 148

4.4.1 Kriteria van die steekproef 148

4.4.2 Omvang van die steekproef 148

4.4.3 Die groepe 149

4.4.4 Samestellings van die steekproef 150

4.4.5 Rasionaal van die steekproef 152

4.5 Meetinstrumente 153

4.5.1 Skaal van Torgerson (1958) 154

4.5.2 Lewenshoudingindeks van Liebenberg 157

4.6 Vraelys 160

4.6.1 Samestelling van die vraelys 160

4.6.2 Tydsduur 162

4.7 Metode van dataversameling 162

4.8 Metode van dataverwerking 164

4.9 Samevatting 170

HOOFSTUK 5

RESULTATE EN BESPREKING

5.1 Inleiding 171

5.2 Beskrywende statistiek van die steekproef 171

5.2.1 Totale steekproef 172

5.2.2 Geslag 173

5.2.3 Huistaal 173

5.2.4 Ouderdom 174

5.2.5 Studievlak 175

5.2.6 Diensplig 175

5.2.7 Akademiese jare 176

5.2.8 Woning 177

| | | |
|---|---|---|
| 5.3 | Verdere verdelings voortvloeiend uit die beskrywende statistiek | 178 |
| 5.3.1 | Korrelasie van die Lewenshoudingindeks-skale | 178 |
| 5.3.2 | Geslag van proefpersone in vergelyking met sub- en totaal skaal van die Lewenshoudingsindeks | 178 |
| 5.3.3 | Diensplig verrig al dan nie | 179 |
| 5.3.4 | Samevatting | 180 |
| 5.4 | Die selfaktualiseringseienskapordening | 180 |
| 5.4.1 | Totale groep (N = 258) | 184 |
| 5.4.2 | Minder en meer geaktualiseerde groepe | 187 |
| 5.4.3 | Minder geaktualiseerde groepe (N = 90) | 188 |
| 5.4.4 | Meer geaktualiseerde groep (N = 88) | 189 |
| 5.4.5 | Samestelling van die minder geaktualiseerde groep uit Akademie (N = 39), Kuns (N = 8) en Sport (N = 43). | 193 |
| 5.4.6 | Samestelling van die meer geaktualiseerde groep uit Akademie (N = 40), Kuns (N = 13) en Sport (N = 35) | 194 |
| 5.4.7 | Akademie meer en minder geaktualiseerde groep | 196 |
| 5.4.8 | Sport meer en minder geaktualiseerde groep | 198 |
| 5.4.9 | Samevatting ten opsigte van die vergelyking van die meer en minder geaktualiseerdes binne dieselfde groep | 199 |
| 5.4.10 | Tendens by die minder geaktualiseerde groepe | 201 |
| 5.4.11 | Tendens by die meer geaktualiseerde groep | 201 |
| 5.5 | Samevatting van die resultate | 202 |
| 5.6 | Gevolgtrekking | 204 |
| 5.7 | Aanbevelings | 205 |

HOOFSTUK 6

OPSOMMING 206

BIBLIOGRAFIE 209

BYLAAG

VRAELYS

# LYS VAN TABELLE


| | | |
|---|---|---|
| Tabel 4.4.4 | Samestelling van die steekproef | 151 |
| Tabel 4.4.5 | Samestelling van die meer en minder geaktualiseerde studente-steekproef | 152 |
| Tabel 4.5.2 | Itemsamestelling van die Lewenshoudingsindeks | 159 |
| Tabel 4.8.1 | Matriks V | 166 |
| Tabel 4.8.2 | Matriks log V | 167 |
| Tabel 4.8.3 | Matriks U | 168 |
| Tabel 4.8.4 | Matriks U, $\Sigma U'_{jk}$ en $s'_k$ | 169 |
| Tabel 5.2.1 | Verdeling van die proefpersone in akademie-, kuns- en sportgroepe | 172 |
| Tabel 5.2.2 | Verdeling van die proefpersone op grond van geslag | 173 |
| Tabel 5.2.3 | Verdeling van die proefpersone op grond van huistaal | 174 |
| Tabel 5.2.4 | Rekenkundige gemiddelde en standaardafwyking van die ouderdom van die groepe | 174 |
| Tabel 5.2.5 | Verdeling van die proefpersone volgens die vlak van studie | 175 |
| Tabel 5.2.6 | Verdeling van proefpersone volgens diensplig verrig | 176 |
| Tabel 5.2.7 | Rekenkundige gemiddelde en standaardafwyking ten opsigte van akademiese jare | 177 |
| Tabel 5.2.8 | Verdeling van die proefpersone op grond van woning | 177 |
| Tabel 5.3.2 | Rekenkundige gemiddelde en standaardafwyking van die sub- en totaalskale van die Lewenshoudingindeks | 179 |
| Tabel 5.3.3 | Manlike proefpersone wat reeds diensplig verrig het of nog nie diensplig verrig het nie se rekenkundige gemiddelde en standaardafwyking van die sub- en totaalskale van die Lewenshoudingindeks | 180 |
| Tabel 5.4 | Simbooltoekenning aan die selfaktualiseringseienskappe | 187 |
| Tabel 5.4.1 | Die vyftien selfaktualiseringseienskappe $s_k$-waarde en rangorde van die totale groep | 185 |
| Tabel 5.4.3 | Die vyftien selfaktualiseringseienskappe se $s_k$-waarde en rangorde van die minder geaktualiseerde totale groep | 188 |

| | | |
|---|---|---|
| Tabel 5.4.4 | Die vyftien selfaktualiseringseienskappe se $s_k$-waarde en rangorde van die meer geaktualiseerde totale groep | 189 |
| Tabel 5.4.5 | Die vyftien selfaktualiseringseienskappe se $s_k$-waarde en rangorde van die minder akademiese-, kuns- en sportgroepe | 193 |
| Tabel 5.4.6 | Die vyftien selfaktualiseringseienskappe se $s_k$-waarde en rangorde van die meer geaktualiseerde akademiese-, kuns- en sportgroepe | 194 |

# LYS VAN FIGURE


| | | |
|---|---|---|
| Figuur 3.3.9 | Voorstelling van Maslow se motiveringshiërargie | 140 |
| Figuur 4.5.1 | Skematiese voorstelling van eienskap-afparing | 155 |
| Figuur 4.5.2 | Voorstelling van die eienskapvergelykingpaar | 156 |
| Figuur 5.4.1 | Grafiese voorstelling van die totale groep se ordening van die vyftien selfaktualiseringseienskappe | 186 |
| Figuur 5.4.2 | Grafiese voorstelling van die meer en minder geaktualiseerde totale groep se ordening van die vyftien selfaktualiseringseienskappe | 190 |
| Figuur 5.4.3 | Grafiese voorstelling van die akademiese meer en minder geaktualiseerde groep se ordening van die vyftien selfaktualiseringseienskappe | 195 |
| Figuur 5.4.4 | Grafiese voorstelling van die sport meer en minder geaktualiseerde groep se ordening van die vyftien selfaktualiseringseienskappe | 196 |

# HOOFSTUK 1

## INLEIDING

Hierdie werk het ten doel om ondersoek in te stel na die verskaling van Maslow se selfaktualiseringseienskappe by meer en minder geaktualiseerde studente.

Aangesien Maslow selfaktualisering sien as die neiging van die individu om sy eie instrisieke aard te ontwikkel (Gouws, Louw, Meyer & Plug, 1979) word die selfaktualiseringsbenadering dus binne 'n sogenaamde positiewe sielkunde geplaas. Binne hierdie positiewe sielkunde word die mens gesien as strewend na gesondheid, groei, vervulling en intellektuele of artistiese kreatiwiteit eerder as in 'n toestand waarin slegs 'n poging tot remediëring of ongemaksontvlugting al moontlikhede is. Dus moet die sielkundige gesondheidstoestand iets meer wees as die afwesigheid van sielkundige siekte (Tallent, 1978).

Hierdie positiewe siening van die mens is egter 'n relatiewe jong ontwikkeling in die sielkunde. Aangesien die positiewe siening as reaksie ontwikkel het op die negatiewe mensbeskouing van die psigoanalise en die meganiese mensbeskouing van die behavioriste, blyk dit sinvol te wees om in kort na die sielkunde se ontwikkeling te gaan kyk. Die invloed van die vroeë sowel as die latere filosowe, die natuurwetenskaplike bloeitydperk en veral die natuurwetenskaplike metode wat hieruit voortgevloei het, die tydperk van die skole en die gedurige fokus of klem verskuiwing tussen die gevoel en rede van die mens sal in die gedeelte wat handel oor die agtergrond tot die studie van selfaktualisering, toegelig word.

In hierdie agtergrondskets sal ook aandag gegee word aan die sogenaamde derde rigting aangesien Maslow algemeen beskou word as segsman van die derde rigting. Die fenomenologiese-, eksistensiële- en humanistiese sielkunde vorm die derde rigting.

Met 'n duidelike beeld van waar Maslow in die sielkunde staan, kan dan gaan kyk word na wat selfaktualisering vir Maslow beteken en behels. Aandag sal gegee word aan die mensbeskouing van Maslow, Maslow se motiveringsteorie, basiese behoeftes, selfaktualiseringsbehoeftes en die meting van selfaktualisering.

Die oorsig in verband met die ontwikkeling van die sielkunde asook die bespreking in verband met selfaktualisering, dien as literatuuroorsig of basis waaruit en waarvolgens die ondersoek in verband met die self-aktualiseringseienskapverskaling gerig kan word.

Maslow het net ouer, volwasse, Westerse persone in sy studie gebruik en verder is sy navorsingsmetode deur die kritici as subjektief en onwetenskaplik beskou. Maslow (1970) erken die tekortkominge, maar bied sy navorsing aan as 'n aanvanklike, inleidende ondersoek wat nog empiries geverifieer moet word. Verder moedig Maslow verdere ondersoeke in die selfaktualiseringsveld aan en beveel aan dat jonger persone asook ander kulture, betrek moet word in sulke ondersoeke. Aangesien hy 'n bepaalde teorie en verwante aspekte daar gestel het, kan ander ondersoeke sy bevindinge nou kontroleer en emperies verifieer.

As gevolg van die feit dat die meeste navorsing in verband met self-aktualisering fokus op die daarstel van 'n geskikte meetinstrument en relatief min aandag en pogings aan die toetsing van Maslow se teorie

gewei word (Ryckman, 1982), het die skrywer vir homself die vraag begin afvra of die selfaktualiseringseienskappe as van gelyke belang deur verskillende persone ervaar word.

Aangesien Maslow met net die beste moontlike populasie gewerk het en hy ook ondersoeke met jonger persone aangemoedig het, asook die meer geredelike beskikbaarheid van studente het die skrywer besluit om sy steekproef so te kies dat slegs honneurs-, meesters- en doktorale studente asook studente wat op sportgebied die universiteit by 'n Suid-Afrikaanse Universiteitekampioenskap, of die Springbokke verteenwoordig het, daarin in gesluit sal word. Daar is ook van kuns- en dramastudente gebruik gemaak wat in die vierde voorgraadse jaar van studie was. Aangesien die meerderheid kursusse slegs oor 'n periode van drie jaar strek, kan dié studente as honneurs studente beskou word. Die beste akademiese-, kuns- en sportstudentepopulasie word dus gebruik.

Die doel van hierdie ondersoek is om te bepaal of daar enige ordering-verskil tussen die verskaling van die selfaktualiseringseienskappe by bogenoemde studentepopulasie voorkom.

In die volgende hoofstuk sal gepoog word om binne die breë konteks van die ontstaan en ontwikkeling van die sielkunde, 'n agtergrond tot die studie van selfaktualisering te bied.

# HOOFSTUK 2

# AGTERGROND TOT DIE STUDIE VAN SELFAKTUALISERING

## 2.1 INLEIDING

Om te dien as agtergrond vir hierdie werk word daar net in kort aandag gegee aan die ontstaan en ontwikkeling van die sielkunde as 'n eie selfstandige wetenskap. Met hierdie agtergrondskets word geensins gepoog om die ontstaan, ontwikkeling en verloop van die sielkunde volledig te beskryf nie.

Aangesien selfaktualisering binne die sogenaamde derde rigting geplaas kan word en die derde rigting weer as reaksie teen die behaviorisme en psigoanalise ontstaan het, word dit dus belangrik om eers vas te stel waar die derde rigting dit self in die veld van die sielkunde bevind.

Met kennis van die derde rigting se algemene mensbeskouing en benaderingswyse tot die sielkunde, kan die klem dan vir die doel van hierdie werk verskuif na die begrip selfaktualisering.

Aangesien die behaviorisme en psigoanalise slegs twee van die sogenaamde vyf skole uitmaak en die ontstaan van die skole weer deur ander ontdekkings en verwikkelinge voorafgegaan is, kan daar nie, volgens die skrywer se mening, net by die behaviorisme en psigoanalise in 'n agtergrondskets stilgestaan word nie.

As die verskillende ontwikkelinge, benaderings en skole beskou word binne die tydperk en omstandighede waarin dit ontwikkel het, word

die onderliggende strominge en die effek wat dit op die verdere ontwikkeling van die sielkunde gehad het, beter verstaan. Van der Merwe (1977) is dan ook van mening dat wanneer die mens se bestaansveiligheid bedreig word - hetsy deur 'n groot wetenskaplike ontdekking, 'n natuurkatastrofe of 'n sosiale omwenteling - hy tot homself inkeer en vrae begin stel oor die aard van sy innerlike lewe en die doel van sy bestaan. Die verskynsel het homself dan ook al verskeie male in die geskiedenis van die mens herhaal. In sulke tye van krisisse word eeu-oue beskouinge en waardes dikwels gewysig of heeltemal onvergewerp.

Soos later in die bespreking van die opeenvolgende stadia in die sielkunde aangetoon sal word, het veral oorloë, die ontwikkeling van die wetenskap asook die reaksie op 'n vorige benadering, die ontwikkeling van die sielkunde grootliks bepaal.

Phares (1979) beweer dan ook dat oorloë die manier het om alles te verander. So byvoorbeeld het die Eerste Wêreldoorlog die ontwikkeling van toetse, waardeur die mens se vaardigheid gemeet kan word, gestimuleer. Hier word veral gedink aan die Army Alpha en Beta groeptoetse (Phares, 1979; Du Toit & Van der Merwe, 1976). Oorlog is egter ook 'n bedreigende en onseker gebeurtenis vir die mens. Die Tweede Wêreldoorlog het byvoorbeeld baie mense in sielkundige wanaangepaste wesens verander. Na dié mense moes omgesien word. Die situasie het tot gevolg gehad dat rehabilitasie programme geloods moes word om die duisende mans en vroue wat emosionele traumas beleef het te help na en tydens hulle militêre-diens. Hierdie behoefte het beslis sielkundige kennis en metodes gestimuleer. Groot bedrae geld is beskikbaar gestel vir die rehabilitasie en die rol van sielkunde is dus hierdeur beklemtoon. Verder het die Nazi tirannie baie van die Europese sielkundiges

na die Verenigde State van Amerika laat uitwyk en sodoende is die bestaande kennis in verband met sielkunde wyer bekend gestel, maar ook met mekaar in aanraking gebring (Phares, 1979).

Die ontwikkeling van die natuurwetenskap het 'n beslissende rol in die ontwikkelingsgeskiedenis van die sielkunde gespeel. Soos die metodes en kennis van die natuurwetenskap uitgebou is, kon die sielkunde daarvan gebruik maak. Hier word veral aan die eksperimentele en fisiologiese sielkunde gedink.

Verder het die ontwikkeling van die sielkunde 'n patroon van aksie-reaksie gevolg. 'n Bepaalde skool ontstaan as reaksie op 'n vorige benadering (Möller, 1980) en dié skool groei sterk omrede dit die teenoorgestelde benadering handhaaf as die ander skool of die tekorte en punte van kritiek aanvul. Wanneer daar dan nie meer 'n behoefte aan sterk en luidrugtige protes is nie, sterf die skool as sulks 'n geleidelike dood. Wat veral interessant is, is dat skool B byvoorbeeld ontstaan het in reaksie op skool A se siening in verband met aspek Z. Mettertyd word skool C gestig as reaksie teen die siening van skool B in verband met aspek Z. In werklikheid kom skool A en C se siening in verband met aspek Z dan tot 'n groot mate ooreen. Elke skool het egter gedien as vrugbare protes en het daardeur 'n substantiewe bydrae tot die sielkundige denke gelewer (Schultz, 1975).

Die voortdurende swaai van die pendulem tussen uiterstes kenmerk veral die vroeë sielkundige ontwikkeling. So 'n swaai tussen uiterstes is nie vreemd in 'n relatief jong wetenskap nie. Daardeur word die grense, denke, metodes en so meer voortdurend getoets en lewendig gehou. Op die wyse word verskillende aspekte, gewoonlik die meer uiterste pole, geïdentifiseer en ondersoek. Daar kan verwag word dat die tussenin

areas met verloop van tyd ingekleur sal word. Die resultaat kan dan gesien word as 'n poel van sielkundige kennis, metodes, benaderings, ensovoorts.

Afhangend van die bepaalde sielkundige se invalshoek of klemlegging, kan verskeie aspekte afsonderlik of in kombinasie uit hierdie poel van sielkundige kennis uitgelig word. Verskillende kombinasies met meer of minder ooreenkomste tussen sielkundige teorieë is dus moontlik en al die kombinasies kan sinvol en bruikbaar wees. Volgens dié skrywer se mening is dit die posisie waarin die sielkunde ditself, met meer as honderd sielkundige teorieë in die praktyk (Toksoz & Karasu, 1977), tans bevind.

Die agtergrondskets ten opsigte van die ontstaan en ontwikkeling van die sielkunde sal aan die hand van die volgende verdeling geskied. Die verdeling is slegs vir ordelike vermeldingsdoeleindes gemaak.

- Die tydperk tot voor die skole
- Die tydperk van die skole
- Die tydperk na die skole

Die geskiedkundige ontwikkeling van die sielkunde tot voor die tydperk van die skole sal nou aan die hand van 'n aantal tydvakke bespreek word. Die tydperk moet egter nie gesien word as eksakte waterdigte kompartemente nie, aangesien die tydvakke deur die skrywer so gekies is om die geskiedkundige ontwikkeling van die sielkunde volgens 'n logiese ordening aan te bied.

## 2.2 DIE TYDPERK TOT VOOR DIE SKOLE

### 2.2.1 DIE PRIMITIEWE TYDPERK (TOT ± 400 v.C.)

Die tydperk staan bekend as die tydperk van die animisme, dit wil sê die mens glo aan bonatuurlike geeste en alle natuurverskynsels asook die mens se eie gedrag word in terme van die bonatuurlike verklaar (Van der Merwe, 1977). Suinn (1975) is van mening dat die vroeër Chinese, Egiptenare en Hebreërs in geeste of gode geglo het om sodoende sin in hulle fisiese wêreld te verkry. Hulle het siektes in terme van bose geeste en duiwels verklaar.

### 2.2.2 DIE GRIEKSE TYDPERK: NATUURLIKE OORSAKE WORD GESOEK (±400 v.C.)

As gevolg van die burgeroorlog wat tussen Sparta en Athene losgebars het en die groot sosiale omwenteling wat daarmee gepaard gegaan het, het die menslike natuur eers teen ongeveer die vyfde eeu voor Christus op die voorgrond getree. Die ou Griekse filosowe wat altyd met die groot heelal daarbuite doenig was - met die makrokosmos - wend hulle nou na die mens - die mikrokosmos - om hom beter te probeer verstaan. Wat vroeër op die rekening van die gode geplaas is, word nou aan die mens se eie natuur toegeskryf (Van der Merwe, 1977).

Die Griekse filosowe (ongeveer 400 jaar v.C.) het in meer as een opsig die grondslag van die Westerse sielkunde gelê, veral Plato (427 - 347 v.C.) en Aristoteles (384 - 322 v.C.) het in die tyd bydraes gelewer rondom die psigologie of "kennis van die siel" (Du Toit & Van der Merwe, 1976; Lefrancois, 1980; Louw, 1982; Möller, 1980; Schultz, 1975). Die term psigologie kan na die tydperk teruggevoer word aangesien psige met siel en logos met kennis vertaal kan word (Du Toit & Van

der Merwe, 1976; Lefrancois, 1980; Phares, 1979; Suinn, 1975; Wenham, 1979).

Vir ongeveer 2 000 jaar is daar binne die filosofie aandag gegee aan aspekte van die mens en sy bestaan wat vandag binne die terrein van die sielkunde val (Möller, 1980). In daardie dae het die filosofie die meeste ander dissiplines ingesluit (Lefrancois, 1980; Morgan, 1961; Phares, 1979), maar soos die kennis toegeneem het, het daar spesialiteitsgebiede in die filosofie ontwikkel (Cattel, 1947; Lefrancois, 1980).

Die ou Griekse filosowe het hulle besig gehou met waarneming en introspeksie (Lefrancois, 1980; Morgan, 1961). Hulle het gepoog om hulle kennis op 'n ordelike wyse te rangskik en te spekuleer rondom die betekenis daarvan (Morgan, 1961).

### 2.2.3 DIE MIDDELEEUE: DIE MENS EN SY GELOOF IN DIE BONATUURLIKE ($\pm$500 - 1 500 n.C.)

Met die verbrokkeling van die Romeinse Ryk en die uiteindelike ondergang van die Grieks-Romeinse beskawing, breek daar 'n tydperk van sosiale onrus en persoonlike onsekerheid aan wat eeue lank sou duur. Die vandale voer strooptogte uit en saai dood en verwoesting so ver hulle gaan. Dit wat oorbly word deur die pes afgemaai (Van der Merwe, 1977).

'n Ontreddende en vreesbevange mensdom soek wanhopig na 'n toevlug en vind dit in die Christendom. Die Christelike leer vestig onder andere die aandag op die onverganklikheid van die siel en op 'n ander selfs beter lewe na die dood in die hiernamaals (Van der Merwe, 1977).

Gedurende die eerste eeu van die Christelikejaartelling het geen noemenswaardige ontwikkeling in die sielkunde plaasgevind nie. Sielkunde was nog steeds 'n onderafdeling van die filosofie en die opvatting dat die liggaam en gees twee aparte dele is, het voort bestaan. Die vroeë Christelike kerk onderskryf ook dié siening. Augustinus (345 - 430) beklemtoon egter dat die gees nie deur die liggaam ingekerker word nie, en dat die mens 'n bewussynslewe het wat hyself innerlik kan waarneem en beskrywe (Du Toit & Van der Merwe, 1976).

Kennis wat tot nou verkry is, word geïgnoreer en die geestelikes word as die leiers beskou (Louw, 1982; Suinn, 1975). Die mens keer dus weer in 'n sekere sin terug na die geloof in die bonatuurlike. Sielkunde word nou gesien as die studie van die siel volgens Cattel (1947) en selfondersoek of introspeksie is weer aan die orde van die dag (Du Toit & Van der Merwe, 1976).

### 2.2.4 HERLEWING VAN DIE GRIEKSE FILOSOFIE (± 12 - 13de eeu)

Teen die einde van die twaalfde en begin van die dertiende eeu ontwikkel daar egter 'n reaksie teen hierdie gedweë onderwerping van die mens aan die kerk (Van der Merwe, 1977).

Volgens Suinn (1975) verskyn die term sielkunde die eerste keer in 1590 in Goeckel se geskrif getitel: "Psychologia - Hoc Est de Hominis Perfectione".

## 2.2.5 17de EEU: HERONTDEKKING VAN DIE MENS AS INDIVIDU

Nadat die kerk vir eeue lank daarin geslaag het om die aandag van sy volgelinge op die siel en dié se bestemming in die hiernamaals gevestig te hou, ontdek die mens nou die teenwoordige wêreld. Hy word bewus van sy eie individualiteit. Hy wil nie meer voorgesê word wat om te doen en te glo nie; hy dring aan op vryheid van denke en geloof; hy sien homself as 'n selfstandige individu. Die mens raak sielkundig mondig en die idee van 'n siel wat in die liggaam ingekerker is, word al hoe minder aanvaarbaar (Van der Merwe, 1977).

Volgens Möller (1980) is die veranderinge wat in die sewentiende eeu plaasgevind het hoofsaaklik te wyte aan die natuurwetenskaplike ontdekkings. Benewens ander wetenskappe was dit veral die studie van die fisiologie gedurende hierdie tydperk wat 'n belangrike bydrae gelewer het in die ontwikkeling van die sielkunde as selfstandige wetenskap. Du Toit en Van der Merwe (1976) is van mening dat as gevolg van die wetenskaplike vordering wat daar gemaak is en die ontdekking op die gebied van die fisika en die fisiologie - die mens tot geheel en al nuwe insigte gekom het ten opsigte van sy gedrag. Aangevuur deur die stimulerende tydsgees en aangemoedig deur die nuwe ontdekkings op die gebied van die fisika en fisiologie, het die mens nuwe belangstelling in sy eie gedrag en in selfondersoek getoon (Louw, 1982).

Die Franse filosoof en wiskundige, Renè Discartes (1596 - 1650) het hierdie natuurwetenskaplike ontdekkings op die gedrag van die mens van toepassing gemaak. Hy poog om menslike gedrag in terme van fisiese en fisiologiese prosesse te verklaar. Volgens Descartes was die mens 'n blote masjien waarin alles volgens vaste wette of reëls verloop. Dus is die gedrag van die mens outomaties (Du Toit & Van der Merwe, 1976).

Descartes glo dat die verstand en liggaam twee aparte dele is, maar dat dit in interaksie met mekaar is (Suinn, 1975).

Descartes het hom ten doel gestel om vir die wysbegeerte 'n onbetwyfelbare uitgangspunt te soek. Hy was so geïmponeer deur die natuurwetenskaplike suksesse dat hy dit as punt van oriëntasie aanvaar het en gevolglik van mening was dat slegs die kennis wat op die natuurwetenskaplike wyse verkry word, op objektiwiteit aanspraak kan maak. Die natuurwetenskaplike werksaamheid word gekenmerk deur die sogenaamde empiriese metode. Die metode berus op 'n splitsing of verdeling tussen subjek en objek of in sielkundige terme bewussyn en waarneembare wêreld. Die splitsing word histories teruggevoer na Descartes (Meyer, Muller & Maritz, 1967). Net soos Plato maak Descartes dus 'n skeiding tussen die liggaam en die psige en sien dit as twee losstaande entiteite (Louw, 1982).

John Loche (1632 - 1704) was ook 'n prominente figuur in hierdie periode met sy siening dat die psige saamgestel is uit talle deeltjies (Louw, 1982).

2.2.6 18de EEU: DIE EEU VAN DIE REDE OF VERSTAND

Die ontwikkeling op die gebied van die natuurwetenskap bereik 'n nuwe hoogtepunt in hierdie eeu (Van der Merwe, 1977). Die begeerte om te sistematiseer, te klassifiseer en om in ordelike kategorieë te groepeer, kom in dié eeu voor (Suinn, 1975). Hierdie neiging word toegeskryf aan die suiwer wetenskaplike metode van navorsing wat neerkom op die versameling van feite deur die gebruik van objektiewe waarneming

en eksperimentele tegnieke (Ryckman, 1982 & Van der Merwe, 1977).

Aangesien die objektiewe ontledingsmetode met soveel sukses in die natuurwetenskappe aangewend is, word dit ook op die menslike gedrag van toepassing gemaak (Van der Merwe, 1977). Sielkunde, wat gestam het uit die spekulatiewe filosofie, was op soek na die daarstelling van 'n onafhanklike dissipline en die wetenskaplike metode is as die oplossing gesien. Die wetenskaplike metode wat deur die natuurwetenskap gebruik is, word toe net so - sonder enige kritiek - oorgeneem (Ryckman, 1982).

Die ou filosofiese beskawing, sowel as die godsdienstige oortuiginge dat elke mens 'n doel in die lewe het, word as onwetenskaplik verwerp. Aangesien die subjektiewe bewussynslewe van die mens nie vatbaar is vir die objektiewe eksperimentele metode nie, word dit opsy geskuif, al sou dit nie kon bestaan nie (Ryckman, 1982; Van der Merwe, 1977). Volledige ojektiewe beskrywings van die mens se reaksies word gegee, maar sonder enige dinamiese verband (Van der Merwe, 1977).

Cattel (1947) is van mening dat sielkunde homself in hierdie tyd begin losmaak het van filosofie, maar dat dit tog nog aan die filosofie verbind was.

### 2.2.7 19de EEU: DIE ROMANTIESE TYDPERK - DIE GEVOELMENS

Gevoel kry in die begin van die negentiende eeu die oorhand oor die rede, omrede die poging om die mens se gedrag verstandelik te begryp en te verklaar, misluk het. Die objektiewe ontledingsmetode skiet te kort wanneer dit by die subjektiewe ervaringslewe van die mens

kom. Verder is al die pogings om van die mens 'n dier met verstand en met stereotipe gedragsreaksies te maak, tevergeefs. Die mens se innerlike vryheid en eie reg tot keuses kom weer na vore, hetsy in die beheer van drange en begeertes óf in die beheer van sy emosies (Van der Merwe, 1977).

Op die politieke terrein breek 'n nuwe tydperk van rus en kalmte in Europa aan. Die Napoleontiese oorloë is verby en persoonlike verhoudinge tussen mense en introspektiewe ontleding van gedagtes en gevoelens is weer moontlik (Van der Merwe, 1977).

Möller (1980) is van mening dat alhoewel die geskiedenis van die sielkunde teruggevoer kan word tot die beskouinge van die ou Griekse filosowe (ongeveer 400 jaar v.C.) - die sielkunde as wetenskap eers teen die einde van die negentiende eeu begin het. Schultz (1975) is van mening dat die ware beginpunt van die sielkunde rofweg 'n eeu gelede was. Toe het die sielkunde 'n werklike onafhanklike dissipline geword met sy eie unieke metodes van ondersoek en teoretiese rasionaal. Du Toit en Van der Merwe (1976) is van mening dat teen die einde van die agtiende en begin van die negentiende eeu die sielkunde as wetenskap begin losraak het van die filosofie en dat dit toe al meer begin oorhel het na die eksperimentele natuurwetenskappe. Veral die klem op die studie van die fisiologie het hierin 'n bydrae gelewer (Möller, 1980). Louw (1982) stel die saak as volg: Die sielkunde kan beskryf word as 'n wetenskap met 'n lang verlede, maar 'n kort geskiedenis. Die mens het sedert sy ontstaan nog altyd belang gestel in gedrag, maar die wetenskaplike bestudering van gedrag is eers teen die einde van die negentiende eeu ontwikkel.

Die objektiewe natuurwetenskaplike metode het weer die oorhand gekry in die tweede helfte van die eeu en die tweede helfte word gekenmerk deur materialisme. 'n Steriele vyftig jaar van feite versameling volg tot Freud weer 'n dinamiese benadering begin bepleit (Van der Merwe, 1977).

2.2.8 20STE EEU: DIE MODERNE NATUURWETENSKAPLIKE EN GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING

Die snelle ontwikkeling op die gebied van die fisika en fisiologie teen die einde van die negentiende eeu en die eerste helfte van die twintigste eeu, maak opnuut die belangstelling van die mens in sy eie geesteslewe gaande (Van der Merwe, 1977).

Ernst Weber (1795 - 1878) (sensasies), Johannes Müller (vader van die eksperimentele sielkunde), Hermann von Holmholtz (1821 - 1894) (senu-impulsmeting), Bell, Donders (reaksietyd), Flourens (gedragsbeïnvloeding deur die brein), Hall (refleks), Bernard (homeostase) en Charles Darwin (1809 - 1882) (evolusieteorie) se bydraes asook die fisiologie (Du Toit & Van der Merwe, 1976; Louw, 1982; Möller, 1980) het daartoe bygedra dat beskouinge ten opsigte van die mens wat oor eeue heen gehandhaaf is, ongeldig bewys is. As gevolg van hierdie ontwikkeling in die natuurwetenskap het 'n behoefte aan 'n wetenskaplike ontleding van die mens se ervaringslewe ontstaan (Möller, 1980).

Op grond van eksperimentele gegewens ontstaan daar nou teorieë oor die gedrag van die mens (Van der Merwe, 1977).

Lefrancois (1980) is van mening dat sielkunde 'n produk van die laat

negentiende en twintigste eeu is, terwyl Van der Merwe (1977) van mening is dat daar eers in die begin van die twintigste eeu werklik vordering gemaak is met die sielkundige ontleding van bewussynsfunksies en persoonlike probleme.

### 2.2.9 SAMEVATTING VAN DIE TYDPERK TOT VOOR DIE SKOLE

Die tydperk tot voor die skole is dus gekenmerk deur die voortdurende swaai van die pendulum tussen die gevoel en rede van die mens. Mettertyd het die behoefte ook ontstaan om 'n eie ondersoekwyse vir die sielkunde te ontwikkel; eerstens om weg te beweeg van die "vae" filosofiese metodes, en tweedens om deur so 'n metode sielkunde op 'n gelyke voet met die natuurwetenskap te plaas. Aan die einde van die negentiende eeu en die begin van die twintigste eeu het die sielkunde ditself as 'n eie volwaardige terrein begin vestig. Die sielkunde was nou in 'n posisie om eie teorie te begin ontwikkel en moes ook eie teorie lewer om sy bestaan te regverdig. Dus was die klimaat gereed vir teorie-ontwikkeling.

## 2.3 DIE TYDPERK VAN DIE SKOLE

Wanneer die waarnemings en bewyse min is en nuwe metodes nog ontwikkel word, kan periodes van "-ismes" verwag word. Sulke periodes word gekenmerk deur verskillende sienswyses en elkeen van dié sienswyses word met groot toewyding aangebied en bekend gestel (Morgan, 1961). Sielkunde het ook so 'n stadia in sy ontwikkeling deurgemaak naamlik die tydperk van die skole.

Die ontwikkeling van die sielkunde sedert 1879 word gekenmerk deur

die totstandkoming van sulke sterk, georganiseerde sielkundige skole. 'n Skool het bestaan uit 'n groep sielkundiges wat 'n gemeenskaplike standpunt oor menslike gedrag en navorsingsmetodes gehuldig het. Vandag bestaan daar slegs kwynende oorblyfsels van die ou skole, maar hulle idees en invloede speel steeds 'n rol in die hedendaagse sielkunde (Louw, 1982).

Die skole wat in hierdie werk vermeld word, is

strukturalisme
funksionalisme
behaviorisme
gestaltsielkunde
psigoanalise

Eerstens dan meer oor die strukturalisme

## 2.3.1 STRUKTURALISME

Wilhelm Wundt (1832 - 1920) 'n Duitse filosoof en medikus stig in 1879 die eerste sielkundige (eksperimentele) laboratorium aan die universiteit van Leipzig in Duitsland. Die stigting van hierdie laboratorium kan beskoü word as die vertrekpunt van die moderne wetenskaplike sielkunde (Du Toit & Van der Merwe, 1976; Lefrancois, 1980; Louw, 1982; Ryckman, 1982). So groepeer die eerste groep persone, wat as wetenskaplike sielkundiges beskou kan word, hulself in Duitsland rondom die pionier Wilhelm Wundt (Darley, Glucksberg, Kamin & Kinchla, 1984).

Volgens Phares (1979) is die eerste professoraat in die sielkunde dan ook in 1888 aan James Mcheen Cattel toegeken.

Die strukturalisme groei volgens Louw (1982) uit die idees van Wundt en dus is dit te verwagte dat Wundt se volgelinge hulself in die skool van die strukturalisme groepeer (Möller, 1980). Die skool gee aanleiding tot 'n nuwe metode naamlik die eksperimentele opset en alle komplekse aspekte word in komponente geanaliseer (Morgan, 1961). Enige aspek word in sy kleinste element of struktuur opgebreek en hierdie elemente word dan as fundamentele boustene beskou en ondersoek (Louw, 1982).

Inteenstelling met die begrip siel van die filosofie wat as te vaag beskou is, definieer hulle die studieveld van die sielkunde nou as die bewussyn. Om egter aan die sielkunde 'n wetenskaplike karakter te gee, word die bewussynservarings met behulp van die natuurwetenskap-likeondersoekmetode van analise-sintese bestudeer (Louw, 1982; Moller, 1980).

In die algemeen is daar nie veel aandag gegee aan die meet van individuele verskille nie; die doel was eintlik om veralgemeende beskrywings van menslike gedrag te formuleer en dus is individuele verskille geïgnoreer. Die feit dat een individu verskillend reageer van 'n ander as beide waargeneem word onder identiese omstandighede is as 'n vorm van 'n fout beskou (Anastasie, 1982). Wundt formuleer dan ook 'n assosiasieteorie om die eenheidskenmerk van die bewussynslewe te verklaar (Du Toit & Van der Merwe, 1976).

Die bewussynslewe van die mens word deur middel van 'n proses van selfwaarneming of introspeksie ondersoek en ontleed (Darley, et al., 1984; Du Toit & Van der Merwe, 1976; Louw, 1982; McKeachie & Doyle, 1970; Möller, 1980; Van der Merwe, 1977). Dit kom daarop neer dat elke mens sy eie subjektiewe waarnemings, gevoelens en gedagtes op 'n objektiewe wyse ontleed en hul ervarings op 'n verbale wyse beskryf (Louw,

1982; Van der Merwe, 1977).

Die kritiek wat die strukturalisme ontlok het, was hoofsaaklik daarin gesetel dat die metode van introspeksie as te subjektief van aard was om betroubaar te wees (Louw, 1982).

## 2.3.2 FUNKSIONALISME

Vir sekere sielkundiges in hierdie tyd was die studie van die bewussyn nog te subjektief en 'n tweede skool naamlik die funksionalisme kom tot stand. Die skool ontwikkel in Amerika onder leiding van sielkundiges soos William James (1842 - 1910), John Dewey (1859 - 1952), Angell (1869 - 1949), Carr en ander as reaksie teen die strukturalisme en met die doel om die sielkunde in 'n nog meer objektiewe rigting te lei (Louw, 1982; Möller, 1980).

In teenstelling met die strukturaliste wat geïnteresseerd is in die elemente waaruit die bewussynsprosesse opgebou is (met ander woorde die "wat"), konsentreer die funksionaliste op die funksie en funksionering van die bewussynsprosesse (met ander woorde die "hoe" en "waarom"). Die strukturalisme blyk dus te eng te wees vir die funksionalis aangesien dit beperk was net tot verslae van wat 'n persoon ervaar. Verder stem hulle nie saam dat die bewyssyn voorgestel kan word as bestaande uit 'n aantal elementêre sensasies nie. In reaksie teen die siening bestudeer James en Dewey die funksionering van gedrag en bewussynsprosesse en nie bloot net die strukture daarvan nie (Morgan, 1961). Klem word dus gelê op uiterlike waarneembare gedrag (Louw, 1982).

Introspeksie as metode van ondersoek word nie vervang nie, maar met meer objektiewe metodes aangevul soos byvoorbeeld noukeurige waarneming,

die gebruik van kontrolegroepe, laboratoriumeksperimente onder gekontroleerde omstandighede, en so meer (Möller, 1980). Die eksperimentele metode word dus uitgebrei om introspeksie en die waarneming van gedrag in te sluit (Morgan, 1961).

Funksionalisme is dus tweeledig van aard naamlik

- die studie van die totale gedrag en die individuele ervaring daarvan asook
- 'n belangstelling in die funksie van die aktiwiteite waarin 'n individu betrokke is (Morgan, 1961).

Deur die funksionalisme het die sielkunde as wetenskap 'n groot stap vorentoe gegee (Louw, 1982).

### 2.3.3 BEHAVIORISME

In die Verenigde State het 'n revolusie in die eksperimentele sielkunde in die vroeë twintigste eeu plaasgevind (Darley, et al., 1984). Dié ontwikkeling na groter objektiwiteit het sy toppunt, teen ongeveer 1913, in die behaviorisme onder leiding van John Watson bereik (1878 - 1958) (Darley, et al., 1984; Louw, 1982; Möller, 1980; Suinn, 1975). Die grondslag van die behaviorisme is in 1913 gelê met die verskyning van 'n artikel van Watson met die titel - "Psychology as the behaviorist views it" (Möller, 1980).

Die behaviorisme ontstaan in reaksie op die strukturalisme en die funksionalisme. Die introspektiewe metode van Wundt het sekere tekortkominge gehad en het ook besware uitgelok van die meer biologiese georiënteerde wetenskaplikes soos byvoorbeeld Watson. Watson se standpunt was dat sielkunde net die waarneembare gedrag moet bestudeer

(Du Toit & Van der Merwe, 1976); McKeachie & Doyle, 1970; Morgan, 1961) en dat die bewussynsprosesse of geestesfunksies geheel en al buite rekening gelaat moet word (Du Toit & Van der Merwe, 1976). Watson, as groot kampvegter vir die sielkunde as suiwer objektiewe wetenskap, rebelleer dus teen die filosofiese inslag van die destydse sielkunde. Hy beskuldig Wundt en sy tydgenote daarvan dat hulle die begrip siel van die filosofie net met 'n ander vae en niksseggende term naamlik bewussyn vervang het. Darley, et al. (1984) meld dat dit vir Watson voorgekom het asof die vroeër sielkundiges gepoog het om iets te bestudeer wat te vaag en subjektief was - dalk selfs te onwerklik - om 'n behoorlike onderwerp vir wetenskaplike studie te wees. Vir sielkunde om 'n ware objektiewe wetenskap te word, volgens Watson, moet dit eerder konsentreer op 'n bepaalde onderwerp wat direk deur alle geïnteresseerde ondersoekers waargeneem kan word (Darley, et al., 1984; Louw, 1982). Die bewussyn, bewussynslewe, bewussynsprosesse en die onbewuste moet gelaat word omdat dit te subjektief is en nie objektief bestudeer kan word nie en die klem moet eerder na die studie van waargenome gedrag onder gekontroleerde eksperimentele omstandighede skuif, as al eenheid van studie (Louw, 1982; Möller, 1980; Suinn, 1975; Van der Merwe, 1977). Watson se benadering tot sielkunde met die klem op waarneembare gedrag, word mettertyd bekend as behaviorisme (McKeachie & Doyle, 1970).

Die behavioriste ontken nie die bestaan van en belangrikheid van die bewussynsprosesse nie, maar beklemtoon net die metodalogiese eenvoud van die bestudering van waargenome gedrag (Darley, et al., 1984).

Gedrag is die blote reaksie op 'n omgewingsprikkel ('n refleks) en die reaksie kan weer herlei word tot spier- of klieraktiwiteit (Louw,

1982; Möller, 1980). Die bewussynsfunksies wat intern ervaar word en dus nie eksperimenteel waarneembaar, gemeet en gemanipuleer kan word nie, kan nie deel uitmaak van sielkunde as sielkunde 'n wetenskap wil wees nie (McKeachie & Doyle, 1970; Möller, 1980). Gevolglik bestudeer behavioriste die verhouding tussen stimuli en respons in plaas van gedagte-analise (McKeachie & Doyle, 1970). Dus is net die eksterne prikkel en die mens se reaksie daarop van belang. Wat binne die mens gebeur nadat die prikkel ontvang is, is te subjektief en kan nie as van wetenskaplike waarde beskou word nie (Möller, 1980). Gevolglik val die klem op die omgewing, aangesien alle gedrag volgens dié siening ontwikkel as gevolg van kondisionering of leer vanuit die omgewing. Oorerwing speel dus geen rol nie (Louw, 1982; Möller, 1980).

Met so 'n siening van die mens is daar geen ruimte vir introspeksie nie (Möller, 1980; Morgan, 1961; Van der Merwe, 1977). Objektiewe waarneming is die enigste norm. Daar word sterk gesteun op diere-eksperimente en onder die invloed van die evolusieleer van Darwin word 'n gedragskontinuïteit tussen mens en dier veronderstel (Möller, 1980). Die mens word dus bloot anatomies en fisiologies bestudeer en wat nie hiervolgens verklaar kan word nie, word as instink beskryf (Van der Merwe, 1977).

Die behavioristiese rigting val dus terug op die materialistiese uitgangspunt van die agtiende eeu. Die mens word gelyk gestel aan die dier en sy totale gedrag word verklaar in terme van die funksies van die brein en sentrale senuweestelsel (Du Toit & Van der Merwe, 1976).

Morgan (1961) wys op die volgende kenmerke van die behaviorisme

- Dit verwerp introspeksie as ondersoekmetode
- Sielkundige eksperimente bestaan slegs uit die studie van gedrag
- Klem word gelê op gekondisioneerde reflekse aangesien die mens se gedrag gesien word as saamgestel uit 'n aantal gekondisioneerde reflekse
- Klem word gelê op aangeleerde gedrag terwyl instink of aangebore aspekte ontken word.
- Klem word gelê op diere se gedrag en omdat daar geen verskil tussen die mens en die dier se gedrag is nie, word heelwat uit diere-eksperimente afgelei, veral omdat dit makliker is om met diere te eksperimenteer.

Tot ongeveer 1950 het die meerderheid van die Amerikaanse sielkundiges ooreengestem dat sielkunde die wetenskap van gedrag is (Darley, et al., 1984).

Teen hierdie biologiese en meganistiese teorie van gedrag het baie sielkundiges in opstand gekom. Dit word beskou as 'n oorvereenvoudiging van die probleem. Die mens word eerder gesien as 'n selfbewuste wese wat wilsbesluite neem en uitvoer en wat uit vrye keuse 'n goeie of slegte lewe kan lei. In sy willekeurige gedrag speel kwalitatiewe waardes - sosiaal, etiese en religieuse waardes - 'n baie groter rol as die blote fisiologiese behoeftes en drange (Van der Merwe, 1977).

In hierdie tyd het daar ook ander skole ontstaan waarvan die gestalt en psigoanalise die belangrikste is.

### 2.3.4 GESTALTSIELKUNDE

Max Wertheimer (1880 - 1943) was die stigter van hierdie skool. Hy het vanuit Duitsland na die Verenigde State van Amerika geïmmigreer voor die Tweede Wêreldoorlog (Darley, et al., 1984). Behalwe Wertheimer was Wolfgang Köhler (1887 - 1967) en Kurt Koffka (1886 - 1941) ook aktief betrokke by hierdie skool (Crow & Crow, 1954; Hall & Lindzey, 1978; Louw, 1982; Meyer, et al., 1967; Möller, 1980).

Die gestaltsielkunde het in Duitsland as reaksie teen veral die strukturalisme in die begin van hierdie eeu ontstaan en ongeveer in dieselfde tyd het die behaviorisme in die VSA begin opgang maak volgens Louw (1982) en Möller (1980).

Gestaltsielkunde het dit veral teen die atomiese aard, die miskenning van die perseptuele prosesse (Darley, et al., 1984; Morgan, 1961) asook die ontleding van bewussyn in elemente en beklemtoon daarteen die totaliteit van gedrag (Louw, 1982; Möller, 1980). Klem word dus gelê op die onmoontlikheid daarvan om komplekse psigiese prosesse te probeer verstaan deur dit in hulle basiese komponente te ontleed soos wat die strukturalisme wel probeer doen het. Gestalt staan dus eerder wedersydse beïnvloeding, of die feit dat 'n aspek deur ander aspekte beïnvloed kan word, voor (Morgan, 1961). Gevolglik sal geen stimilus konstante betekenis hê nie, aangesien die betekenis afhanklik is van die omringende gebeure (Louw, 1982). Verder is die gestaltsielkunde die mening toegedaan dat baie vorme van sielkundige aspekte nie aangeleer is nie, maar eerder aangebore is (Darley, et al., 1984).

Die term gestalt dui op die geheel of totaliteit van waarneming. Die gestaltsielkundiges huldig, gepaardgaande met hierdie siening,

die mening dat die sielkundiges geheel meer is as die som totaal van al die dele (Darley, et al., 1984; Louw, 1982; Möller, 1980). Hierdie gedagte het ook neerslag gevind in die sisteemteorie.

Die gestaltsielkunde net soos die strukturalisme is grootliks beïnvloed deur konsepte wat uit die fisika ontwikkel het. Alhoewel die struktura-liste gebruik gemaak het van aangeleerde introspeksie, glo die gestalt-sielkundige egter in 'n naïewe introspeksie. Hierdie metode van intro-speksie word fenomenologie genoem (Morgan, 1961). Die fenomenologiese metode behels die studie van verskynsels soos dit deur die individu ervaar word sonder om die oorsaak en samestelling van die bewuste belewenis te ondersoek (Louw, 1982). Dus word die ervaring van 'n waarnemer bestudeer (Morgan, 1961) en word fenomenologie toegepas as 'n metode om sielkundige verskynsels soos waarneming, leer, geheue, denke, gevoel en so meer te analiseer (Hall & Lindzey, 1978). Uit die aard van hulle benadering is die gestaltsielkundiges emperies wetenskaplikes of veldteoretici (Morgan, 1961).

## 2.3.5 PSIGOANALISE

Dié skool is onafskeidbaar verbonde aan die naam van sy stigter Sigmund Freud (1858 - 1939) (Möller, 1980; Morgan, 1961). Dit het as reaksie teen destydse geneeskunde, wat slegs op die liggaamlike siekte gekonsen-treer het sonder om ag te slaan op die geestestoestand van die pasiënt, ontwikkel (Möller, 1980). Die psigoanalise het dus nie as 'n direkte teenreaksie op een van die heersende sielkundige skole ontstaan nie (Louw, 1982).

Josef Breuer het in die vroeë 1880 'n jong histeriese pasiënt behandel. Hy bespreek die geval met Freud wat baie geïnteresseerd daarin geraak

het. Hierdie situasie kan gesien word as die aanvangspunt van die psigoanalise (Phares, 1979). Freud het die psigoanalitiese teorie aanvanklik ontwikkel om die dikwels bizarre gedrag van neurotiese pasiënte te verklaar (Darley, et al., 1984) en om as terapeutiese metode vir behandeling van mense met psigiese probleme te dien. Dit het egter later tot 'n selfstandige teorie ontwikkel en as sulks sterk invloed uitgeoefen op die ontwikkelende sielkunde (Möller, 1980).

Aangesien die psigoanalise vanuit die mediese praktyk ontwikkel het en dus los van die akademiese klimaat (Möller, 1980; Morgan, 1961) en voorafgaande laboratorium ontwikkelinge in die sielkunde was, was Freud, as buitestaander in die sielkunde, nie vertroud met al die sielkundige metodes nie. Hy was hoofsaaklik aangewese op kliniese waarneming (Louw, 1982; Möller, 1980) op grond waarvan hy dan hipoteses gestel het wat hy in sy gesprekke met en behandeling van sy pasiënte getoets het (Morgan, 1961). Die psigoanalise het dus primêr gebruik gemaak van gevallestudiemetode om menslike gedrag te bestudeer. Om die oorsaak van die pasiënt se probleme vas te stel, maak Freud gebruik van vrye assosiasie (Louw, 1982; Morgan, 1961; Suinn, 1975).

Op grond van ontleding van die histeriese pasiënt se gedrag, kom Freud tot die gevolgtrekking dat 'n mens nie net oor 'n bewuste geesteslewe beskik nie, maar ook 'n onbewuste wat die mens se gedrag eintlik bepaal, meestal sonder dat die mens dit weet (Van der Merwe, 1977). Freud, as medikus, glo dat alle gebeure (gedrag) na 'n spesifieke oorsprong teruggevoer kan word (Möller, 1980; Suinn, 1975).

Dus volgens Freud het abnormale en normale gedrag altyd 'n oorsaak en die oorsaak moet eers opgespoor word alvorens enige hulp verleen kan word. Die oorsaak van gedrag word hoofsaaklik as onbewustelik

van aard beskou (Darley, et al., 1984; Du Toit & Van der Merwe, 1976; Louw, 1982; Möller, 1980), en die onbewuste word as van veel meer waarde gereken in die verstaan van die mens as die bewuste ervarings (Du Toit & Van der Merwe, 1976; Möller, 1980).

Die onbewuste word gevorm uit alle onderdrukte inhoude soos vorige ervarings wat al vergeet is en biologiese instinkte (Möller, 1980) impulse en wense (Darley, et al., 1984). Volgens Freud kan alle simptome en gedrag verklaar word in terme van sterk verstandelike kragte waarvan die pasiënte totaal onbewus is (Darley, et al., 1984). Dus beklemtoon Freud die mens en sy subjektiewe ervaringslewe, biologiese instinkte en die onbewuste motivering van persoonlikheid (Möller, 1980). Freud het geglo dat insig in probleme die vernaamste vereiste is om die probleme op te los (Louw, 1982).

Volgens Freud verbeel die mens hom dat hy 'n vrye wilkeuse het en dat hy besluite kan neem en uitvoer. Eintlik is hy maar net soos alle ander diere en word sy gedrag deur instinkte bepaal of gedetermineer (Du Toit & Van der Merwe, 1976; Van der Merwe, 1977). Dus is die mens magteloos teen sy natuur. Die sterkste van al die instinkte of onbewuste dryfkragte is die seksdrang of seksinstink waarop die sosiale samelewing allerlei beperkings lê. Die beperkings veroorsaak dat die mens nie kan uitleef nie. Hy onderdruk die drange en dit gee aanleiding tot konflikte, spanning en onbewuste komplekse wat op allerlei maniere tot uiting kom in sogenaamde aanpassingsmeganismes. Mettertyd bevredig die aanpassings ook nie meer die persoon se drange nie (Van der Merwe, 1977).

Freud kon nooit enige van sy aannames eksperimenteel bewys nie (Van

der Merwe, 1977). Aangesien die onbewuste die bepaler van die gedrag was, kon introspeksie nie as metode gebruik word nie (McKeachie & Doyle, 1970). Freud het op grond van wat sy pasiënte hom vertel het oor hulle gevoelens, vorige ervarings en so meer tydens psigoanalise, sy eie subjektiewe interpretasies gemaak wat nie altyd op eksperimenteel gegronde bewyse berus het nie (Möller, 1980). Hierdie waarnemingsmetode het dit self dus nie geleen tot eksperimentele toetsing nie. Ongeag die subjektiewe en onkontroleerbare metodes het die psigoanalise 'n geweldige invloed op die sielkunde gehad (Louw, 1982).

Die Neo-Freudiaanse skool wat gebreek het met die tradisionele sieninge van Freud is mettertyd gevorm. Klem is deur hulle gelê op die sosiologiese faktore en 'n basiese geloof in die positiewe kenmerke van die mens (Suinn, 1975). Psigoanalise was so 'n dominante krag dat toe Carl Rogers sy kliëntegesentreerde terapie in 1951 gepubliseer het, dit die eerste hoof alternatief teenoor psigoanalitiese terapie was wat tot op daardie stadium verskyn het (Phares, 1979).

2.3.6 SAMEVATTING VAN DIE SKOLE

Die vorige vyf skole wat bespreek is, het 'n belangrike rol in die ontwikkeling van moderne sielkunde gespeel. Elkeen het klem gelê op 'n ander aspek van die sielkunde of het van 'n ander metode gebruik gemaak. Nie een was totaal reg of verkeerd nie, maar elkeen het eerder 'n bydrae tot die ontwikkeling van die sielkunde gelewer (Morgan, 1961). Hierdie vyf skole het die historiese basis van die moderne sielkunde gevorm. Op grond van en in reaksie op die uitgangspunte van die skole het nuwe denkrigtings in die moderne sielkunde ontwikkel (Louw, 1982).

In retrospek kan nou gesien word dat die periode van die skole 'n normale

ontwikkelingsfase in die totale ontwikkeling van sielkundige denke was. Die intensiteit van die debatte tussen die verskeie skole het teen 1920 'n hoogtepunt bereik. Teen ongeveer 1930 het die twis begin bedaar as gevolg van die feit dat die skole gekwyn het, hoofsaaklik as gevolg van die dood of onttrekking van die leiers van die skole uit aktiewe en openlike debatvoering. Verder het daar verskille in die geledere van die skole self ontstaan en hierdeur is hulle solidariteit verswak. (Schultz, 1975).

## 2.4 DIE TYDPERK NA DIE SKOLE

'n Nuwe reaksie het in die dertigerjare van die twintigste eeu begin posvat. Veral die vertwyfeling wat deur die oorlog voorgebring is, het gelei tot 'n nuwe bewuswording van die mens se subjektiewe ervaringslewe, sy waardes, doelstellings, wilskeuse en so meer. Die individu en sy uniekheid is beklemtoon en introspeksie het weer op die voorgrond getree (Möller, 1980). Die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog het die mens teruggegooi op homself op 'n tydstip toe hy erg onvoorbereid daarop was. Die gevolg hiervan was 'n hernieude belangstelling in die mens (Meyer, et al., 1967).

Voorbeelde van hierdie nuwe denkrigting is die fenomenologiese, eksistensieële en humanistiese benaderings. As gevolg van die gemeenskaplike aspekte in die ontwikkelingsproses van die drie denkrigtings en die klem wat dit op die subjektiewe ervaring van die mens plaas, is dit nie altyd moontlik om die denkrigtings uitmekaar te hou nie (Hall & Lindzey, 1978; Möller, 1980).

Die fenomenologiese benadering sal eerste bespreek word en daarna die eksistensiële en humanistiese benaderings.

## 2.4.1 FENOMENOLOGIESE BENADERING

Vir die doel van hierdie werk sal daar eerstens aandag gegee word aan die ontstaan en ontwikkeling van die fenomenologiese benadering en daarna aan die siening van hierdie benadering.

### (a) Ontstaan en ontwikkeling van die fenomenologiese benadering

Sedert Descartes (1596 - 1650) het die skeiding tussen siel en liggaam, tussen mens en wêreld, tussen subjek en objek, die Westerse denke oorheers. Die fenomenologiese sielkunde het as reaksie op hierdie empiriese metode, wat berus het op die onderskeid tussen subjek en objek, ontwikkel (Duijker, Polland & Vuijk, 1966; Meyer, et al., 1967).

Edmund Husserl (1859 - 1938), 'n Duitse filosoof, word allerweë beskou as die grondlegger van die fenomenologie (Corsini & Marsella, 1983; Duijker, et al., 1966; Hall & Lindzey, 1978; Kouwer & Linschote, 1965; Wann, 1969). Die fenomenologie het dus ook uit die filosofie ontwikkel (Wann, 1969; Möller, 1980).

Na Franz von Brentono se werk in 1874 ('n eerste poging in die rigting van 'n fenomenologiese sielkunde) en Carl Stumpf, die grondlegger van die eksperimentele fenomenologie, se werk van 1883 verskyn het, het veral na 1920, 'n stroom geskrifte in verband met fenomenologie oor die hele Europa verskyn (Meyer, et al., 1967).

Alhoewel fenomenologie sy ontstaan in Europa gehad het en die meeste oorspronklike werke ook aldaar aangetref word, het dit mettertyd in

Amerika bekend geword. Soos in Europa het die fenomenologiese metode die maklikste toegang tot die sielkunde deur die psigoterapie en psigiatrie gevind (Meyer, et al., 1967).

Die invloed van die fenomenologie kom in die werke en sieninge van onder andere Edmund Husserl, Martin Heidegger, Erwin Straus, Ludwig Binswanger, Medard Boss, R.D. Laing, Rallo May, Gordon Allport, Carl Rogers en J.H. Van den Berg (Gouws, et al., 1979; Hall & Lindzey, 1978; Krech, Crutchfield & Livson, 1974; Möller, 1980; Meyer, et al., 1967) na vore.

(b) Siening van die fenomenologiese benadering

Die kerngedagtes van die fenomenologie kom tot uiting in die begrip "phenomenon" wat letterlik vertaal kan word as die kennis van die verskynsel (Möller, 1980). Muller (Meyer, et al., 1967) wys egter daarop dat dié fenomeen, waar dit vir die fenomenologie aangaan, totaal verskillend is van die begrip fenomeen wat deur die natuurwetenskaplikes gebruik word. Die fenomenoloë rig hulle juis teen die wetenskapsvertekening soos aangetref in die scientisme en teen die empiristiese wysgerige sisteem waaraan dit gewoonlik onderliggend is.

Vir die behavioriste is sielkunde die wetenskap van menslike en dierlike gedrag. Die behavioristiese definisie van gedrag naamlik die waarneembare en derhalwe registreerbare beweging van 'n organisme, skakel 'n reeks aspekte van die psige, soos byvoorbeeld gevoelens, begeertes, drome ensovoorts, in beginsel uit. Die behavioris poog dan ook om voorspellings ten opsigte van toekomstige gedrag vanuit die verlede te maak.

Die fenomenologiese benadering hierinteen wil die oorspronklike pre-refleksiewe ontmoeting tussen mens en wêreld weer eens duidelik na vore bring. Die siening behels dus dat die mens nie los gedink kan word van die wêreld waarin hy leef nie en dat die wêreld deur die mens geskep of gekonstitueer word en dus die sogenaamde objektiewe wêreld vervang deur 'n betekenisvolle wêreld (Meyer, et al., 1967).

Die agtergrond waarteen die individu reageer (dus ook sy werklikheid) bestaan vir die fenomenoloog dus uit hoe die mens sy wêreld subjektief ervaar en hierin is sy uniekheid geleë. Deur die mens empiries in terme van wetmatighede te ontleed, gaan feite soos sy ervarings, verhoudings en sienings van homself verlore. Die fenomenologie stel gevolglik die vraag of die sielkunde 'n ware beeld kry van die individu - van die mens soos hy werklik is - as die nomatetiese benadering gevolg word (Möller, 1980).

Fenomenologie verwerp die objektiwisme en die klem op die objektivering van die rede van die mens in sy gedrag. Dus probeer dit aantoon dat die benaderingswyse van die naturalisme of positivisme verkeerd is deurdat die fout nie deur gegewe feite geïmpliseer word nie, maar die konsekwensie van 'n onverantwoordbare metafisiese beskouing is. Fenomenologie wil nie die feite van die vakwetenskaplike in twyfel trek nie, maar dit distansieer ditself egter van hierdie feitlikhede en vra watter standpunt, houding of instelling deur die bepaalde feite geïmpliseer word (Meyer, et al., 1967).

Fenomenologie moet nie as 'n nuwe, aparte wetenskap gesien word nie. Dit is dus beter om te praat van 'n fenomenologiese houding of benadering.

Die fenomenologie is verder nie slegs nog 'n skool in die sielkunde nie, maar eerder 'n nuwe benaderingswyse wat as universele, saambindende faktor van die skole kan dien (Meyer, et al., 1967). Macleod (Wann, 1969) is van mening dat sielkundige fenomenologie nie sielkunde is nie, maar eerder 'n voorbereiding na 'n wetenskap van sielkunde. Die woord fenomenologie omskryf nie 'n spesifieke rigting nie, maar dui 'n saak binne sy sistemiese verband aan en kan beskou word as die sleutel tot die geesteswetenskappe soos wat wiskunde die sleutel tot die natuurwetenskappe is.

Hierin lê dan ook een van die belangrikste bydraes van die benadering naamlik dat die bestudering van die sielkunde nie bloot net die memorisering van die ontdekkings van ander is nie, maar die aankweek van 'n benaderingswyse waardeur elke sielkundige opnuut en op kreatiewe wyse die fenomene self kan laat spreek (Meyer, et al., 1967).

Dit gaan vir die fenomenoloog om die verhouding tussen die mens se objektiewe wêreld en sy bewussynservaring daarvan (Möller, 1980). Muller (Meyer, et al., 1967) wys daarop dat die fenomenologie klem lê op die eenheid van die innerlike ervaringswêreld en dat die grondslag van die benadering die eenheid van die wedersydse implikasie van subjek en wêreld is, soveel so dat dit onmoontlik is om aan subjek en wêreld as losstaande van mekaar te dink. Die klem word gelê op die mens se onmiddellike ervaring en die individu se gedrag en ervaring word dus begryp binne die raamwerk van sy eie beleweniswyse (Gouws, et al., 1979). Wat waargeneem word, is dus gebonde aan die bepaalde standpunt wat die waarnemer inneem; dit wil sê die waarneming geskied slegs deur 'n oneindige reeks houdings, standpunte, ensovoorts. Die voorwerp verskyn dus nie as samebundeling van prikkels nie, maar as

'n gegewe betekenis (Meyer, et al., 1967). Gevolglik is die data waarmee die fenomenologie werk, die subjektiewe ervaring van die mens (Möller, 1980; Wann, 1969). Daar word ook nie deur die fenomenoloog onderskei tussen primêre en sekondêre data nie (Wann, 1969).

Meyer (Meyer, et al., 1967) is van mening dat die fenomenologie met 'n mensbegrip kom waarin bepaalde beskouings oor die aard van menslike gedrag geïmpliseer is. Die mens is van nature nie tot homself gerig nie, maar na die wêreld gerig met ore, oë, neus en so meer. Die mens is nie op sigself 'n geïsoleerde geslote subjek nie, maar leef uit na ander mense en dinge. Wanneer die persoon iets waarneem is sy aandag by die voorwerp en nie by homself nie. Die fenomenologie sien die mens dus as aktief, deelnemende en in omgang en verkeer met sy medemens. Die mens staan dus in 'n verhouding tot die wêreld.

Die fenomenologiese sielkunde sien die mens se bestaan as 'n etiese bestaan waarin die mens waardes stig en verwerklik of poog om dit te verwerklik. Die mens is dus gedurig besig om te kies; wat hom vir sy lewensgeskiedenis verantwoordelik maak. So 'n verantwoordelikheid is alleen moontlik op grond van die menslike vryheid (Duijker, et al., 1966; Meyer, et al., 1967). Hieruit blyk twee baie belangrike aspekte naamlik vryheid en verantwoordelikheid. Die verantwoordelikheidsaspek is 'n later toevoeging tot die fenomenologie. Vroeër is net die vryheidsaspek vermeld.

Die mens staan in 'n verhouding tot die wêreld soos reeds aangetoon is, maar die persoon kan self die verhouding bepaal. Die mens kan dus gesien word as 'n "in-situasie-wese" en sy gedrag kan dan beskryf word in terme van die situasie waarin hy verkeer. Verder kan die

gedrag en situasie slegs bepaal word in hulle betrokkenheid by mekaar. Met situasie word die sielkundesituasie bedoel en nie die objektiewe situasie nie. Om dus iemand te leer ken, moet sy gedrag in verhouding tot die dinge en die mense uit sy wêreld bestudeer word. Die fenomenologie poog dus om die mens in sy wêreld te begryp (Duijker, et al., 1966).

Die fenomenoloog is primêr geïnteresseer in die betekenis wat die mens se ervaring van die werklikheid van sy wêreld en verhouding vir hom het. Dit gaan dus om die innerlike van die mens in teenstelling met die nomotetiese benadering (waarin die uniekheid nie geleer ken kan word slegs op 'n verklaring van meganismes en trekke, wat berus op veralgemenings wat vir 'n groep geld, gekonsentreer word nie) (Möller, 1980).

Beide algemene en ekspert introspeksie deug nie vir die fenomenoloog nie (Bolton, 1979). Alhoewel introspeksie (die metode van die vroeë eksperimentele sielkunde) nie ver verwyder is van die fenomenologiese waarneming en beskrywing nie, herlei introspeksie ervarings na 'n aantal bewustelike elemente en reduseer dit betekenis na elemente (Hall & Lindzey, 1978; Wann, 1969). Die verskil tussen introspeksie en die fenomenologiese uitgangspunt lê dus daarin dat introspeksie die element van die ervaring probeer ondersoek terwyl die fenomenologiese benadering juis teen sodanige analitiese metode gekant is (Louw, 1982).

### 2.4.2 EKSISTENSIëLE BENADERING

In die bespreking van hierdie benadering gaan eerstens aandag gegee word aan die ontstaan en ontwikkeling van die eksistensiële benadering

en daarna aan die siening wat die eksistensiële benadering huldig.

(a) Die ontstaan en ontwikkeling van die eksistensiële benadering.

Die eerste driekwart van die twintigste eeu het op dreigende wyse ontvou. Groter en meer destruktiewe oorloë, die toename in tegnologiese verskynsels wat 'n afname op die klem van humanistiese ondernemings gehad het, en korrupsie in sosiale instellings wat eens as onaantasbaar beskou is, het die geloof in tradisionele, familiale en godsdienstige waardes geskud (Corsini & Marsella, 1983).

Die mens het al meer die sosiale instellings begin bevraagteken en het intern begin soek na hulleself as basis. Hierdie "dilemma van bestaan" was 'n vrugbare grondslag vir die eksistensiële filosofie en die ontwikkeling daarvan in die persoonlikheidsteorieë en psigoterapeutiese praktyk (Corsini & Marsella, 1983). So het dan, in die jare direk na die einde van die Tweede Wêreldoorlog, die eksistensialisme in Europa verrys en vinnig versprei na die Verenigde State van Amerika (Hall & Lindzey, 1978).

Jean Paul Sartre en Albert Camus was die segsmanne vir dié beweging (Hall & Lindzey, 1978). Ander name wat met die benadering geassosieer word, is Martin Heidegger, Karl Jaspers, Ludwig Binswanger, Medard Boss, Rollo May, Adrian van Kaam, James Bugental, R.D. Laing, Eugene Gendlin, Salvatore Maddi, Viktor Frankl, G.W. Allport, Angyal, Fromm, Goldstein, Lewin, Carl Rogers, G. Kelly en Abraham Maslow (Brammer & Shostrom, 1960; Bühler & Duijker, 1962; Gouws, et al., 1979; Hall & Lindzey, 1978; Hjelle & Ziegler, 1976; Möller, 1980; Corsini & Marsella, 1983).

Die eksistensiële sielkunde sluit eintlik die fenomenologie in (Hall & Lindzey, 1978; Möller, 1980; Corsini & Marsella, 1983) sodat die onderskeiding tussen die twee benaderings dikwels kunsmatig en arbitrêr is. Gevolglik is dit nie vreemd dat van die persone wat in die bespreking van die fenomenologiese benadering vermeld is ook in die eksistensiële benadering aangetref word nie. So byvoorbeeld was Binswanger in die vroeë twintigerjare van hierdie eeu van die eerste voorstanders van die toepassing van fenomenologie in psigiatrie. Tien jaar later is hy as 'n eksistensiële-analis beskou (Hall & Lindzey, 1978).

Die spesifieke sielkundige toepassing van die siening van die eksistensiële benadering in verband met die menslike natuur (wat oorspronklik in die filosofie en Soren Kierkegaard, Martin Heidegger, Jean Paul Sartre, William James, Karl Jaspers en Paul Tillich voorgekom het) het 'n aanvang geneem met die werk van die Switser, Ludwig Binswanger. Binswanger het teen die meganistiese sielkundige benadering, onveranderbare biologie (instinkte) en sosiale kragte wat Freud voorgestaan het, in opstand gekom (Corsini & Marsella, 1983). Volgens Heyns (1974) is die eksistensiële benadering dus ontwikkel as reaksie teen positivisme en idealisme.

Binswanger kan beskou word as die mees invloedryke persoon in die totstandkoming van die eksistensiële sielkunde (Corsini & Marsella, 1983). Hall & Lindzey (1978) is van mening dat Martin Heidegger en Karl Jaspers die skeppers van die eksistensiële filosofie in hierdie eeu was, terwyl Heyns (1974) die Deense filosoof-teoloog Kierkegaard as die geestelike vader van die moderne eksistensiefilosofie beskou.

Daar kan 'n tweedeling in die geledere van die eksistensialiste gemaak

word naamlik Ludwig Binswanger en Medard Boss aan die een kant wat getrou gebly het aan die oorspronklike Europese eksistensialistiese gedagtes en 'n aantal Amerikaanse eksistensiële sielkundiges wat hulle siening wyer as net die Europese eksistensialistiese gedagtes uitgebou het. Rollo May, Adrian van Kaam en James Bugental tel onder die Amerikaanse eksistensiële sielkundiges (Hall & Lindzey, 1978).

Die eksistensiële denke was in die dertigerjare van hierdie eeu nog grootliks beperk tot Europa. In die laat vyftigerjare is die eksistensiële geskrifte in Amerika vertaal en gelees. Belangstelling in hierdie geskrifte het deur die vroeë sestigerjare voortgeduur, maar het daarna getaan. Die afname in belangstelling was as gevolg van 'n verskuiwing van aandag na die later eksistensialistiese sielkunde wat meer begaan was oor probleme van breër sosiopolitiese belangrikheid en wat meer bereid was tot sistematisasie in teorie in verband met die persoonlikheid. Die hedendaagse eksistensiële denkers is ewe veel beïnvloed deur Binswanger en Boss as deur die vroeër filosowe. Van die filosowe het hulle geleer om die uiteindelike doel van die menslike lewe in ag te neem en die siening van hulle oorgeneem dat die mens sy eie betekenis skep deur keuse uitoefening en aksie in die nastrewe van moontlikhede. Van Binswanger en Boss het hulle die taak van teoretisering aangaande psigoterapie oorgeneem (Corsini & Marsella, 1983).

Die wortels van eksistensiële persoonlikheidsteorie word gevind in die eksistensiële filosofie, 'n beweging wat verband hou met die reaksie teen die beklemtoning van die onpersoonlike wêreld en natuur (Corsini & Marsella, 1983).

(b) Die siening van die eksistensiële benadering.

Soos reeds vermeld sluit die eksistensiële sielkunde eintlik die fenomenologie in sodat die onderskeiding tussen die twee benaderings dikwels kunsmatig en arbitrêr is. Die eksistensiële benadering onderskryf ook die subjektiewe benadering tot die mens, maar gaan verder en beklemtoon die mens se vermoë om sy persoonlikheid te ontwikkel deur sy keuses en eksistensiële eienskappe van vryheid (Möller, 1980).

Die eksistensiële sielkunde het die fenomenologie gebruik vir die verheldering van die verskynsels wat dikwels beskou word as behorende tot die sfeer van persoonlikheid. Eksistensiële sielkunde mag dus gedefinieer word as 'n empiriese wetenskap van humanistiese bestaan wat die metode van fenomenologiese analise aangeneem het (Hall & Lindzey, 1978). Die eksistensiële benadering is 'n lewensfilosofie eerder as 'n eiesoortige sielkunde of psigoterapie (Bühler & Duijker, 1962). Eksistensiële sielkundiges poog om die mens innerlik sin in die lewe te laat ontdek (Morris, 1982).

Die behaviorisme en psigoanalise is primêr geïnteresseerd in dit wat van gedrag maak wat dit is. Hulle ontleed gedrag in terme van die bestanddele. Gevolglik word 'n versameling meganismes of gedragspatrone verkry wat staties van aard is. Die eksistensialiste voeg hierby nog 'n dimensie naamlik dié van menslike uitkoms. Dit impliseer 'n toestand van verandering aangesien die mens steeds besig is om te word wat hy kan wees. Hiervolgens is die mens dus beide aktualiteit en potensialiteit (Möller, 1980). Die eksistensialistiese benadering is dus gedeeltelik in protes teen die beperktheid, en openbaar 'n soeke na die dinamiese siening van die mens. Hulle konstrueer die mens se bestaan grootliks in nie-gedragsterme (Brammer & Shostrom, 1960).

Vanuit die eksistensiële perspektief het die mens nie slegs die karaktertrekke van 'n masjien nie, hy is nie slegs 'n wese in die greep van onbewuste motiewe nie, maar 'n wese wat in die proses is om homself te skep; 'n persoon wat betekenis in die lewe skep, 'n persoon wie 'n dimensie van subjektiewe vryheid verpersoonlik. Die mens besluit gevolglik vir homself en daardeur kom sy unieke individuele self na vore (Wann, 1964). Eksistensie dui nie net daarop dat die mens bestaan nie, maar ook hoe hy bestaan. Die mens kan uit homself uittree en sodoende homself realiseer, dit wil sê inhoud aan sy bestaan gee. Die eksistensiële benadering plaas die mens in die middelpunt ten opsigte van ander aspekte en beklemtoon veral die mens se besondere bestaanswyse in die wêreld wat alleen van binne uit die mens beleef kan word (Heyns, 1974).

Ten grondslag van die wordingsproses of eksistensie is daar 'n belangrike voorwaarde naamlik vryheid. Die mens is absoluut vry in die verwesenliking van homself aangesien hy vry is om keuses te maak. Die mens is dan ook voortdurend besig om keuses te maak. Aangesien die persoon vryheid van keuse het kan hy dus self besluit hoe hy sy potensialiteit wil ontwikkel (Möller, 1980). Wie kies en dan daarvolgens handel, is vry. Deur dié optrede of handelinge gee die mens self sin aan sy lewe (Heyns, 1974).

Eksistensiële denke behels dus dat 'n persoon in beheer van sy eie lewe kan wees en sy lewe rig deur aktiewe keuse uitoefening. Die eksistensiële benadering moedig 'n verdieping van bewustheid aan en 'n losmaking van oppervlakkige gewoontes volgens die leiding wat deur die gemeenskap voorsien word met die doel dat daar groei in individualiteit sal plaasvind. Dit voorsien dus 'n rasionaal vir 'n poging tot

sosiale verandering eerder as 'n passiewe aanpassing tot die status quo (Corsini & Marsella, 1983). Heyns (1974) sien die mens dan ook volgens die eksistensiële benadering nie as 'n voltooide, komplete wese nie, aangesien hy nog oop is vir verandering in die toekoms; oop tot eksistensie.

Die eksistensiële persoonlikheidsteorie beskryf twee tipes persoonlikhede naamlik die outentieke en die nie-outentieke persoon. Brammer en Shostrom (1960) sien die outentieke persoon as 'n oop en eerlike wese teenoor homself en ander; sy waarneembare gedrag is in ooreenstemming met sy gevoelens.

Die eksistensiële filosofie is begaan oor die mens as 'n individu en die unieke probleme van sy bestaan. Die mens se bestaan is een van in die wêreld wees, voortdurend bewus van sy eie bestaan en uiteindelike nie-bestaan. Elke persoon werk sy eie uitkoms self uit en hy het vrye keuse daarin, maar elke persoon is alleen verantwoordelik vir sy eie bestaan. Alhoewel die mens 'n vryheid van keuse het, impliseer dit nie dat al sy keuses wyse keuses is nie (Hjelle & Ziegler, 1976). Die persoon se keuses word deur 'n sekere waardesisteem of waardestelsel gerig waarvolgens hy homself aktualiseer. Waardes dien dus as riglyne van die wordingproses. Daarsonder sou die menslike uitkoms of einddoel leeg gewees het. Hierdie verantwoordelike keuse wat die wordingsproses kenmerk, is dus die basis vir selfontwikkeling en groei (Möller, 1980).

Vryheid, waardes, die betekenis van die lewe, lyding, die dood en angs is belangrike aspekte van hierdie selfverwesenlikingsproses en gunsteling temas van die eksistensialiste (Möller, 1980).

### 2.4.3 HUMANISTIESE BENADERING

In die bespreking van hierdie denkrigting sal eerstens aandag gegee word aan die ontstaan en ontwikkeling van die humanistiese benadering en tweedens aan die siening wat hierdie denkrigting huldig.

#### (a) Die ontstaan en ontwikkeling van die humanistiese benadering

In die Renaissance het 'n felle reaksie teen die Middeleeuse siening van die mens as 'n godsdienstige wese, ontstaan. Die mens moes uit hierdie onterende binding gered word omrede hy 'n selfstandige, denkende, willende en handelende wese is. Om dit te kon doen, is toe teruggekeer na die denke van die Grieks-Romeinse tydvak. In die bloeitydperk van die Griekse denke tussen die 5de en 4de eeu v.C. was een van die grondgedagtes dat die mens in staat is om deur sy denkende (wysbegeerte) beeldende (kuns) en forsende (wetenskap) aktiwiteite deur te dring tot die diepste diepte van homself en die wêreld. Gedurende die Renaissance word die mens as 'n mikrokosmos, 'n wêreld in die kleine, beskou. Die Christelike grondslag is al meer verlaat en die prinsipiële breuk met die Middeleeuse godsdienstradisies het al groter geword terwyl nog meer gedurende die 16de en 17de eeu uit die klassieke oudheid geput is. Gedurende die 18de eeu word die siening van totale selfstandigheid en outonomie van die menslike rede op alle terreine van die menslike lewe gehuldig. So is 'n periode van die teoretiese mondigwording van die mens bereik. Die humanistiese mensbeskouing waarin die mens in die middelpunt en gevolglik ook aan die beginpunt asook aan die eindpunt van alle denke staan, kan dus na dié ontwikkelinge teruggevoer word (Heyns, 1974).

Hierdie denkrigting is gegrond op die filosofiese beskouing van persone soos Franz Brentano (1838 - 1917), Immanuel Kant (1724 - 1804) en Edmund Husserl (1859 - 1938) wat 'n groot invloed op latere sielkundiges gehad het (Louw, 1982). Sielkundiges wat met die humanistiese sielkunde geassosieer word, is Gordon Allport, Carl Rogers, Abraham Maslow, Victor Frankl, Rollo May, Murphy, Henry Murray, George Kelly en Bugental (Krech, et al., 1974; Möller 1980; Smith, 1978; Suinn, 1975).

Die humanistiese sielkunde kan teruggevoer word na die Europese eksistensiële filosofie en sielkunde soos ontwikkel deur denkers soos Kierkegaard, Sartre, Camus, Binswanger en Boss (Hjelle & Ziegler, 1976). McKeachie en Doyle (1970) is van mening dat die humanistiese bewegings soms ook eksistensiële sielkunde genoem kan word, terwyl Möller (1980) van mening is dat die humanistiese sielkunde swaar steun op die fenomenologiese en eksistensiële sielkunde. Hierdie gemeenskaplike fondament gee dus aanleiding daartoe dat sommige sielkundige denkers in aldrie benaderings vermeld word.

Gedurende die tyd waarin die Freudiaanse benadering populêr geword het en die snelle ontwikkelingsproses van die behavioristiese oriëntasie, het daar 'n beweging in teenstelling met die bogenoemde rigtings ontwikkel. Filosowe, sielkundige teoretici en terapeute het saam begin protesteer. Hulle protes was daarop gerig dat beide die psigoanalise en wetenskaplike oriëntasie die mens van sy menslikheid ontneem het. Die Freudiaanse siening was vir hulle te pessimisties, te veel klem is gelê op die gebeure in die verlede en die mens is gedegradeer as 'n wese wat deur dierlike impulse en instinkte voortgedryf word. Die behavioristiese oriëntasie was weer te meganisties, te beperk deur

die tegnologiese siening en nie bereid om te aanvaar dat die mens in staat is om sy eie einddoel te bepaal nie (Suinn, 1975).

In reaksie teen die mensbeeld van die psigoanalise en behaviorisme is daar sedert 1950 stemme van anderdenkendes gehoor (Möller, 1980; Schultz, 1975). 'n Soeke na 'n nuwe beweging - 'n humanistiese sielkunde - het dus ontstaan as reaksie teen die behaviorisme en psigoanalitiese ontwikkeling (Brammer & Schostrom, 1960).

Deur die verwerping van die positivistiese leerstellings van die behaviorisme het hulle nie die wetenskap verwerp nie, maar aan hulle soeke na 'n meer humanistiese wetenskap uiting gegee (Smith, 1978).

'n Groep sielkundiges onder leierskap van Maslow het 'n lewensvatbare teoretiese alternatief tot die twee mees invloedryke strome in sielkunde op daardie stadium naamlik die behaviorisme en psigoanalise in die vroeër sestigerjare, gevestig (Hjelle & Ziegler, 1976). Naas die behaviorisme en psigoanalise word dit tans die derde groot denkrigting genoem (Möller, 1980). So ontstaan die derde rigting in die sielkunde dan.

Dit word algemeen aanvaar dat Maslow die vader van die humanisme is. Humanistiese sielkunde is nie 'n enkele georganiseerde teorie of sisteem nie, maar eerder 'n beweging. Voorstanders van hierdie beweging verteenwoordig 'n wye veld van sieninge, maar word saamgebind deurdat hulle sekere fundamentele konsepte van die menslike natuur deel (Hjelle & Ziegler, 1976). Heyns (1974) is van mening dat humanisme geen helder omlynde denke - en lewenspatroon - vorm nie, maar eerder 'n lewenshouding of lewensinstelling is waarin dit van die begin tot die einde om die mens gaan. Aangesien dit 'n geestesinstelling is, loop dit deur allerlei ander beskouinge.

Die humanistiese sielkunde poog dus om 'n vars oriëntasie, 'n nuwe raamwerk of houding, teenoor sielkunde te wees eerder as om 'n nuwe sielkunde te wees. Dit is 'n poging om te hervorm en as aanvulling by die bestaande vorm van sielkunde te dien (Schultz, 1975). Humanistiese sielkunde is nie 'n afsonderlike sielkundige dissipline nie, maar eerder 'n oorkoepelende filosofiese aanname in verband met die mens. Humanisme beskryf wat dit beteken om ten volle te lewe en dit sluit dus alle aspekte van die unieke menslike ervaring in naamlik liefde, haat, vrees, hoop, blydskap, humor, aangetrokkenheid, verantwoordelikheid en betekenis van die lewe (Schultz, 1975).

Maslow beskryf humanisme as 'n soort superstruktuur wat ook die behaviorisme en psigoanalise oorspan, dus die verklaring van gedrag erken, maar wyer gaan omdat dit spesifiek aandag gee aan daardie eienskappe wat die mens uniek en anders as alle ander lewende wesens maak (Möller, 1980).

(b) Die siening van die humanistiese benadering

Die humanistiese teorie lê klem daarop dat elke individu die hoofveranderlike van sy eie gedrag en ervaring is. Die mens is dus 'n bewuste agent - hy ervaar, besluit en het vryheid van keuse ten opsigte van gedrag en aksie. Die mens is 'n verantwoordelike wese wat vrye keuses maak volgens die moontlikhede wat tot sy beskikking is. Die humaniste het die "wordingsgedagte" van die eksistensiële sielkunde oorgeneem. Dus is die mens nooit staties nie, maar altyd in proses van wording. Die humanisme lê klem op die subjektiewe ervarings as die primêre verskynsels in die studie van die menslike natuur (Hjelle & Ziegler, 1976).

Volgens Louw (1982) beskou die humanisties-georiënteerde sielkundige

teorieë die mens as 'n unieke wese wat 'n vrye wil het, wat keuses kan uitoefen en wat nie willoos uitgelewer is aan magte buite sy beheer nie. Die persoon moet ook eerder begryp word as verklaar word. Wat 'n persoon is en kan word, kan slegs ontdek en begryp word wanneer die innerlike intense persoonlike belewenisse ondersoek word. Die mens behoort dus nie gesien te word as 'n objek wat van buite waargeneem moet word nie. Deur net sy uiterlik waarneembare gedrag te bestudeer, laboratoriumeksperimente uit te voer en dierenavorsing op mense van toepassing te maak, word so objektief gestaan dat die betekenis van ervarings van die mens verlore gaan.

Humanisme kan volgens Möller (1980) en Schultz (1975) breedweg in die volgende kenmerke saamgevat word:

- Die klem val primêr op die persoon. Aandag word gesentreer op die ervaring van 'n persoon en dus is die fokus op ervaring as die primêre verskynsel in die studie van die mens. Teoretiese verklarings en overte gedrag is sekondêr tot die betekenis en ervaring wat dit vir die persoon het.

- Klem word geplaas op onderskeidende unieke menslike kwaliteite van die persoon soos keuses, kreatiwiteite, waardering, skeppendheid, selfrealisasie, selfevalueringsvermoë, selfverwesenliking en toekomsgerigtheid.

- Die rigting is begaan oor die waardering van die deugde en waardes van die mens en stel belang in die ontwikkeling van die inherente potensiaal van elke persoon. Die waardigheid van elke mens word vooropgestel en dus verwerp humanisme

outoriteit en wedywering as opvoedkundige beginsels en beklemtoon eerder groei en selfaktualisering

- Klem word gelê op betekenisvolheid in die keuse van die navorsingsprosedures en probleem van studie eerder as primêre klem op objektiwiteit ten koste van betekenis.

2.4.4 SAMEVATTING VAN DIE DERDE DENKRIGTING

Alhoewel die drie laasgenoemde denkrigtings naamlik die fenomenologiese-, eksistensiële- en humanistiese sielkunde afsonderlik bespreek is, sou die leser tog ooreenkomste tussen die denkrigtings bemerk het.

Hjelle en Ziegler (1976) is dan ook van mening dat die humanistiese sielkunde teruggevoer kan word na die Europese eksistensiële filosofie en sielkunde soos ontwikkel deur denkers soos Kierkegaard, Sartre, Camus, Binswanger en Boss. McKeachie en Doyle (1970), is van mening dat die humanistiese beweging soms ook eksistensiële sielkunde genoem kan word omrede die klem wat op die persoonlike keuse, vryheid en verantwoordelikheid gelê word. Die humanistiese sielkunde steun swaar op die fenomenologiese en eksistensiële sielkunde (Möller, 1980).

Alhoewel daar ook verskille tussen die drie denkrigtings is, kan hulle saam gegroepeer word in 'n derde rigting of kategorie op grond van die gemeenskaplike klem wat hulle op die mens se subjektiewe ervaringslewe, waardes, doelstellings en wilskeuses plaas. Morris (1982) beskou die humanisme en eksistensialisme as nou verbonde aanmekaar aangesien beide klem lê daarop dat die mens moet leer hoe hy sy eie potensiaal kan realiseer. Verder is hulle aldrie volgens Louw (1982) daarop ingestel om die tekortkominge in ander sielkundige denkrigtings aan te toon

vanuit die basiese gesigspunt dat die kern van menswees nie herlei kan word tot molekulêre wetmatighede nie. Daar word verder sterk standpunt ingeneem teen die beskouing dat die mens se gedrag bepaal word deur kragte wat buite die persoon se beheer is soos omgewingsinvloede of onbewuste dryfvere.

Heyns (1974) wys daarop dat beide die humanistiese en eksistensiële sielkunde die mens in die middelpunt van alle denke plaas. Tog onderskei hy tussen die twee benaderings deur aan te toon dat die humanistiese benadering die mens as 'n met inhoud gevulde wese beskou, terwyl die eksistensiële benadering die mens as 'n leë wese sien wie se bestaan nog met inhoud gevul moet word, maar die vervulling is binne die mens se vermoë. Dus is die eksistensiële benadering ten diepste niks anders nie as 'n bepaalde vorm van humanistiese denke.

Soos reeds geblyk het uit die bespreking van hierdie drie benaderings, is daar 'n oorvleueling tussen die drie benaderings en is die verskille wat daar wel bestaan subtiel en kompleks van aard. Vir die doel van hierdie werk sal daar nie aandag gegee word aan die verskille tussen die denkrigtings nie en sal daar eerder klem gelê word op die bydrae wat die benaderingswyse tot die veld van die aktualisering van menslike potensiaal gelewer het.

Schoeman (1984) wys dan ook daarop dat die eksistensiële en humanistiese benaderings 'n invloed het op die studie in verband met die aktualisering van menslike potensiaal. Die werke van Binswanger, Boss en May word vermeld as illustrasie van die invloed vanuit die eksistensialistiese benadering en werke van Maslow dien as illustrasie van die invloed van die humanisme.

## 2.5 SAMEVATTING

Na daar gekyk is na die totale ontwikkelingsproses en fases waardeur die sielkunde gegroei het, kan daar nou saamgevat word deur te sê dat daar tans drie breë denkrigtings in die sielkunde bestaan naamlik:

(a) Behaviorisme waarin die nometetiese benadering na vore gekom het. Persone soos Watson, Hull, Skinner, Guthrie, Thorndike, Tolman, Eysenck en Lazarus was in die denkrigting prominent.

(b) Fenomenologies-eksistensiële en humanistiese sielkunde wat op die idiografiese uitgangspunt berus het en waarin werke van Allport, Kelly, Maslow, May, Rogers en andere tuishoort.

(c) Psigoanalise wat op sowel die idiografiese as die nomotetiese benaderings berus. Freud het sy pasiënte op 'n idiografiese wyse bestudeer en op so 'n wyse tot 'n nomotetiese gevolgtrekking probeer kom. Freud, Jung, Adler, Horney en Sullivan was in hierdie denkrigting prominent (Möller, 1980).

Daar moet egter onthou word dat die behaviorisme en psigoanalise al heelwat ontwikkel het vanaf hulle oorspronklike beskouings en dat die neo-behavioriste en neo-psigoanalise in sekere aspekte heelwat verskil van die oorspronklike behaviorisme en psigoanalise.

Die vraag kan nou ontstaan: waarom dan soveel teorie? Louw (1982) antwoord die vraag as volg: solank daar mense is, sal daar verskille in denke wees en die verskil in denke gee weer aanleiding tot stimulering van die mens se denke. Die stimulering van denke lei weer op sy beurt

tot die vooruitgang van die sielkunde as wetenskap. Sonder uiteenlopenheid in die denkrigtings van 'n wetenskap word groei dus beperk en loop die betrokke wetenskap gevaar om te stagneer. Die feit dat die teorieë mekaar weerspreek beteken ook nie noodwendig dat slegs een van die teorieë reg is nie en die ander verkeerd nie. Enige teorie kan in 'n meerdere of mindere mate waar wees. Die finale antwoord mag die kombinasie van verskeie teorieë wees (Möller, 1980). Louw (1982) is dan ook van mening dat die meeste sielkundiges vandag 'n eklektiese benadering volg. Die gevaar bestaan egter dat so 'n seleksie uit verskillende denkrigtings kan aanleiding gee tot 'n onsamehangende en onlogiese samevoeging van standpunte.

Vry aansporende dialektiese prosesse tussen kompeterende perspektiewe in die sielkunde kan dus die ontwikkeling van die sielkunde beter te pas kom as pogings tot konsensus. Ons verkeer gevolglik in die posisie dat 'n aantal teorieë dus nie sondermeer saamgevoeg kan word nie en een teorie kan ook nie bo die ander verhef word nie (Smith, 1978).

Vir die doel van hierdie werk sal verder klem gelê word op die derde rigting en spesifiek op die werk wat A.H. Maslow gedoen het op die gebied van selfaktualisering.

# HOOFSTUK 3

# SELFAKTUALISERING

## 3.1 INLEIDING

In die vorige hoofstuk is aandag gegee aan die ontwikkelingsverloop van die sielkunde vanaf die primitiewe tydperk tot en met die derde rigting.

Binne die sielkundige klimaat van die sogenaamde derde rigting het die selfaktualiseringsgedagte sterk op die voorgrond getree. Abraham Maslow wat algemeen aanvaar word as die vader van die humanistiese sielkunde en segsman van die derde rigting het dan ook ongetwyfeld die primêre bydrae in verband met selfaktualisering gelewer. Na die aanvoorwerk wat Maslow op die gebied van selfaktualisering gedoen het, het daar verskeie ondersoeke en navorsing in verband met selfaktualisering gevolg.

Aangesien verskeie denkers in 'n mindere of meerdere mate aandag aan die selfaktualiseringsgedagte gegee het, het daar verskeie sinonieme vir hierdie begrip ontstaan. Voorbeelde van sulke terme is die volle funksionerende persoon (Rogers), volwasse persoonlikheid (Allport), selfverwesenliking, selfrealisasie, effektiewe persoonlikheid, selfvervulling, ensovoorts.

Vervolgens sal daar dan vir die doel van hierdie werk eers kortliks aandag gegee word aan ander denkers en daarna aan Maslow se bydrae.

## 3.2 ANDER DENKERS

Streng gesproke kan Maslow en die ander sielkundige denkers nie in dieselfde kategorie vermeld word nie aangesien Maslow 'n benadering tot die mens, wat uitmond in selfaktualisering, beskryf het terwyl die ander denkers 'n psigoterapeutiese teorie aanbied waardeur die mens gehelp kan word om op 'n hoë vlak te funksioneer.

Vir die doel van hierdie werk sal daar geensins gepoog word om die ander denkers in enige kategorieë of groepe te plaas nie. Eerstens omrede sodanige kategorisering nie van belang is vir die ondersoek wat in hierdie werk vermeld word nie - naamlik die bespreking van die selfaktualiseringeienskappe van Maslow - tweedens bestaan daar heelwat meningsverskille oor moontlike kategoriserings van die denkers en gevolglik kan sodanige kategoriese indelings 'n onderwerp in eie reg wees.

Volgens die skrywer se mening verteenwoordig die derde denkrigting in die algemeen die selfaktualiseringsidee aangesien die derde rigting primêr in die mens geïnteresseerd is en deur verskeie teoretiese en terapeutiese aspekte die mens daartoe wil help om op 'n hoër vlak te funksioneer. Lindgren en Fisk (1976) is dan ook van mening dat Rogers, May en Maslow klem lê op die syn of lewe ("being").

Blocher (1974) sluit Maslow, Allport, Roger, Shoben, Barron en Heath in onder die modelle van effektiewe menswees. Bishoff (1964) asook Hall en Lindzey (1970) meld dat Jung se idees in verband met persoonlikheid 'n invloed gehad het op die denke van sielkundiges soos Allport, Rogers en Maslow. Louw (1982) is van mening dat die dieptepsigoloë

en neo-behavioriste soms ook standpunte huldig wat baie naby aan die humanistiese benadering staan. Hy vermeld die name van Jung, Adler en Bandura. Lazarus (1961) is van mening dat daar 'n ooreenkoms tussen Adler, Jung, Maslow en Rogers is. Die hunkering en strewe na selfrealisasie as 'n sentrale krag in menslike ontwikkeling is reeds in Aristoteles se tyd erken (Frick, 1982).

Liebenberg (1978) toon aan dat daar 'n gemeenskaplike kern vanuit Allport, Frankl, Maslow, May en Wilson se teorieë na vore kom. Die gemeenskaplike kern is 'n basiese behoefte aan 'n lewensfilosofie wat die persoon in staat stel om sy lewe, asook die lewe in die algemeen, te verstaan, en wat sin en rigting daaraan gee. Die persoon voel geroepe tot die vervulling en bereiking van doelwitte wat uit die lewensfilosofie vloei. Hierdie strewe gee aanleiding daartoe dat die persoon 'n gevoel van bevrediging, waarde, nuttigheid, aktief en rigting ervaar.

Ten spyte daarvan dat die denkers ooreenkomste toon huldig al die genoemde skrywers egter nie dieselfde siening nie. So het Rogers (1982) byvoorbeeld beswaar aangeteken teen May se siening dat die menslike natuur 'n element van die bose besit. Rogers is van mening dat as 'n groei bevorderingklimaat voorsien word, sal die keuse van die mens vry en spontaan in 'n sosiale konstruktiewe rigting wees. Dus sien Rogers selfontwikkeling en selfaktualisering as basiese menslike tendense en die kliëntgesentreerde terapie as 'n wyse om die kondisies vir die vrymaking van die menslike potensiaal te voorsien (McKeachie & Doyle, 1970). Rogers lê klem op die simpatieke en intellektuele luister en is van mening dat luister deel vorm van kommunikasie (Lindgren, 1964).

Teoretici soos Adler, Allport, Angyal, Cantril, Combs, Freud, Goldstein, Jung, Lecky, Perls, Rank, Reich en Lowen, Revers, Rogers, Sinnott, Snygg en White asook Maslow het 'n rol in die teorieë van selfaktualisering gespeel (Allport, 1955; Bischof, 1964; Jourard, 1974; Sawrey & Telford, 1964; Silverman, 1974; Staats, 1983; Vinacke, 1968).

Vele name en teorieë kan nog hier vermeld word, maar geen ander persoon het die ontwikkeling en verloop van die selfaktualiseringsidee so beïnvloed as wat Maslow wel gedoen het nie. Gevolglik sal daar vir die doel van hierdie werk dus volstaan word met slegs die vermelding van die enkele ander denkers wat 'n bydrae in die selfaktualiseringsveld gelewer het en sal die klem nou verskuif na Maslow. Die res van hierdie hoofstuk sal aan Maslow se bydrae tot die selfaktualiseringsgedagte gewei word.

## 3.3 MASLOW SE BYDRAE

Om die bydrae wat Maslow tot die sielkunde gelewer het, veral rondom selfaktualisering, meer sistematies en georganiseerd aan te bied, sal daar vir die doel van hierdie werk aan die volgende aspekte aandag gegee word:

- Maslow en selfaktualisering
- Maslow se besware teen behaviorisme en psigoanalise
- Maslow se mensbeskouing
- Maslow se motiveringsteorie
- Basiese behoeftes
- Selfaktualiseringsbehoeftes
- Meting van selfaktualisering
- Kritiek teen Maslow
- Samevatting

Eerstens dan meer aandag aan Maslow en selfaktualisering.

Hierdie deel is bedoel om die leser in kort bekend te stel aan die wyse waarop Maslow selfaktualisering benader en beskou.

### 3.3.1 MASLOW EN SELFAKTUALISERING

Alhoewel Kurt Goldstein die term selfaktualisering geskep het (Frick, 1982; Maslow, 1970), was Abraham Maslow een van die eerste Amerikaanse sielkundiges wat belanggestel het in die hoë vlak funksionerende persoon (Blocher, 1974).

Maslow (Bugental, 1967; Davidoff, 1976; Goble, 1970; Katkovsky & Gorlow, 1976; Maslow, 1973) vermeld die volgende gebeure wat aanleiding gegee het tot sy belangstelling in die veld van selfaktualisering. As jong intellektuele persoon het hy twee van sy leermeesters naamlik Ruth Benedict en Max Wertheimer baie hoog geëer en bewonder. Maslow was egter nie net tevrede daarmee om hulle te bewonder nie, nee, hy wou hulle verstaan, maar ook weet hoekom die twee so verskillend van die ander persone in die wêreld was. Hy was egter nie genoegsaam deur sy opleiding in die sielkunde, wat op daardie stadium Ph.D. ingesluit het, toegerus om hierdie twee persone te verstaan nie.

Sy ondersoek na die wese van die twee persone het begin as 'n nie-wetenskaplike aktiwiteit deurdat hy beskrywings en notas van Wertheimer en Benedict gemaak het. Mettertyd het Maslow agtergekom dat die twee persone se lewenspatrone veralgemeen kon word na 'n spesifieke patroon. Dit was nie langer twee losstaande beskrywings van persone se lewenswyse nie, maar een spesifieke patroon waarbinne albei geplaas kan word. Bewyse vir die bestaan van so 'n spesifieke patroon of tipe persoonlik-

heid het Maslow hierna in een na die ander persoon gevind.

Gemeet aan die algemene standaarde van laboratorium-navorsing was die ondersoekwyse waarvan hy gebruik gemaak het nie geskik om 'n bydrae tot navorsing te lewer nie. Verder het sy veralgemenings berus op persone wat hy uitgesoek het en dus kan sy proefpersoonpopulasie bevraagteken word (Bugental, 1967; Maslow, 1973). Maslow se konsep van selfaktualisering word dus deur baie beskou as nie-wetenskaplik omrede dit gebaseer is op sy subjektiewe siening en seleksie van die proefpersone, tog moet onthou word dat hy nooit sy werk in verband met selfaktualisering aangebied het as die presiese of wetenskaplike finale nie, maar eerder as 'n insig, 'n hipotese wat kontrolering, verfyning en beoordeling benodig (Engler, 1979; Goble, 1970). Maslow is dan ook van mening dat ander persone as beoordelaars moet optree om te sien of die patroon wat hy gevind het wel al die proefpersone, wat hy in sy monster ingesluit het, pas. Maslow wys verder daarop dat die patroon op Westerse persone vasgestel is en dat daar dus ook na ander kulture, jonger persone, ensovoorts gekyk sal moet word in opvolgstudies (Bugental, 1967; Maslow, 1973). Dus moet Maslow se bevindings slegs as 'n aanvanklike, inleidende, tentatiewe poging om optimale gesondheid te bestudeer, gesien word en dit mag dien as stimulasie vir verdere empiriese navorsing (Engler, 1979). Maslow (1973) is dan ook van mening dat alhoewel sy bevindings nie suiwer wetenskaplik verkry mag wees nie, kan dit wel nou na dit beskikbaar is, deur meer wetenskaplike metodes getoets word.

Volgens Maslow (Bugental, 1967; Maslow, 1973) het daar na sy eerste publikasie in verband met selfaktualisering verskeie ondersteunende data vir sy bevindings vanuit ander invalshoeke verskyn.

Alhoewel Maslow die leidende rol gespeel en baanbrekerswerk in verband

met selfaktualisering verrig het, was hy nie die eerste en enigste persoon wat aan diê idee aandag gegee het nie. Die hunkering en strewe na selfrealisasie is as sentrale krag in menslike ontwikkeling reeds van Aristoteles se tyd af erken. Net so is die idee van 'n aktualiseringstendens as 'n magtige interne krag in die persoonlike ontwikkeling reeds deur Jung gebruik (Frick, 1982). Dus is selfaktualisering as konsep nie uniek aan Maslow nie, maar Maslow se teorie in verband met selfaktualisering is moontlik die bes ontwikkelde teorie (Leff, 1978).

Alhoewel humanistiese bioloë, sielkundiges en organismiese teoretici 'n oorredende saak uitgemaak het vir die teenwoordigheid van 'n innerlike groei in die organisme of persoon wat lei tot die bereiking van selfaktualisering, is daar egter min aandag gegee aan die wyse waarvolgens die organisme of mens krag mobiliseer om uitdrukking en rigting aan die innerlike groei te gee. Die meeste teoretici gaan nie veel verder as die erkenning van sekere aangebore groeitendense nie. Hulle voorsien nie 'n gepaste model aan die hand waarvan verstaan kan word hoe die positiewe groei kragte wat tot selfaktualisering lei in die persoon ontwikkel nie. Een uitsondering is egter Maslow se teorie van biologiese gebaseerde behoefte-hiërargie (Frick, 1982). Smith, Sarason en Sarason (1982) is van mening dat Maslow se teorie die mees insluitende teorie is aangesien dit die volle reeks van die menslike motiewe van die biologiese- tot die groeimotief in aanmerking neem.

Maslow, in teenstelling met veral die psigoanaliste, lê klem op die bestudering van die gesonde persoon. Freud het die siek helfte van sielkunde voorsien en nou kan die gesonde deel ingevul word. Die volgroeide en selfvervulde menslike wese wie se innerlike natuur homself

al ten volle uitgedruk het en wie al sy potensiaal ten volle ontwikkel het, kan nou as model gebruik word vir die beskrywing van die gesonde deel van sielkunde. Die studie van die gesonde persoon kan die mens baie leer in verband met sy eie foute, tekortkominge en die gewenste rigting waarin hy kan groei (Maslow, 1962). Dus om die volledige prentjie van die mens te verkry, was dit nodig om ook die mens wat sy potensialiteit ten volle gerealiseer het, te bestudeer en nie net die sielkundig neurotiese mens nie.

Maslow se siening van die mens is gebaseer op ondersoeke van gesonde en kreatiewe persone en op grond hiervan is sy formulering in verband met persoonlikheid gemaak (Hall & Lindzey, 1970). Maslow definieer selfaktualisering as die menslike begeerte om homself te vervul met ander woorde die tendens om geaktualiseerd te word in al die aspekte waarin die persoon potensiaal het.

In die laaste aantal jare het die term selfaktualisering 'n huishoudelike woord geword en word die term algemeen gebruik. Die term word egter met 'n wyd uiteenlopende betekenis gebruik wat verskil van die betekenis wat deur die sielkunde daaraan geheg word (Sperry, Mickelson & Hunsaker, 1977).

Maslow se werk was nie net beperk tot die sielkunde nie, maar word vandag ook met groot vrug in die bedryfsielkunde gebruik. Sy idees is dan ook gou opgeneem deur bestuursskole in die VSA (Chopman & Gale, 1982). Hier word veral gedink aan die ooreenkomste tussen Maslow en McGregor se X en Y teorie en Herzberg se motiveringsteorie (King, 1966; Leff, 1978; Schultz, 1978). Maslow (1965) het dan ook die selfaktua-

liseringsgedagte van toepassing gemaak op werk, werksiening en die werker.

Dit is te wagte dat Maslow as humanis ernstige besware teen die twee hoofdenkrigtings van sy tyd naamlik die behaviorisme en psigoanalise sou opper. Veral as gekyk word na sy belangstellingsveld naamlik self-aktualisering. Heelwat van die besware wat Maslow opper is te wagte in die lig van sy mensbeskouing. Die besware wat deur Maslow geopper is en wat nie veel verskil van die besware van die derde rigting nie, sal nou van nader beskou word.

### 3.3.2 MASLOW SE BESWARE TEEN BEHAVIORISME EN PSIGOANALISE

Maslow ontwikkel sy teorie as teenvoeter teen die behaviorisme en psigo-analise (Hjelle & Ziegler, 1976) en bevry die sielkunde van 'n pessimis-tiese, negatiewe, meganistiese en beperkende siening van die mens. Vroeër is daar in die sielkunde meer klem gelê op die mens se swakheid, terwyl sy sterkpunte en deugde verwaarloos is. Hierdeur het die sielkunde dit self vrywillig tot die swakker helfte van die mens beperk (Hall & Lindzey, 1970). Maslow lê in teenstelling hiermee klem op die mooi en goeie in die mens.

Behaviorisme bestudeer slegs die overte gedrag wat empiries geverifieer kan word en ignoreer ander vorms van onverte- sowel as koverte-gedrag. Die benadering gee ook nie aandag aan die uniekheid van elke mens nie aangesien dit belangstel in die formulering van wetmatighede vir die totale menslike bevolking. Verder word daar klem gelê op die benadering van die afsonderlike kondisionerende response wat van die mens 'n

gemeganiseerde rekenaar maak. Hierdie navorsing ten opsigte van overte gedrag het min bygedra tot die verstaan van die totale mens aangesien dit net met gedeeltes van gedrag gewerk het (Schultz, 1975). Verder werk die behavioriste met die gemiddelde van die spesie (Goble, 1970) en is dus nie begaan oor die gevalle wat bogemiddeld is nie. Dus kan die meganistiese behavioristiese bestudering van die mens nie die totale persoon begryp nie (Engler, 1979) en slegs 'n beperkte bydrae tot die selfaktualiseringsarea lewer.

Maslow beskou die mens as 'n unieke wese en is daarom van mening dat dierenavorsing irrelevant is vir die verstaan van menslike gedrag om rede dit die karaktertrekke wat uniek aan die mens is, ignoreer (Hjelle & Ziegler, 1976). Maslow (1970) is dan ook van mening dat dit nie nodig is om die dier te bestudeer om die mens te verstaan nie.

Maslow is van mening dat Freud se teorie 'n eensydige teorie is wat gegrond is op die abnormale, siek deel van menslike gedrag. Die teorie van Freud impliseer dat die mens in wese oor 'n swak karakter beskik en gevolglik plaas Freud min vertroue in menslike deugde en huldig hy 'n pessimistiese siening in verband met die einddoel van die mens (Hjelle & Ziegler, 1976). Freud beklemtoon dus die onbewuste kragte wat gedrag bepaal en ignoreer die rasionele bewustelike kragte (Ryckman, 1982). Deur op die verstandelike sieke te konsentreer, sal die mens nooit van die positiewe kwaliteite en karakter waaroor hy beskik, bewus word nie. Verder sal 'n studie van die "kruppel", verpotte, onvolwasse en ongesonde mens net kan lei tot 'n "kruppel" sielkunde (Maslow, 1954).

Die psigoanalise en behavioriste voorsien slegs 'n beperkte siening van die menslike funksionering (Ryckman, 1982). Die humanistiese siel-

kunde volgens Schultz (1975) staan dan ook die voorstelling van die mens as 'n dierlike funksionerende masjien en deterministiese wese in reaksie tot sy omgewing en vroeë jare se ervaring, teen. Maslow is van mening dat daar eksklusief klem gelê is op die negatiewe sy van die menslike natuur en dat die mens se sterk punte en deugde geïgnoreer is. Daarom fokus Maslow op die sielkundig gesonde persoon (Hjelle & Ziegler, 1976) en die selfgeaktualiseerde persoon is die beste moontlike voorbeeld van die menslike spesie (Goble, 1970).

Hierdie positiewe benadering ten opsigte van die mens blyk duidelik as daar gekyk word na die tipe persoon wat Maslow uitgesoek het om in sy steekproef op te neem. Hy soek ouer persone wie al 'n groot deel van hulle lewe geleef het en wat suksesvol was, gesonde, sterk, kreatiewe, vroom en skrander persone. Maslow het onder andere die volgende persone in sy steekproef ingesluit.

| | |
|---|---|
| Jane Addams | Johan Keats |
| Ludwig van Beethoven | Fritz Kreisler |
| Robert Browning | Abraham Lincoln |
| George Washington Carver | Pierre Renoir |
| Pablo Casals | Eleanor Roosevelt |
| Eugene V. Debs | Franklin D. Roosevelt |
| Thomas Eakins | Albert Schweitzer |
| Albert Einstein | Baruch Spinoza |
| Benjamin Franklin | Henry Thoreau |
| Sigmund Freud | Johnn Wolgang von Goetho |
| Joseph Haydin | Harriet Tubman |
| Aldous Huxley | George Washington |
| William James | Walt Whitman |
| Thomas Jefferson | |

(Bischof, 1964; Burns, 1979; Chaplin & Krawiec, 1963; Fehr, 1983; Kendler, 1968; Moos, 1976; Silverman, 1974; Smith, 1974; Smith, et al., 1982).

As dit die tipe proefpersoon is waarmee Maslow werk, is dit duidelik dat sy siening van die mens heelwat verskil van dié van die psigoanalise en behavioriste. Met so 'n benadering naamlik om met die beste moontlike materiaal te werk, is dit duidelik dat Maslow geïnteresseerd is in die maksimale potensiaal van die mens (Bugental, 1967; Maslow, 1973).

Alhoewel Maslow beide die psigoanalise en behaviorisme kritiseer vir die pessimistiese, negatiewe en beperkte waarneming en beskouing van die menslike natuur bied Maslow sy siening as 'n toevoeging eerder as 'n alternatief tot die twee kragte aan (Engler, 1979). Maslow was dan ook van mening dat die verstandelike sieke eers verstaan kan word as die verstandelike gesonde persoon verstaan word (Hjelle & Ziegler, 1976; Suinn, 1975).

Enige persoon se persoonlikheidsteorie word sterk beïnvloed indien nie totaal geskoei op die persoon se eie sieninge in verband met die wêreld, die mens, die lewe, ensovoorts nie. Daar kan dus nie aandag aan Maslow se bydrae tot die sielkunde en selfaktualiseringsidee in die besonder gegee word alvorens daar nie eers aandag gegee is aan sy mensbeskouing nie. Gevolglik word daar nou eers aandag gegee aan Maslow se mensbeskouing.

### 3.3.3 MASLOW SE MENSBESKOUING

Die mensbeskouing wat deur Maslow gehuldig word, is meer positief as die van die psigoanalise en behavioriste.

Volgens Maslow (1962) beskik elke persoon oor 'n essensiële biologiese gebaseerde innerlike natuur wat onveranderd is. Hierdie innerlike natuur is ook eiesoortig aan elke mens en die mens beskik oor kapasiteite en tendense waarvan party eie aan die ganse mensdom is en ander weer uniek aan die individu. Verder is dit moontlik om die innerlike natuur te bestudeer en sodoende vas te stel wat dit behels (Maslow, 1954; 1962).

Hierdie innerlike natuur is opsigself goed, of ten minste neutraal, en slegte gedrag ontstaan as 'n sekondêre reaksie as gevolg van die frustrering of blokkering van die intrinsieke natuur van die mens. Gegee die goeie of neutrale aard is dit die beste om die ontwikkeling van die intrinsieke natuur aan te moedig eerder as om dit te onderdruk. As die innerlike natuur toegelaat word om die persoon se lewe te rig, groei die persoon as 'n gesonde, vrugbare en gelukkige wese. As hierdie essensiële kern van persoonlikheid egter ontken of onderdruk word, word die persoon siek (Maslow, 1962).

Die innerlike natuur van die mens is nie sterk, oorweldigend en onmiskenbaar soos die dierlike instinkte nie. Dit is eerder swak, delikaat, subtiel en maklik oorheersbaar deur gewoontes, kultuurdruk en verkeerde houdings. Al is dit swak verdwyn dit selde in normale persone; selfs ook selde in siek persone. Ten spyte daarvan dat dit ontken word, bly dit nog bestaan en streef dit steeds na aktualisasie. Die tendens tot selfaktualisasie, alhoewel swak, bly dus voortbestaan en oefen gedurig druk uit om dit self te aktualiseer (Maslow, 1962).

Maslow is van mening dat die menslike natuur basies goed of neutraal is (Maslow, 1970) maar ongunstige sosiale omstandighede mag aanleiding

gee tot slegte, vernietigende of gewelddadige elemente in die persoon se gedrag eerder as inherente verrotting (Hjelle & Ziegler, 1976; Tallent, 1978). Goble (1970) meld dat die innerlike natuur van die mens swak is, maklik versteur word, oorheers word deur verkeerde leer, gewoontes of tradisies. Hierdie intrinsieke aspek van die mens of behoefte kan wel onderdruk of geïgnoreer word, maar nie deur die kultuur uitgewis word nie (Maslow, 1970). Volgens Maslow (1962) kry die mens sy idees vanuit die omgewing en van figure in sy vroeë lewe, maar elke mens het ook 'n (sterk of swak) intrinsieke bewuste. Die bewuste is gebaseer op die onbewuste en voorbewustelike waarneming van die mens se eie natuur, eie bestemming of eie kapasiteite. Dus wil dit voorkom of die innerlike groeimeganisme in die individu sal aanleiding gee tot die realisering van die persoon se potensiaal indien die omgewingsomstandighede geskik is (Ryckman, 1982).

Groei is intern (Maslow, 1954). Die gesonde mens beskik oor die vermoë om hom van sy omringende omgewing los te maak en dus kan hy volgens sy innerlike wette leef eerder as deur uiterlike druk (Sahankian, 1965). Groei en gesonde menswees veronderstel egter beide reeds die gedeeltelike bevrediging van omgewing beïnvloedbare aspekte alhoewel daar uitsonderings mag voorkom. Aan hierdie aspek sal aandag gegee word in die bespreking van die motiveringsteorie van Maslow.

Dit wil dus voorkom of 'n goeie omgewing 'n goeie persoonlikheid kan kweek, maar hier moet daarop gelet word dat hierdie verhouding nie perfek is nie en verder lê die definisie van 'n goeie omgewing klem op die geestelike en sielkundige, eerder as die materiële en ekonomiese kragte (Sahankian, 1965). Maslow (1970) beskryf die goeie gemeenskap waarbinne gesonde ontwikkeling moontlik is as een wat al die nodige rou-materiaal voorsien en dan terugstaan of opsy staan sodat die persoon

die kans kry om sy wense en eise uit te druk en sy keuses te maak. Aangesien die mens se innerlike natuur baie delikaat en subtiel is sal 'n permissiewe omgewing dus die uitdruk van behoeftes aanhelp. Om selfaktualisering of gesondheid te kweek, word dus 'n omgewing aanbeveel wat alle noodsaaklike rou-materiaal voorsien en waarin geen inmenging is nie sodat die persoon sy eie keuses kan en mag maak. Ten spyte van die nie-perfekte samelewing waarin ons woon, word gesonde individue tog aangetref (Maslow, 1970). 'n Persoon kan dus gesonder wees as die kultuur waarin hy lewe en groei (Sahankian, 1965).

Maslow huldig 'n holistiese dinamiese siening soos blyk uit sy werke (Maslow, 1943; 1954; 1962; 1970) en is dus van mening dat daar slegs een korrekte wyse is om mense te verstaan en dit is as 'n geheel, as 'n funksionerende eenheid. Vir elke persoon funksioneer die dele saam in 'n unieke wyse en verder kan die dele in 'n eindelose variasie gerangskik word. Die som van die dele is egter nie gelyk aan die geheel nie (Tallent, 1978). Volgens Maslow (Sahankian, 1965) neig eksterne invloede dan om gewoonlik die hele individu te verander en nie net 'n deel of dele van die persoon nie.

Die mens is afhanklik van sy innerlike oordeel wat bestaan uit 'n natuurlike waardesisteem wat gegrond is op 'n stel waardes, eerder as op die gemeenskap se oordeel (Maslow, 1962; Ryckman, 1982). Maslow het baie aandag gegee aan waardes. Volgens hom dien die waardes as riglyne vir die persoon se keuses en gedrag. Goble (1970) en Maslow (1962; 1970; 1973) bespreek hierdie aspek volledig, maar vir die doel van hierdie werk sal daar nie verder by die aspek stilgestaan word nie.

Die organisme is nie passief nie, maar aktief (Sahankian, 1965). Volgens Hall en Lindzey (1970) is daar 'n aktiewe wil tot gesondheid, 'n impuls ná groei of selfaktualisering van menslike potensialiteit in elke mens. Die individu is uniek en hy behoort vry te wees om sy eie keuses in verband met die rigting waarin hy sy eie lewe wil leef, te maak. Die persoon kontroleer en organiseer dus sy eie gedrag en nie die gemeenskap nie. Die gemeenskap word as belemmerend vir persoonlike groei gesien deurdat dit reëls en regulasies afdwing wat die individu in passende en "normale" gedrag dwing. Die mens streef van nature na kreatiwiteit en geluk eerder as na die middelmatige en konvensionele (Ryckman, 1982).

Maslow as vader van die derde rigting, fokus op die kreatiewe potensialiteite inherent in die menslike wese en die soeke na wyses wat behulpsaam kan wees in die realisering van die persone se hoogste en mees belangrike doelstellings (Ryckman, 1982). Volgens Maslow behoort die mens as 'n geïntegreerde uniek georganiseerde geheel bestudeer te word, wat oor 'n inherente wordingsproses of selfaktualiseringsproses beskik (Hjelle & Ziegler, 1976). Dus fokus Maslow op die positiewe eerder as die negatiewe kant van die mens deur klem te lê op die mens se positiewe potensiaal vir groei en vervulling (Engler, 1979).

Na daar nou aandag gegee is aan Maslow se besware teen die psigoanalise en behaviorisme asook aan sy mensbeskouing, ontstaan die vraag watter tipe teorie Maslow dan voorstaan of as alternatief kan bied, wat behels die teorie en hoe sluit die onderlinge aspekte by mekaar aan.

Maslow se motiveringsteorie sal nou van nader beskou word.

### 3.3.4 MASLOW SE MOTIVERINGSTEORIE

Die bestudering van individue se gewoontes, karakters, persoonlikhede en vermoëns het aanleiding daartoe gegee dat Maslow 'n teorie van menslike motivering en verstandelike gesondheid gedefinieer het wat op bykans enige aspek van die individuele en sosiale lewe toegepas kan word (Goble, 1970).

Maslow se selfaktualiserings- of motiveringsteorie van persoonlikheid toon merkbare tekens van die invloed van Goldstein (konsep van self-aktualisering) en Adler (konsep van behoeftebevrediging en struktuur) (Sahankian, 1965).

Aangesien die mens se gedrag deur komplekse individuele faktore gemotiveer word en verder deur verskeie ander faktore beïnvloed kan word, is dit te verstane dat daar 'n aantal teoretiese benaderings ten opsigte van motiveringsteorieë bestaan. Van die belangrikste benaderinge is die leerteoretiese benadering, die psigoanalitiese benadering, die kognitiewe benadering en die humanistiese benadering. Maslow het 'n belangrike bydrae tot die motiveringsbenadering van die humaniste gelewer (Louw, 1982; Wittig, 1977).

Maslow (1970) vermeld sestien aspekte wat volgens sy mening in enige goeie motiveringsteorie geïnkorporeer behoort te wees. Vir die doel van die werk sal net in kort aan die aspekte aandag gegee word.

- Die totale individu is gemotiveer eerder as net 'n deel van hom en dus is daar nie so iets soos 'n behoefte van die maag of mond nie, maar slegs 'n behoefte van die individu. Verder ervaar die hele individu bevrediging en nie net

'n deel van hom nie. As die individu 'n behoefte ervaar is daar 'n verandering in baie, indien nie in die meeste van sy funksies nie.

- Maslow onderskei sekondêre of kulturele dryfvere en primêre drange. Al die drange volg die voorbeeld van die primêre (fisiologiese) drange. Die meeste drange kan nie geïsoleer word nie, nie gelokaliseer of beskou word as al wat op daardie tydstip in die organisme gebeur nie. Die tipiese begeerte is dus 'n behoefte van die totale persoon.

- Die drange wat ervaar word, is gewoonlik doelwitte na uitkomste eerder as uitkomste op sigself. Dus moet die studie van motivering gedeeltelik ook die studie van die uiteindelike menslike doel of begeerte of behoefte wees. 'n Goeie motiveringsteorie kan nie die moontlikheid bekostig om die onbewuste te ignoreer, na te laat of gering te skat nie.

- Aangesien verskillende kulture verskillende wyses mag voorsien waarvolgens 'n spesifieke begeerte bevredig mag word, is uitkomste op sigself meer universeel as die wyses waardeur die uitkomste bereik word.

- Daar moet gelet word op wat die begeerte of gedrag fundamenteel beteken eerder as om net te let op wat die individu bewustelik dink dit verteenwoordig. Verder mag 'n enkele stimulus wat dieselfde tyd aangebied word, 'n wye verskeidenheid van begeertes ontlok. Dus moet die gedrag en motiveringstaat van die persoon in totaliteit verstaan word aangesien dit ongewoon is dat 'n optrede of 'n bewuste begeerte

slegs een motiveringswaarde het.

- Motivering is 'n konstante, nimmereindigende, fluktuerende, komplekse en bykans universele karaktereienskap van elke organismiese staat.

- Die mens is 'n begerige wese en bereik selde 'n staat van algehele tevredenheid. As een begeerte bevredig is, verskyn 'n ander een. Die mens is dus nooit tevrede nie, behalwe vir 'n kort tydperk wat daarop dui dat die behoeftes hulself in 'n tipe hiërargie of voorkeur rangskik. Hierdie hiërargie is 'n stygende hiërargie van prioriteit of potensialiteit. Die voortdurende verlange of begeerte is 'n karaktereienskap van die mens deur sy hele lewe. Die verskyning van 'n motiveerder hang af van die staat van bevrediging of ontevredenheid van al die ander motiveerders van die totale organisme. Die begeerte na of van iets impliseer alreeds die bestaan van die ander begeertes wat reeds bevredig is.

- Drange kan nie gelykgestel word aan mekaar nie en kan ook nie geïsoleer word van mekaar nie. Drange is verder dinamies van aard soos blyk uit die feit dat bewuste en onbewuste aspekte mag verskil en dat 'n spesifieke drang in der waarheid 'n wyse mag wees waarvolgens verskeie ander drange hulself uitdruk. Drange orden hulself in 'n hiërargie van spesifiekheid.

- Enige klassifikasie van motivering behoort die fundamentele doel of behoeftes as basis te neem. Gemotiveerde gedrag en spesifieke doel-objekte is nie goeie basisse vir

klassifikasie nie.

- Dikwels word eksperimente met diere gebruik om as basis te dien vir 'n teoretisering van die menslike natuur. Soos wat in die ontwikkelingshiërargie op beweeg word, neem die invloed van drange af en word daar meer geleun op die kultuur as 'n aanpassingsmeganisme. Aangesien die aanwesigheid, belewenis en wyse van bevrediging van instinkte verskil van lewende organismes tot lewende organisme soos wat daar in die hiërargie op of af beweeg word, is dit verkieslik dat as daar wel van diere data gebruik gemaak moet word, daar liefs van bobbejane of ape eerder as van rotte gebruik gemaak sal word, aangesien bobbejane en ape nader aan die mens in die hiërargie is.

- Motiveringsteorieë moet die situasie in ag neem, maar moet nooit 'n suiwere situasie-teorie word nie. Die omgewing, en/of situasie moet dus nie ten koste van die individu oorbeklemtoon word nie. Die individu skep gedeeltelik sy omgewing afhangend van die waardes en sieninge wat hy aan sekere voorwerpe of gebeure heg.

- Die organisme tree gewoonlik as 'n geïntegreerde geheel op solank dit suksesvol is, maar as 'n bedreiging oorweldigend is, of as die organisme te swak of hulpeloos is om die situasie te hanteer, neig dit om te disintegreer.

- Nie alle gedrag of reaksies is gemotiveerd nie aangesien sekere gedrag behoeftebevredigend gerig is en ander gedrag eenvoudig beskermend of verdedigend van aard is.

- Die mens strewe na wat binne sy bereik is.

- Die realiteit beïnvloed onbewuste impulse.

- Die oorgrote meerderheid van die mens se kennis in verband met motivering kom vanuit psigoterapie. Die persone wat psigoterapie ondergaan is 'n swakker monster van die populasie, en gegewens wat net op die monster berus is nie bevredigend nie. 'n Motiveringsteorie moet aan die hoogste kapasiteite van gesondheid sowel as die verdedigingsmeganismes van die siek "kruppel" persone aandag gee. Gevolglik moet motiveringsteoretici 'n meer positiewe oriëntasie beklee.

(Maslow, 1962)

Maslow het dan ook 'n holistiese dinamiese positiewe motiveringsteorie daargestel wat aan die bogemelde teoretiese vereistes voldoen het (Maslow, 1970). Maslow (Mischel & Mischel, 1973) bespreek dan ook hierdie dinamiese aspek en die daarmee gepaardgaande lewensuitkyk, maar vir die doel van hierdie werk sal hierdie aspek nie bespreek word nie. Maslow was van mening dat baie van die menslike gedrag verklaar kan word deur die individuele tendens om na persoonlike doelwitte te streef, wat die lewe dan betekenisvol maak (Hjelle & Ziegler, 1976).

Maslow as verteenwoordiger van die behoefte gesentreerde persoonlikheidsteoretici, kombineer die selfteorie se basiese stellings met die basiese menslike behoeftes. Maslow sien die menslike wese as 'n geïntegreerde holistiese organisme met 'n reeks basiese behoeftes wat in 'n hiërargie van belangrikheid georganiseer is en grootliks deur die kultuur waarin die persoon opgroei, voorgeskryf word (Brammer & Shostrom)

1982). Maslow stel dus die omstandighede vir optimale ontwikkeling in 'n teorie van hiërargiese behoeftes voor (Blocher, 1974).

Die motiveringsteorie van Maslow kan beskou word as 'n omvattende en dinamiese teorie aangesien dit aandag skenk aan die dryfvere binne die mens en die mens ook sien as 'n wese wat deur die interaksie met die omgewing in staat is tot verandering. Deur die klem op die normale persoon se neiging tot verdere ontwikkeling te laat val, word 'n optimistiese prentjie van die mens geteken (Louw, 1982).

Maslow was nie geïnteresseerd om persoonlikheidstipes te skep nie, maar stel eerder belang in die aanmoediging van groei (Maddi, 1968). Aangesien die mens 'n nuwe behoefte ervaar sodra 'n vroeër behoefte bevredig is, kom Maslow tot die gevolgtrekking dat die behoeftes wat 'n mens se gedrag motiveer as 'n hiërargie voorgestel kan word (Louw, 1982). Maddi (1968) is van mening dat die hiërargie van Maslow ook 'n vervullingsmodel genoem kan word.

Maslow is nie al persoon wat 'n behoefte hiërargie-model voorgestaan het nie; Woolpert (1982) maak melding van Bay (1979), Davies (1963), Knutson (1972) en Satin (1978) wat almal 'n behoefte hiërargie aangebied het wat 'n aanvang neem met laer fisiologiese behoeftes en eindig met 'n tipe selfaktualisering. Maddi (1968) meld dat White soos Maslow met 'n oorlewingsbehoefte-idee werk. Tallent (1978) maak melding van Cantril se menslike behoefte en Sward (1980) vermeld en bespreek Rank se model van selfaktualisering. Combs en Snygg het geglo dat die uiteindelike doel van die menslike gedrag selfaktualisering is - handhawing en verheffing van die self (Lindgren & Fisk, 1976). Combs en Snygg

het dan ook 'n viervlak hiërargie bestaande uit fisiologiese, aandag en liefde, affiliasie en selfuitdrukking aangebied (Lindgren, 1964). White stel 'n hiërargie bestaande uit selferkenning-, affiliasie-, oorlewing- en veiligheidsmotiewe voor (McKeachie & Doyle, 1967).

Maslow se teorie van motivering dui vyf basiese klasse of vlakke van behoeftes aan naamlik:

Fisiologiese behoefte
Veiligheidsbehoefte
Affiliasiebehoefte
Erkenningbehoefte
Selfaktualiseringsbehoefte

Maslow (1970) is van mening dat hierdie behoeftes in 'n hiërargie georganiseer kan word en dat die primêre behoeftevlak dominant tot die volgende hoër behoeftevlak is. Dus moet die eerste of primêre behoefte eers bevredig wees alvorens die tweede behoefte bevredig kan word. Maslow groepeer die eerste vier behoeftes naamlik die fisiologiese-, veiligheids-, affiliasie- en erkenningsbehoeftes saam en noem hulle die basiese behoeftes. Motivering speel hier 'n rol en behels spanningvermindering deurdat tekorte bevredig word. Die vyfde behoefte naamlik selfaktualiseringsbehoefte noem Maslow die groeibehoefte en die konsep metamotivering verwys na die groeitendens. Die groeibehoeftes is ook biologies in oorsprong soos die basiese behoeftes (Maslow, 1970). Die tekortbehoefte ontstaan vanuit die persoon se drang na fisiese oorlewing of veiligheid. Die individu word gemotiveer deur die tekort deurdat die persoon betrokke raak in aktiwiteite, wat hierdie tekort verminder of ophef (Engler, 1979). Dus word die mens gemotiveer deur 'n aantal basiese behoeftes (Goble, 1970) of anders gestel, alle gedrag

is in diens van 'n aantal basiese instinkte (Maslow, 1954). Die basiese behoeftes is spesiewyd bykans onveranderd en geneties in oorsprong (Maslow, 1970).

Maslow (1970) is van mening dat die laer behoefte nie totaal bevredig hoef te wees alvorens 'n volgende behoefte ontstaan nie. Die meeste lede van die gemeenskap is dus net gedeeltelik bevredig ten opsigte van hulle basiese behoeftes en hieruit blyk dit dan dat daar gelyktydig in 'n persoon 'n gedeeltelike bevrediging en onbevrediging van die basiese behoeftes mag voorkom. 'n Meer realistiese beskrywing van die hiërargie sal dus wees om dit te beskryf in terme van 'n afname in die een basiese behoefte wat lei tot 'n toenemende verskyning van die volgende hoër basiese behoefte. Dus geld hier beslis nie 'n alles of niks beginsel nie en sal daar voortaan eerder van genoegsame bevrediging van die basiese behoeftes gepraat word.

Aangesien 'n behoefte slegs ontstaan as die voorafgaande laer behoefte genoegsaam bevredig is, sal die behoefte wat nie bevredig of nie genoegsaam bevredig is nie, neig om 'n aktiewe determinerende of organiserende rol te vervul. As die behoefte genoegsaam bevredig is, bestaan dit eintlik nie meer nie. Dus het slegs die onbevredigende behoeftes 'n invloed op gedrag (Maslow, 1970).

Aanvanklik poog die persoon dus om die laagste behoefte genoegsaam te bevredig en as hy hierin suksesvol is, verskuif die klem na die volgende hoër behoefte. Hieruit blyk dat elke vlak oppermagtig is tot die volgende vlak aangesien die eerste of laer vlak eers genoegsaam bevredig moet wees alvorens na die volgende hoër behoefte beweeg kan word (Maslow, 1970).

Die vier basiese behoeftes lei tot die selfaktualiseringsbehoefte, maar die selfaktualiseringsbehoefte is nie soos die basiese behoeftes 'n middel tot 'n doel nie, maar is die einddoel. Om dus na die selfaktualiseringsbehoefte te kan beweeg, moet die basiese behoeftes eers genoegsaam bevredig wees sodat die persoon vry is om die hoër metabehoeftes na te jaag (Maslow, 1962).

Hierdie hiërargie wat deur Maslow voorgestaan word, is nie rigied in die sin dat alle mense die basiese behoeftes in die volgorde, soos vroeër genoem, sal deurleef nie. Hoër behoeftes in die hiërargie mag ontstaan na die bevrediging, geforseerde of vrywillige deprivasie, verloëning of onderdrukking van die laer basiese behoeftes. As dit die geval is mag 'n moontlike verklaring wees dat die motiveringswaarde van die hoër behoefte die van die laer behoefte oorskry. Dit mag dus gebeur dat 'n persoon 'n spesifieke basiese behoefte oorslaan. Die afwesigheid van so 'n basiese behoefte mag dan verklaar word, deur die afwesigheid of oorvloedige bevrediging van die basiese behoefte in die persoon se lewe - veral gedurende die vroeë kinderjare. Die persoon funksioneer in so 'n geval asof die spesifieke behoefte nie bestaan nie. Gewoontevorming speel gevolglik hier 'n rol aangesien die persoon wat lank sonder die bevrediging van 'n behoefte moes klaarkom, in staat is om die behoefte deprivasie beter en vir 'n lang tydperk te weerstaan. Verder neig die persoon wat in die vroeë jare genoegsame bevrediging van die basiese behoeftes ervaar het, om genoegsaam bevredig te bly ten opsigte van die behoeftes ongeag die bedreiging wat die persoon ervaar. Alhoewel daar uitsonderings mag voorkom, is Maslow van mening dat in die geval van die meeste mense die hoër behoeftes eers verskyn nadat die meer basiese behoeftes genoegsaam vervul is (Maslow, 1970).

Die behoeftes is nie noodwendig bewustelik of onbewustelik nie, tog blyk dit dat hulle meer dikwels onbewustelik as bewustelik is. Aangesien die meeste gedrag multigemotiveer is, kan gedrag deur verskeie, een enkele of al die basiese behoeftes, gemotiveer word. Omrede alle gedrag nie gemotiveer is nie, kan gedrag nie sonder meer altyd na die basiese behoeftes herlei word nie. Versteuring van onbelangrike begeertes lei nie tot psigopatologie nie, maar die versteuring van die basiese behoeftes mag wel sulke resultate tot gevolg hê (Maslow, 1970).

Die mees basiese aspek van die bevrediging van enige behoefte is dus die feit dat as die behoefte genoegsaam bevredig is, verskyn daar 'n nuwe hoër behoefte. Alle ander aspekte van behoefte-bevrediging is sekondêr aan hierdie fundamentele feit. Die sekondêre aspekte is as volg:

- Onafhanklikheid en 'n mate van veragting vir die ou bevredigde behoefte en doelwitte wat vervang word deur 'n nuwe afhanklikheid van 'n hoër behoefte en doelwit, wat vroeër nie raakgesien is nie.

- 'n Verandering tree in ten opsigte van die waardes en kognitiewe kapasiteit van die persoon. Aangesien daar 'n verskuiwing van belangstelling en waarde in die persoon plaasvind, neig aandag, waarneming, leer, geheue en denke in die nuwe rigting.

- Die nuwe belangstellings, bevredigers en behoeftes is van 'n hoër vlak.

- Die bevrediging van enige basiese behoefte dra by tot die ontwikkeling van 'n verbeterde, sterker en gesonder individu (Maslow, 1970)

Behoefte-bevrediging is slegs moontlik deur intrinsiek gepaste bevredigers en niks anders as slegs die intrinsieke gepaste bevrediger self kan die behoefte bevredig nie. Toenemende bevrediging van die basiese behoeftes dui op 'n toenemende mate van sielkundige gesondheid. Dus hoe meer basiese behoeftes bevredig is, hoe meer sielkundig gesond is die persoon (Maslow, 1970).

Soos reeds aangetoon verdeel Maslow (1970) hierdie hiërargie van behoeftes in twee groepe naamlik:

(a) basiese- of tekortbehoeftes (motivering)

(b) meta- of groeibehoeftes (metamotivering)

Daar sal nou aan elk van die behoefte-groepe aandag gegee word.

3.3.5 BASIESE BEHOEFTES

Soos reeds vermeld vorm die fisiologiese-, veiligheids-, affiliasie- en erkenningbehoefte die basiese of tekort behoeftes in Maslow se behoefte hiërargie. Die fisiologiese behoeftes is die mees primêre behoefte gevolg deur die veiligheidsbehoefte, dan die affiliasiebehoefte en laastens die erkenningsbehoefte (Maslow, 1962). Die basiese behoeftes rangskik hulself in die taamlike definitiewe hiërargie op die basis van relatiewe potensie. Die veiligheidsbehoefte is sterker as die affiliasiebehoefte aangesien dit die mens domineer as beide die behoeftes onbevredig is. Die fisiologiese behoefte is weer sterker as die veiligheidsbehoefte en die erkenningsbehoefte die swakste van die vier basiese behoeftes (Maslow, 1970).

Aangesien die basiese behoeftes volgens Maslow in 'n hiërargie georden

is (Sahankian, 1965), sal die veiligheidsbehoefte meer prominent raak soos wat die fisiologiese behoefte meer bevredig raak. Dus moet die lae orde behoefte ten minste in 'n sekere mate bevredig word voordat die individu bewus kan word of gemotiveer kan word deur 'n hoër orde behoefte. Die basiese behoefte verskyn vroeg in die mens se ontwikkeling en dus moet die mens vroeg in sy lewe 'n basis van fisiologiese oorlewing en veiligheid daarstel, en as dit gevestig is, kan verder beweeg word in die hiërargie (Maslow, 1970). Krech en Crutchfield (1974) is gevolglik van mening dat die biologiese, sosiale en sielkundige behoeftes eers vervul moet word en dan sal die minder imperatiewe behoeftes te voorskyn kom.

Maslow (1970) wys op 'n aantal voorwaardes wat nodig is vir die bevrediging van die basiese behoeftes. Die voorwaardes sluit die vryheid van spraak, vryheid om te doen wat die individu wil op voorwaarde dat dit niemand in die proses benadeel nie, vryheid om homself uit te druk, vryheid om te ondersoek en inligting te soek, vryheid om die self te verdedig, regverdigheid, geregtigheid, eerlikheid en ordelikheid in die groep in. Volgens Goble (1970) is die omgewings- of sosiale omstandighede dus nou verwant aan die individuele motivering en die bedreiging van hierdie voorvereistes ontlok 'n reaksie soortgelyk aan die reaksie wat ontstaan as die basiese behoeftes bedreig word. Maslow (1970) is van mening dat sonder dié vryheid, basiese bevrediging van behoeftes bykans onmoontlik is en enige bedreiging, deprivasie of blokkering daarvan, sal dus indirek die basiese behoeftes bedreig.

Die basiese behoeftes is tekortbehoeftes (deficiency needs) of D-behoeftes. Onbevredigende D-behoeftes gee aanleiding tot siekte of ongelukkigheid, terwyl vervulde D-behoeftes lei tot 'n strewe na die volgende vlak van die hiërargie (Hall & Lindzey, 1970; Leff, 1978).

Die D-behoefte bevrediging is 'n selfsugtige proses waardeur hoogstens 'n lae vlak van geluk verkry kan word en wat slegs kan aanleiding gee tot die verdwyning van tekorte (Leff, 1978). Die laer behoeftes is dus 'n tekort of 'n behoefte aan iets (DiCaprio, 1983). Hierdie tekortmotiewe is dringende determinante van gedrag as gevolg van die spanning wat ontstaan uit tekort toestand (Maslow, 1962). Maddi (1968) verwys na die D-behoeftes as die oorlewingstendens wat 'n strewe na veiligheid, fisiese- en psigiese-oorlewing verseker. Die oorlewingstendens laat lewe voortduur deurdat dit spanning (tekorte) verlig.

Die omgewing speel 'n belangrike rol in die bevrediging van die basiese behoeftes. As die omgewing nie aan 'n bepaalde behoefte kan voorsien nie, sal die gedepriveerde persoon op daardie behoefte vashaak, tevrede moet wees met die mate van bevrediging wat die omgewing hom kan bied of die behoefte oorslaan. So mag die persoon byvoorbeeld die risiko ten opsigte van veiligheid loop in belang van affiliasie. Volgens Leff (1978), sal die hoër behoeftes neig om te verskyn - as die laer behoeftes genoegsaam bevredig is - ongeag die kultuur of individuele persoon. Tog mag sekere kultuur of persoonlike omstandighede die ontwikkeling van hoër behoeftes inhibeer of voorkom. Die invloed van die omgewing is reeds bespreek onder Maslow se mensbeskouing en sal dus nie nou weer bespreek word nie. Verder word die leser se aandag ook gevestig op die aspek van genoegsame bevrediging van 'n behoefte en die oorslaan van 'n behoefte wat reeds vroeër in hierdie afdeling bespreek is.

Volgens Tallent (1978) lê Maslow meer klem op die hoër behoeftes naamlik affiliasie-, erkenning- en selfaktualiseringsbehoefte. Maslow gee min aandag aan die suiwere biologiese behoeftes aangesien die bevrediging

van hierdie behoeftes slegs 'n voetholte is om na hoër funksionering te klim. Verder bevredig die samelewing hedendaags bykans outomaties die onderste twee vlakke van die hiërargie. Die hoër behoeftes word volgens Tallent (1978) deur 'n aantal aspekte gekenmerk:

- Hoër behoeftes word slegs in die hoogsontwikkelde spesies van die evolusieleer, onder andere die mens, aangetref.
- Hoër behoeftes ontwikkel later in die persoon se lewe as die laer behoeftes.
- Hoër behoeftes is minder noodsaaklik vir suiwere oorlewing, kan langer uitgestel word en die tipe behoefte kan permanent verdwyn. Hoër behoeftes is dus 'n misbare luukse in vergelyking met die laer behoeftes.
- Hoër behoeftes lei tot groter en meer diepgaande geluk, kalmte en rykheid van innerlike lewe as die bevredigde laer behoeftes.
- Hoër behoeftes het meer voorwaardes aangesien laer behoeftes eers bevredig moet word.
- Hoër behoeftes vereis beter eksterne omstandighede as in die geval van laer behoeftes.
- Persone wat ten opsigte van beide laer en hoër behoeftes bevredig is, heg groter waarde aan die hoër behoeftes.
- Die nastreef en bevrediging van die hoër behoeftes het wenslike burgerlike en sosiale betrokkendheid, konsekwensies asook groter, sterker en ware individualisme tot gevolg.
- Psigoterapie is meer effektief by die hoër behoeftes.
- Die laer behoeftes is by verre meer gelokaliseer, tasbaar en meer beperk as die hoër behoeftes. Die hoër behoeftes

is bykans onbeperk in hul bevredigingskapasiteit.

- Hoër behoeftes lei tot 'n biologies meer effektiewe, oorlewings- en groei-waarde.
- Hoër behoeftes is minder dringend.
- Nastrewing en bevrediging van die hoër behoeftes verteenwoordig 'n algemeen gesonder neiging weg van psigo-patalogie.
- Bevrediging van hoër behoeftes is nader aan selfaktualisering as laer behoefte-bevrediging.

Opsommenderwys kan gesê word dat om 'n basiese behoefte te kan wees, daar aan die volgende vereistes voldoen moet word.

- Die afwesigheid van sodanige aspek moet aanleiding gee tot 'n siektetoestand.
- Die teenwoordigheid van sodanige aspek moet 'n siektetoestand voorkom.
- Sodanige aspek moet 'n siektetoestand kan genees.
- In 'n vrye keuse-situasie moet die gedepriveerde persoon die aspek bo ander bevredigers kies.
- Die aspek is onaktief, kom min voor of is afwesig in die gesonde persoon.

  Fehr (1983), Jourard (1963; 1974), Liebert en Spiegler (1982), Maslow (1962) en Sahankian (1965)

Die vier basiese behoeftes sal nou van naderby beskou word.

(a) Fisiologiese behoefte

Die fisiologiese behoefte sluit behoeftes soos kos, vloeistof, suurstof,

skuiling, aktiwiteit en stimulasie, slaap of rus, seks en beskerming teen eksterne temperature en sensoriese stimulasie in. Dit is dus die mees basiese, mees kragtige en voor die handliggende van alle menslike behoeftes aangesien dit noodsaaklik is vir die fisiese oorlewing, liggaamlike funksionering en biologiese voortbestaan van die mens (Engler, 1979; Goble, 1970; Hjelle & Ziegler, 1976; Swensen, 1973).

Maslow (1970) beskou dan ook die fisiologiese behoefte as die beginpunt vir sy motiveringsteorie en gaan verder deur dit as die mees potente behoefte, maar ook die minste belangrike behoefte vir die selfgeaktualiseerdepersoon te vermeld.

As al die behoeftes in 'n persoon onbevredig is, word die persoon gedomineer deur die fisiologiese behoefte en is al die ander behoeftes op die agtergrond. Die persoon ervaar die fisiologiese behoeftes (byvoorbeeld honger, dors, ensovoorts) sterker as enige van die ander behoeftes soos veiligheid-, affiliasie- en erkenningsbehoeftes. Die hele persoon word bykans totaal en al oorheers deur die fisiologiese behoefte en alle vermoëns van die persoon word in diens daarvan gestel. Geen ander belangstelling buite die fisiologiese behoefte bestaan vir die persoon op die stadium nie.

Selfs die toekomssiening van die persoon word deur die behoefte beïnvloed (Maslow, 1970).

As aan die fisiologiese behoefte voldoen word en dit dus bevredig is, ontstaan daar ander hoër behoeftes wat die persoon dan weer domineer. As hierdie hoër behoeftes bevredig is, ontstaan daar weer ander, nog hoër, behoeftes.

Die fisiologiese behoeftes moet tot 'n sekere minimum vlak bevredig word alvorens die individu gemotiveer word deur hoër orde behoeftes (Hjelle & Ziegler, 1976). Maslow (1970) is egter van mening dat van die meer primêre basiese behoeftes in sekere kulture en sosio-ekonomiese groepe bykans outomaties geskied en dat die mens daaraan gewoond raak en dit as vanselfsprekend aanvaar.

Volgens Swensen (1973) kan die behoeftes ook hoogs spesifiek wees, byvoorbeeld 'n honger vir 'n spesifieke voedselsoort.

(b) Veiligheidsbehoefte

Sodra die fisiologiese behoefte relatief goed bevredig is, ontstaan daar 'n nuwe stel behoeftes wat as veiligheidsbehoeftes gekategoriseer kan word. Die veiligheidsbehoeftes bestaan onder andere uit aspekte soos sekuriteit, stabiliteit, afhanklikheid, beskerming, vryheid van vrees, angs en chaos en behoefte aan struktuur, orde, wette en grense (Maslow, 1970). Die genoemde aspekte van hierdie behoefte kan herlei word tot die voortbestaan van die status quo deurdat orde en sekuriteit behou word (DiCaprio, 1983). Die primêre motiveringskrag lê dus in die redelike mate van sekerheid, orde, struktuur en voorspelbaarheid wat in die persoon se omgewing ingebou word (Hjelle & Ziegler, 1976).

Net soos in die geval van die fisiologiese behoeftes kan die persoon ook totaal gedomineer word deur die veiligheidsbehoefte. Die behoefte dien dan as organiseerder van gedrag. Die totale persoon kan dus in diens geneem word ter bevrediging van die behoefte en die persoon kan dan as 'n veiligheidsoekende wese beskryf word. Die huidige en toekomstige wêreldbeskouing, filosofie en waardes van die persoon word dan deur die tekort aan veiligheid beïnvloed en gedomineer (Marlow, 1970).

Volgens Maslow (1970) het volwasse persone al geleer om reaksies wat as gevolg van onbevredigende veiligheidsbehoeftes ontstaan, te inhibeer of as gevolg van toename in kennis, sekere vrese ontgroei en gevolglik kan die veiligheidsbehoefte die beste en mees effektiefste by babas en kinders waargeneem word. Die gemiddelde kind verkies gewoonlik 'n veilige, ordelike, voorspelbare, wetlike- en georganiseerde wêreld waarop hy kan reken en waarin onverwagte, onhanteerbare, chaos of gevare nie in voorkom nie en waarin kragtige beskermers (ouers) beskerming bied. Die veiligheidsbehoefte is ook duidelik aanwesig in aspekte soos werksekerheid, finansiële beskerming, godsdienstige- en filosofiese geloofsisteme. Die veiligheidsbehoefte as motiveerder tree na vore in situasies soos onder andere oorlog, natuurrampe, siekte en vlaag van misdade. Persone wat in 'n onbedreigde, liefdevolle gesin opgegroei het, is grootliks bevredig in hul veiligheidsbehoeftes terwyl die vredevolle, glad funksionerende, stabiele en goeie gemeenskap die persoon verder veilig laat voel. Daarom is Maslow (1970) van mening dat die primêr-basiese behoeftes in sekere kulture en sosio-ekonomiese groepe bykans outomaties geskied. Dus word die persoon nie verder gemotiveer deur die bevredigde veiligheidsbehoefte nie.

Die mens vra dus vryheid met grense eerder as 'n totale permissiwiteit (Goble, 1970). Deur dié grense kan 'n voorspelbare wêreld geskep word wat onsekerheid en angs beperk (Engler, 1979). Gevolglik is dit te wagte dat die veiligheidsbehoefte dan ook in situasies wat vir die individu vreemd is as motiveerder na vore sal tree.

(c) Affiliasiebehoeftes

As beide die fisiologiese en veiligheidsbehoefte genoegsaam bevredig is, verskyn die liefde, behoort aan of affiliasiebehoeftes en die siklus

soos reeds hierbo beskryf, herhaal homself. Die persoon ervaar nou 'n honger na effektiewe verhoudings soos nog nooit vantevore nie (Maslow, 1970). DiCaprio (1983) is van mening dat Maslow 'n aantal sosiaal georiënteerde behoeftes onder die kategorie van affiliasiebehoeftes insluit.

Maslow (1970) is van mening dat die mens gemotiveer word deur die onbevredigde behoefte aan kontak wat ontstaan as gevolg van vervreemding en alleenheid wat vererger word deur die hedendaagse mobiliteit, afbreking van tradisionele groepering, versplintering van families, generasiegaping, verstedeliking en gepaardgaande oppervlakkige vriendskappe. As gevolg van bogenoemde verklaar Maslow dan ook die toename in T-groepe, groeigroepe asook die ontstaan van jeugbendes en rebellegroepe.

Ryckman (1982) wys daarop dat alleenheid nie noodwendig skadelik vir persoonlike ontwikkeling is nie, maar juis die alleenheid kan as basis dien vir kreatiwiteit en selfinsig. Tog is alleenheid dikwels 'n ongewenste en pynlike ervaring.

Die opeengehoopte lewensomstandighede van die hedendaagse lewe blokkeer die uitdrukking van die affiliasiebehoefte. Alhoewel die mense nader aan mekeer bly as vroeër, is hulle nie in interaksie met mekaar nie. Gevolglik voel baie persone alleen en geïsoleer, terwyl daar baie mense rondom hulle is (DiCaprio, 1983). As iemand die persoon liefhet en hy aanvaar word, ervaar die persoon 'n gevoel van waarde maar as die persoon nie liefde ontvang nie, lei dit tot 'n gevoel van sinloosheid, leegheid en vyandigheid. Baie persone is egter huiwerig om hulself te ontsluit in intieme verhoudings, aangesien hulle verwerping vrees (Hjelle & Ziegler, 1976).

Vir Maslow (1970) is liefde nie 'n sinoniem vir seks nie, maar behels dit beide 'n gee en neem. Liefde behels 'n gesonde, liefdevolle verhouding tussen twee mense wat wederkerige respek, bewondering en vertroue insluit. In 'n ware verhouding is daar dus 'n gebrek aan vrees en afname van verdedigings. Die wyses waarop persone teenoor mekaar reageer is verder 'n funksie van die behoeftes wat elkeen ervaar en dus sal die aard van die verhouding verander soos die onvervulde behoeftes bevredig word (Maslow, 1962).

Soos Maslow die woord liefde gebruik is dit nie dieselfde as seks wat as 'n suiwere fisiologiese behoefte gesien kan word nie (Goble, 1970). Die affiliasiebehoefte wat opsigself 'n selfsugtige liefde is, noem Maslow D-liefde (deficiency love) of tekort-liefde. Wanneer die basiese behoeftes relatief bevredig is, raak dit vir die persoon moontlik om ander persone met 'n volwasse liefde of B-liefde (being love) lief te hê. Verder lei die afwesigheid van liefde tot 'n versmoring van groei en potensiaalontwikkeling. Maslow (1962; 1970) bespreek hierdie begrippe van liefde, B-liefde en D-liefde volledig, maar vir die doel van hierdie werk sal daar egter met bogenoemde volstaan word.

(d) Erkenningbehoeftes

Wanneer die vorige behoeftes redelik bevredig is, verminder hul motiveringskrag en verskyn die laaste van die basiese behoeftes naamlik erkenningbehoefte.

Volgens Maslow (1970) ervaar bykans alle persone 'n behoefte of 'n drang aan 'n stabiele, ferm, hoë evaluasie van homself, selfrespek of selferkenning en die erkenning van ander. Die behoefte kan in twee gedeel word naamlik selfrespek of selferkenning en erkenning van ander.

Die eerste behels 'n drang na sterkte, bereiking, geskiktheid, bemeestering, vertroue, bekwaamheid, onafhanklikheid en vryheid. Hjelle en Ziegler (1976) stel dit as 'n begeerte na bekwaamheid, vertroue, persoonlike krag, toereikendheid, prestasie, onafhanklikheid en vryheid. Dus ervaar die individu 'n behoefte om te weet dat hy iets werd is, in staat is om take te bemeester en uitdagings in die lewe te kan aanvaar. Die tweede behels 'n drang na prestige, reputasie, status, roem, glorie, dominansie, aandag, belangrikheid, waardering en waardigheid (Maslow, 1970). Die individu moet waardeer word vir wat hy in staat is om te doen en sal dus 'n gevoel van waarde ervaar wanneer hulle bekwaamheid erken en waardeer word deur ander (Hjelle & Ziegler, 1976).

Die bevrediging van die erkenningsbehoefte lei volgens Maslow (1970) tot 'n gevoel van selfvertroue, waarde, krag, vermoë, bruikbaarheid en nodigheid. 'n Persoon met 'n gepaste selfwaarde is vol vertroue en voel bekwaam en is dus meer produktief as 'n persoon met 'n lae selfwaarde (Goble, 1970). Volgens Swensen (1973) benader die persoon wat oor 'n hoë selfwaarde en die respek van ander beskik, probleme met vertroue terwyl die persoon met 'n gebrekkige selfwaarde belemmer word deur sy gevoel van minderwaardigheid en hulpeloosheid.

Versteuring van hierdie behoefte lei tot gevoelens en houdings van ontoereikendheid (minderwaardigheid en ongeskiktheid), swakheid en hulpeloosheid en gee aanleiding tot ontmoediging, kompensasie of neurotiese trekke (Maslow, 1970). Die negatiewe selfsiening mag aanleiding gee tot 'n moedeloosheid, 'n gevoel van nutteloosheid en hopeloosheid in die hantering van lewenseise en 'n lae selfevaluasie in vergelyking met ander (Hjelle & Ziegler, 1976).

Volgens Maslow (1970) is dit gevaarlik om die selfwaarde te baseer op die opinies van ander mense en behoort dit eerder op ware vermoëns, bekwaamhede en geskiktheid baseer te word. Dus word die mees stabiele en gesonde selfbeeld eerder gebaseer op verdiende respek van ander as op eksterne roem, status en ongewaarborgde vleiery. Selfwaarde is dus 'n produk van inspanning en word verdien. Die persoon loop 'n risiko deur sy selfwaarde te vestig op ander se opinies en eksterne faktore buite sy beheer eerder as op sy ware vermoëns. Gevolglik moet daar 'n onderskeid getref word tussen dit wat uit 'n persoon se ware innerlike natuur of ware self kom, en dit wat uit die geïdealiseerde self kom.

Soos reeds aangetoon vorm hierdie vier behoeftes die basiese behoeftes. As hierdie basiese behoeftes genoegsaam bevredig is, kan dit lei tot die selfaktualiseringsbehoeftes wat nou bespreek sal word. Dus sal die selfaktualiseringsbehoeftes of groeibehoeftes nie die persoon motiveer alvorens die basiese behoeftes genoegsaam bevredig is nie, maar sodanige motivering vind ook nie noodwendig outomaties plaas na die basiese behoeftes genoegsaam bevredig is nie.

### 3.3.6 SELFAKTUALISERINGSBEHOEFTES

Behalwe die basiese behoeftes waaraan in die vorige bladsye aandag gegee is, het Maslow ook 'n aantal behoeftes in 'n hoër kategorie beskryf. Die behoeftes noem hy groeibehoeftes, B-waardes (Being-values) of metabehoeftes. Die hoër behoeftes benodig egter die laer basiese behoeftes as fondament. Dus word die mens aanvanklik gemotiveer deur 'n reeks basiese behoeftes; as die basiese behoeftes genoegsaam bevredig is, beweeg die persoon na die vlak van hoër behoeftes en word dan deur die hoër behoeftes gemotiveer. Maslow noem dit metamotivering

(Goble, 1970). Maslow (1973) bespreek die metamotiveringsteorie volledig aan die hand van ag en twintig punte. Vir die doel van hierdie werk sal dit egter nie puntsgewys bespreek word nie.

Die kwalitatiewe en kwantitatiewe aspekte van die selfgeaktualiseerde persoon se motiveringslewe verskil van die van die gewone mens. Die selfgeaktualiseerde streef nie meer nie, maar ontwikkel. Hy poog om tot perfeksie te groei en ontwikkel meer en meer volledig in sy eie styl. Die motivering van die gewone mens is 'n strewe om die basiese behoeftes te bevredig, maar die selfgeaktualiseerde persoon kom geen bevrediging kort nie en tog het hulle sekere impulse. Die twee tipe persone verskil dus deurdat die selfgeaktualiseerde reeds lewe, terwyl die ongeaktualiseerde homself nog voorberei om te lewe.

Die fokus en kwaliteit van menslike motivering skuif van die tekortbehoeftes - op voorwaarde dat dit genoegsaam bevredig is - na die bevrediging van die hoër, minder kragtige metabehoeftes waar die persoon vry is om sy potensiaal te ontwikkel. Die mens raak nou betrokke in die aktiwiteite vir sy eie gewin (McKeachie & Doyle, 1970). Hierdie fokus op die hoër vlak behoeftes, dryfvere na selfaktualisering en innerlike potensiaal-realisering, is vorme van B-waardes. Maslow (1970) is van mening dat B-waardes aspekte soos vertroue, goedheid, mooie, eenheid, lewendigheid, uniekheid, perfeksie, noodsaaklikheid, voltooiing, gemak, regverdigheid, orde, eenvoud, rykheid ten opsigte van begrip, selfgenoegsaamheid en betekenisvolheid insluit.

Die doel van die B-waardes is om die lewe te verhef deur dit te verryk. Dus eerder as om spanning te verlaag, verhoog die B-behoefte spanning in die soeke na toenemende stimuli wat die lewe se vervulling sal

aanhelp (Engler, 1979). Die B-behoeftes is dus gefokus op die einddoel van die mens, onafhanklik van alle menslike behoeftes en bedoelings as 'n uitkoms opsigself (Maslow, 1962).

Hierdie groei- of metabehoeftes is nie hiërargies gerangskik soos die basiese behoeftes nie, en in die algemeen is hulle ewe sterk en kan mekaar maklik vervang (Maslow, 1962).

Maslow was aanvanklik van mening dat die selfaktualiseringstendens outomaties sal verskyn na die vier basiese behoeftes genoegsaam bevredig is. Tog het hy gevalle gevind waar die persoon bevredigend deur die tekort behoeftes beweeg het, maar geen voortdurende strewe vir self-aktualisering geopenbaar het nie. Dus wil dit voorkom of sommige persone betrokke sal raak in die bevrediging van hulle B-waardes of selfaktualisering na die bevredigende bevrediging van die basiese behoeftes, terwyl ander nie in sodanige B-waarde bevrediging belangstel na die basiese behoeftes genoegsaam bevredig is nie. Frick (1982) het in gesprek gegaan met Maslow oor dié verskynsel. Alhoewel Maslow nie duidelikheid oor die aangeleentheid op daardie tydstip gehad het nie, het 'n moontlike verklaring van die verskil tussen die twee ewe gelyk bevredigde individue ten opsigte van behoeftes, vir hom gelê in 'n interne wil of krag, 'n pro-lewenstendens, positiewe lewenstendens of impulsstem. Maslow het selfs so ver gegaan om te sê dat, afhangend van die sterkte van hierdie wil of krag, die hiërargie selfs mag verval. Dus is daar moontlik 'n inherente menslike tendens na rus of traagheid sowel as na groei en aktiwiteit. 'n Behoefte aan rus, herstel of energie-bewaring (Goble, 1970). Ongelukkig is Maslow oorlede voordat hy meer duidelikheid kon verkry oor hierdie interne wil.

Frick (1982) wys daarop dat die persoon wat suksesvol deur die behoefte-hiërargie kon beweeg tot voor die selfaktualisering 'n aansienlike krag en motivering moes gehad het om tot op die vlak van bevrediging te kon kom. Aangesien die basiese behoeftes tekort-gemotiveerd is teenoor die metabehoeftes wat groei-gemotiveerd is, lê die verklaring dalk, volgens Frick (1982), in die feit dat die metabehoeftes biologies swakker en dus meer kwesbaar is en om dié rede momentum ten opsigte van persoonlike groei op die hoogste vlak verloor.

Hierdie moontlike apatie ten opsigte van selfverwesenliking mag aan die hand van die Jonah Complex verklaar word. Volgens Maslow (1962) is die mens bang vir sy goeie talente en potensiaal aangesien hierdie positiewe aspekte nie net geluk bring nie, maar ook verantwoordelikheid en pligte. Soms spruit 'n vrees vir die onbekende hieruit voort en die vrees noem Maslow die Jonah Complex. Maslow (1962) is van mening dat die mens bang is vir enige kennis wat daartoe mag aanleiding gee dat hy homself verag; hom swak, sleg, waardeloos, sondig of skaam mag laat voel. Die mens beskerm dus homself en sy ideale beeld. Verder neig die mens om persoonlike groei te weerstaan of te ontvlug aangesien dit ook mag lei tot 'n gevoel van swakheid of ontoereikendheid. Die ontdekking van 'n groot talent in jouself lei tot opwinding, maar gepaardgaande daarmee ontstaan ook die vrees vir die daaruit voortvloeiende gevare, verantwoordelikhede, pligte en moontlike alleenheid. Verantwoordelikhede kan 'n swaar las wees en word dus so ver en lank moontlik vermy. Aangesien nuuskierigheid deur ander ervaar mag word as 'n uitdaging, aanval of beweging op 'n terrein waar die persoon eintlik nie mag beweeg nie, ontstaan daar 'n pseudo-domheid. Die veiligheidsstrewe is sterker as die nuuskierigheid van die mens en plaas dus 'n demper op die nuuskierigheid. Soms word nuuskierigheid (en groei)

vermy om sodoende angs en verantwoordelikheid te vermy. Symonds (1980) wys ook op die stress wat selfaktualisering mag veroorsaak.

Munn, Fernald en Fernald (1969) vermeld die moontlikheid dat selfaktualisering net van tyd tot tyd voorkom en dus eerder 'n idee as 'n aktiwiteit is.

Maslow (1970) wys ook op die rol wat goeie omgewingsomstandighede speel in die aktualiseringsproses. Hier word die leser terugverwys na die gedeelte oor Maslow se mensbeskouing waar in detail aan dié aspek aandag gegee is. Hierdie omstandighede sluit volgens Maslow 'n sosialiseringsproses in wat gelykheid en vertroue tussen persone kweek asook respek en ondersteuning van die individuele reg van die persoon om sy eie besluite te neem. Aangesien die omgewing 'n direkte invloed op die belangrike vroeë stadia van persoonlike ontwikkeling, waartydens die basiese behoeftes bevredig word, mag hê en die laer basiese behoeftes eers genoegsaam bevredig moet wees alvorens die hoër behoeftes op die voorgrond tree, kom die belangrikheid van die omgewing duidelik na vore (Maslow, 1962).

As die hoër behoeftes te voorskyn tree, word die persoon minder afhanklik van sy omgewing en leun hy op sy innerlike ervarings om sy gedrag te rig. Die gedrag word bepaal deur sy innerlike natuur, vermoëns, potensiaal, talente en kreatiewe impulse (Maslow, 1962). Dus is die persoon vry om sy eie spontane keuses te maak; keuses op grond van sy eie innerlike natuur en hy hoef nie te vertrou op die waardes en verwagtings van ander nie.

Maslow (1962) gee spesifiek aandag aan die verdediging en groei.

Hierdie aspek sluit nou aan by die verskynsel dat slegs sekere persone verder as die basiese behoeftes groei. Die aspek sal egter nie in dié werk bespreek word nie en daar sal dus volstaan word met die bespreking hierbo.

Bogemelde verklarings van wat moontlik aanleiding mag gee tot die apatie ten opsigte van selfaktualisering is op die stadium bloot bespiegelinge. Vir die doel van hierdie werk sal daar dus verder slegs aandag gegee word aan die persone wat wel toetree tot die selfaktualiseringsproses. Hierdie apatie mag moontlik 'n verklaring daarvoor bied dat Maslow slegs een persent selfaktualisering onder die bevolking kon vind.

Die gesonde persoon word volgens Maslow (1970) primêr gemotiveer deur sy behoefte om sy volle potensiaal en vermoëns te ontwikkel en te aktualiseer. Engler (1979) verduidelik die aspek as volg: Die mens se primêre motiveringskrag is die strewe of dryfveer na selfaktualisering. Hy soek meer as blote vervulling van die biologiese drange of die herstel van equilibruim. Die mens is dus geïnteresseerd in groei eerder as net in tekort-vermyding en deur die selfaktualisering beweeg die persoon vorentoe, groei hy.

Persoonlike groei behels nie net die bevrediging van die basiese behoeftes en hul verdwyning nie, maar sluit verder nog 'n spesifieke groei of metamotivering in (Frick, 1982). Die metabehoefte behels dus nie die herstel van tekorte nie en kom eers ter sprake na die tekorte genoegsaam bevredig is (Hjelle & Ziegler, 1976). Volgens Maslow (1962) het die gesonde persoon sy basiese behoeftes reeds genoegsaam bevredig sodat hy primêr gemotiveer word deur die neiging tot selfaktualisering

(of metamotivering). Hierdie metabehoefte of aktualiseringstendens kom dus na vore as die oorlewingstendens reeds genoegsaam bevredig is en kan as 'n vervullingstendens gesien word. Aangesien die aktualiseringstendens groei gemotiveerd is, sluit dit nie die herstel van defekte in nie, maar behels dit eerder die uitbreiding van horisonne. Dit verminder ook nie spanning soos die basiese behoeftes nie; inteendeel, dit verhoog spanning.

Die doel van die groei-motiewe is om die lewe te verryk en daardeur word die plesier om te lewe vermeerder (Hjelle & Ziegler, 1976). Die aktualiseringstendens verteenwoordig dus 'n realisering van potensiaal en lei tot 'n ryke en diepe betekenisvolle lewe. Groeibehoeftes volgens DiCaprio (1983) veronderstel of impliseer dat iets gedoen sal of moet word, met ander woorde, aktiwiteit. Volgens Leff (1978) kan die mens slegs in die B-vlak (being need, groei of metabehoefte) sy lewe ten volle geniet en die plesier en kreatiwiteit ervaar waartoe hy in staat is. Die B-motiewe vind neerslag in aktiwiteite wat uitgevoer word tot die beswil van die persoon self soos eksplorasie ondersoek en kreatiewe produksie. Die aktualisering van hierdie B-motiewe lei tot die selfaktualisering van die persoon, met ander woorde die volle ontwikkeling van sy potensiaal as 'n unieke menslike wese.

Alhoewel die metabehoeftes dus geassosieer word met die ingebore strewe van die mens om sy inherente potensiaal te aktualiseer, is die metabehoeftes net so instinktief of inherent in die mens as die tekortmotiewe (Hjelle & Ziegler, 1976).

Die invloed van die omgewing het ter sprake gekom in die bespreking van Maslow se mensbeskouing asook in die bespreking van Maslow se

motiveringsteorie tot dusver. Vervolgens sal daar dus aandag gegee word aan hoe 'n sielkundige utopia volgens Maslow sal lyk.

Volgens Maslow (Sahankian, 1965; Maslow, 1970) sal 'n sielkundige utopia 'n omgewing wees waarin alle mense sielkundig gesond is, waarin 'n laissez-faire beleid geld, liefdevolle kultuur, vryheid van keuse, die basiese en metabehoeftes gerespekteer word, nie ingemeng word met mekaar nie, mekaar nie hinder nie, vryheid van opinie, geloof, filosofie, smake en voorkeure, nie opdringerig nie, eerlikheid, minder kontrolerend, minder gewelddadig, minder minagtend, minder oorheersend, wens respektering en bevrediging asook basiese behoefte-bevrediging. Uit die skets van die utopia blyk 'n duidelike neiging tot permissiwiteit. Volgens Maslow kan die diepste wese van die menslike natuur ditself met groot gemak vertoon onder sulke omstandighede. Sulke omstandighede stem die atmosfeer daarvoor dat mense hul ware self kan openbaar.

Maslow (1954) is van mening dat skrywers, digters en kortverhaal-skrywers die goeie mens so goed voorstel dat niemand so wil (of kan) wees nie. Die mense projekteer sy eie wense ten opsigte van perfeksie, skuld en skaamte in verband met sy tekortkominge dan op ander persone, soos byvoorbeeld die predikant. Die predikant word nou voorgestel as vreugdeloos, met geen wêreldsheid, wêreldse wense en sonder enige swakhede. Deur die voorstelling word eise nou aan die persoon gestel wat hoër is as waaraan die gemiddelde mens self kan voldoen. In hierdie lig moet die selfgeaktualiseerde ook nie gesien word as 'n super wese nie. Die selfgeaktualiseerde toon ook menslike tekortkominge soos om laf te wees, verkwistigde gewoontes of onbedagsaam, verveeld, geïrriteerd of koppig, trots, partydig, woede, rusteloosheid, gejaagd, maar kom tog uiterlik rustig voor. Hulle kan hul vinnig losmaak van gebeure sonder om daaroor te tob. Aangesien hulle sterk en onafhanklik van

ander se opinie is, kan hulle ander te na kom as gevolg van die onafhanklikheid van opinie. Weens hulle konsentrasie of gefasineerde belangstelling mag hulle afwesig, humorloos en vergeetagtig wees wat daartoe mag lei dat hulle soms algemene sosiale hoflikheid vergeet. Hul goedheid mag hul foute laat begaan deurdat ander hulle mag gebruik. Die persone ervaar ook skuld, angs, hartseer, selfkastyding, innerlike strewe en konflik. Brammer en Shostrom (1982) is van mening dat selfgeaktualiseerde persone woede sowel as tere liefde met gemak kan uitdruk en dus sterk, maar tog ook bewus van hul swakhede is.

Volgens Maslow (Sahankian, 1965) kan die gesonde individu nie op grond van eksterne voorkoms uitgeken word nie; dit is 'n innerlike vryheid. Eksterne vryheid is in die gesonde persoon van minder belang as die innerlike vryheid, dus is hy onafhanklik van die goedkeuring of afkeuring van ander en soek hy sy eie goedkeuring.

Maslow (1962) is van mening dat die tekort-gemotiveerde persoon by verre meer afhanklik van ander persone is as die oorheersende groeigemotiveerde persoon. Die persoon se afhanklikheidsvlak kleur sy verhouding met ander aangesien daar na die ander gekyk word in terme van die onbevredigde behoeftes wat die ander persoon mag vervul. Ander persone het die B-gemotiveerde persoon lief omrede hy liefde waardig is, eerder as liefde uitgee.

Maslow (1970) is van mening dat ten spyte daarvan dat 'n persoon sy basiese behoeftes genoegsaam bevredig het, hy nog steeds 'n rusteloosheid en ontevredenheid mag ervaar. Hierdie rusteloosheid en ontevredenheid sal bly voortbestaan tot die individu betrokke raak by die aktiwiteite waarvoor hy as individu geskik is. Hierdie behoefte wat lei tot en manifesteer in die rusteloosheid en ontevredenheid, word deur Maslow

selfaktualisering genoem.

Volgens Maslow (1970) gebruik hy die term minder spesifiek en begrens as wat die skepper daarvan, naamlik Kurt Goldstein, dit oorspronklik gebruik het. Vir Maslow verwys selfaktualisering na die mens se begeerte om homself te vervul, met ander woorde die tendens om geaktualiseerd te word in al die aspekte waarin die persoon potensiaal het om te word waartoe hy in staat is.

Die selfaktualiseringsbehoefte verskil van persoon tot persoon (Maslow, 1970). Hierdie idiosinkratiese aspek van die behoefte maak dit dus juis moontlik vir elke persoon om sy eie unieke potensiaal en vermoëns te aktualiseer deur juis dit te doen wat hy as persoon die beste kan doen (Hjelle & Ziegler, 1976). Dus kan geaktualiseerdes byvoorbeeld in enige beroep aangetref word en sou 'n skoenmaker, huisvrou, student, sportman ensovoorts almal hulle potensiële vermoëns kan aktualiseer (Morgan & King, 1966). DiCaprio (1983) is van mening dat nie slegs die tipe aktiwiteit nie, maar ook die wyse waarin die aktiwiteit vervul word, belangrik is in die bereiking van selfaktualisasie. So het Anderson (1975) en Tharaud (1982) in gevallestudie styl onderskeidelik Richard Nixon en Oliver Twist aan die selfaktualiseringsidee gemeet.

Maslow (1954) wys egter daarop dat hierdie volle gebruik en uitdrukking van talente, kapasiteite, potensiaal, ensovoorts wat tot die vervulling van die self lei, nie uitsluitlik idiosinkraties van aard is nie, maar ook spesiewyd mag voorkom.

As daar gekyk word hoe Maslow (1970) die selfaktualisering verwoord, naamlik om totaal die tipe persoon te word wat jy wil word of vervulling van die persoon se individuele aard in alle aspekte, is dit eintlik

te wagte dat elke persoon sal verskil in die wyse waarop hy homself vervul. Sekondêre bronne in verband met Maslow se selfaktualiseringsidee soos DiCaprio (1983), Engler (1979) en Swensen (1973) vermeld slegs dat daar verskille is en meld nie die moontlikheid van spesiewye behoeftes nie. Maslow (1954, 1962) is van mening dat die innerlike natuur van die mens eiesoortig is aan elke mens en dat dit bestaan uit kapasiteite en tendense waarvan party eie aan die ganse mensdom is en ander weer uniek aan die individu. Dus blyk dit dat daar verskille bestaan, wel mag voorkom en te wagte is in die behoeftes wat persone ervaar, maar of hierdie verskille noodwendig essensieel en noemenswaardige verskille is, is 'n ope vraag.

Maslow (1970) vermeld die volgende eienskappe wat hy by selfgeaktualiseerde individue gevind het:

Aanvaarding
Akkurate realiteitspersepsie
Demokratiese karakter-struktuur
Etiese bewustheid
Humor
Interpersoonlike verhoudings
Kreatiwiteit
Kruinervarings
Lewensdoel
Outonomie
Selfstandigheid
Sosiale betrokkenheid
Spontaniteit
Voortdurende varse waardering
Weerstand teen gekultiveerdheid

Talle outeurs vermeld en verwys slegs na hierdie eienskappe, onder andere Bischof (1964), Burns (1979), Fehr (1983), Jourard (1963; 1974), Kendler (1981), Liebert en Spiegler (1982) en Smith (1974), terwyl Carkhuff (1981), Hjelle en Ziegler (1976), Maslow (1954; 1970) en Ryckman (1982) dit breedvoerig bespreek. Allport (1955) bespreek sekere van die eienskappe, maar bied beide Maslow en Rogers se siening geintegreerd aan. Vir die doel van hierdie studie sal breedvoerige bespreking nodig wees.

Die bespreking wat volg is 'n samestelling van die bespreking van Carkhuff, Hjelle en Ziegler, Maslow en Ryckman.

AANVAARDING

Die selfgeaktualiseerde is in staat om homself en sy eie menslike natuur op 'n gelate wyse te aanvaar. Hy aanvaar homself en ander ten spyte van al die tekortkominge en al die teenstrydighede in vergelyking met 'n ideale voorstelling van die mens sonder teleurstelling, klagtes of om oor die saak te tob of sonder gevoelens van ware besorgdheid. Hy aanvaar die swakhede, oortredings, onbetroubaarheid en die verkeerde van die menslike natuur in dieselfde onbevraagtekende gees waarmee hy die karaktertrekke van die natuur aanvaar. ('n Mens kla nie omdat water nat is nie). Dit blyk dus dat die selfgeaktualiseerde 'n relatiewe gebrek aan 'n oorheersende skuld, verlammende skaamte en uitermate of erge angs ervaar. Dit is nie 'n absolute gebrek aan skuld, skaamte, droewigheid, angstigheid en verdediging nie, maar eerder 'n gebrek aan onnodige (omdat dit onrealisties is) skuld, skaamte, droewigheid, angstigheid en verdediging.

Soos die kind die wêreld met wye, onkritiese, onskuldige oë bekyk

- net eenvoudig waarneem sonder argumente of eise dat dit anders moet wees - so kyk die selfgeaktualiseerde ook na homself en ander. (Dit is nie dieselfde as berusting nie, alhoewel die selfgeaktualiseerde wel berusting openbaar in gevalle van siekte en of dood).

Die selfgeaktualiseerde persoon sien die werklikheid soos dit werklik is. Prosesse soos urinering, seks, menstruasie, eet, slaap, oud word-proses ensovoorts word as deel van die werklikheid beskou en so aanvaar en geniet, terwyl geen onnodige skuld of verdediging ter sprake is nie. Die gesonde selfgeaktualiseerde persoon sal wel skuld, skaamte, angs, droefheid en verdediging ervaar in verband met teenstrydighede tussen wat is en wat mag of behoort te wees. Aspekte waaroor die persoon dus skuldig mag voel, is verbeterbare tekortkominge (luiheid, bedagsaamheid, humeuruitbarstings), hardnekkige oorblyfsels van sielkundige siekte (bevooroordeling, jaloesie, misgunning), gewoontes wat deur relatiewe onafhanklikheid van die karakterstrukture nog baie sterk mag wees of tekortkominge van die spesie, kultuur of groep met wie die persoon identifiseer.

Voortvloeiend uit selfaanvaarding en aanvaarding van ander is 'n gebrek aan verdediging en 'n afkeur van kunsmatighede in ander. Skeltaal, bedrog, hipokritisisme, astrantheid, speel van rolle of die skep van 'n beeld en pogings tot indruk is alles afwesig in die gesonde persoon aangesien hulle gemaklik lewe selfs met hul tekortkominge.

AKKURATE REALITEITSPERSEPSIE

Dit behels die vermoë om in die algemeen persone en dinge korrek en effektief te beoordeel. Die doeltreffendheid blyk teenwoordig te wees in alle areas van die lewe byvoorbeeld kuns, musiek, intellek,

wetenskap, politiek, openbare aangeleenthede of die onegtheid in persoonlikheid. Die persone is in staat om verbergde of teenstrydige realiteite maklik en korrek waar te neem. Die selfgeaktualiseerde persoon leef in die ware wêreld van die natuur eerder as in die mensgemaakte massa van konsepte, abstraksies, verwagtings, gelowe en stereotipes waardeur die meeste persone verwar word. Die persoon neem dus waar wat daar is, eerder as om hulle eie wense, hoop, vrese, angste, teorieë en gelowe of dié van hulle kultuur waar te neem.

Die selfgeaktualiseerde word nie bedreig of afgeskrik deur die onbekende nie en word dikwels juis daardeur aangetrek. Die onbekende boesem nie vrees in vir hierdie persone nie en hulle spandeer ook nie onnodig tyd om oor die onbekende te tob nie. Hy klou ook nie vas aan die bekende nie.

Sy voorspelling ten opsigte van die toekoms is meer dikwels korrek aangesien sy voorspelling nie beïnvloed word deur wense, angs, vrees, begeerte of 'n algemene optimisme of pessimisme nie.

## DEMOKRATIESE KARAKTER-STRUKTUUR

Die selfgeaktualiseerde persoon is 'n demokratiese persoon in die diepste betekenis van die woord. Hy is vriendelik teenoor enigeen van aanvaarbare karakter ongeag klas, opvoedingspeil, politieke oortuiging, ras of kleur. Soms blyk dit selfs asof hy nie eens bewus is van hierdie verskille, wat so belangrik vir ander persone mag wees nie.

Hy leer van enigeen wat hom iets kan leer ongeag watter ander karaktertrekke die persoon mag openbaar. In so 'n leersituasie poog die self-

geaktualiseerde persoon nie om status, prestige of waardigheid te handhaaf nie. Hy is bewus van hoe min hy weet in teenstelling met wat ander weet en wat hy kan weet. As gevolg hiervan kan hy sonder om voor te gee eerlik, respekvol en nederig wees teenoor persone wat hom iets kan leer.

Die selfgeaktualiseerde selekteer wel persone waarmee hy wil en wel assosieer, maar die seleksie berus op karakter, vermoëns en talente eerder as 'n diskriminasie ten opsigte van ras, naam, familie, ouderdom, roem, mag of rang.

ETIESE BEWUSTHEID

Die selfgeaktualiseerde persoon toon selde die chaos, verwarring, teenstrydighede of konflikte wat so algemeen in die gewone persoon se etiese handelswyses na vore kom. Die persoon het definitiewe morele standaarde en sterk etiese sienings wat daartoe lei dat die persoon nie onseker is oor wat reg en verkeerd in sy lewe is nie. Die selfgeaktualiseerde se idee van reg en verkeerd is dikwels nie die konvensionele siening nie.

Die selfgeaktualiseerde maak 'n duidelike onderskeid tussen doel en uitkoms. Hy fokus in die algemeen eerder op die uitkoms. Die doel is, soos te wagte, ondergeskik aan die uitkoms. Hy beskou baie ervarings en aktiwiteite as uitkomste wat deur ander persone as doelstellings tot uitkomste beskou sou word. Aangesien die selfgeaktualiseerde die doen net soveel as die uiteinde geniet, kan hy by geleentheid uit die mees beuselagtige en roetine-aktiwiteit 'n intrinsieke aangename spel maak.

HUMOR

Die selfgeaktualiseerde se humorsin is nie van die gewone aard nie aangesien hy nie dieselfde dinge as die gewone mens as snaaks ervaar nie. Wat hy as humor beskou, kan as 'n tipe filosofie gesien word. Dit bestaan uit die draaksteek met die mens in die algemeen sonder die bedoeling om iemand seer te maak. Dit behels 'n boodskap buiten die lag wat dit uitlok.

Humor vir die selfgeaktualiseerde is 'n nadenkende, filosofiese entiteit wat eerder 'n glimlag as 'n lag ontlok, die humor in die situasie word gesien, dus dit wat intrinsiek tot die situasie is, eerder as 'n toevoeging daartoe, spontaan eerder as beplan en kan dikwels nie herhaal word nie. Hierdie humor is nie die woordspeling, grappe, pittige opmerkings, kleurryke teenantwoorde en korswel van die algemene soort nie en word minder gesien as die nadenkende filosofiese humor. Hy lag nie vir vyandige humor (laat ander lag deur mense seer te maak), meerderwaardige humor (lag vir iemand anders se minderwaardigheid) of outoritêre, rebelse humor (die nie-snaakse, vuil grap) nie. Dit kan die vorm aanneem van die draaksteek met jouself, maar nie in 'n masogistiese of op 'n narwyse nie.

Dit sal nie en is ook nie snaaks dat die gewone persoon wat gewoond is aan grapboeke en uit die maag lag, die selfgeaktualiseerde mens as minder humoristies, effens ernstig en as 'n nugter persoon beskou nie.

INTERPERSOONLIKE VERHOUDING

Die selfgeaktualiseerde persoon het dieper, deegliker en meer betekenis-

volle interpersoonlike verhoudings met ander persone as die gewone volwassene, alhoewel nie noodwendig dieper verhoudings as dié van kinders nie. Die persoon is in staat tot groter samesmelting, liefde, perfekte identifikasie en uitwissing van die egogrense as wat deur ander persone as moontlik beskou word.

Daar is sekere spesiale karaktertrekke in die selfgeaktualiseerde persone se verhoudings. Die ander lid van die verhouding is gesonder en nader aan selfaktualisering as die gewone persoon. Die selfgeaktualiseerde het 'n diepe, spesifieke verhouding met min individue. Die gehegtheid is nie 'n momentele aangeleentheid nie. Hierdie eksklusiewe gehegtheid kan en bestaan sy aan sy met 'n wydverspreide gemeenskapsgevoel, welwillendheid, vriendelikheid en minsaamheid.

Die selfgeaktualiseerde persoon neig om vriendelik of ten minste verdraagsaam teenoor ander te wees en het in 'n ware, spesiale wyse liefde of medelye vir alle mense. Die liefde is egter diskriminerend. Verder vertoon die persoon 'n spesiale, tere liefde vir kinders en word maklik deur hulle geraak.

Die selfgeaktualiseerde trek 'n aantal bewonderaars, maar die verhouding is eensydig. In sulke verhoudings word meer van die geaktualiseerde vereis as hy wil gee, dit lei tot verleentheid en onsmaaklikheid vir die persoon, tog bly hy aangenaam en ordentlik wanneer hy in sulke verhoudings inforseer word. Hy probeer dus eerder om sulke verhoudings te vermy.

Aangesien die selfgeaktualiseerde 'n hoë mate van seleksie toepas in verband met wie hy 'n verhouding aangaan, is sy vriendekring dus klein.

KREATIWITEIT

Dit is 'n anderse, verskillende tipe kreatiwiteit, nie die spesifieke aangebore kreatiewe talent soos van 'n Mozart nie. Die kreatiwiteit kom nie na vore in die vorm van die skryf van boeke, komponeer van musiek of die daarstel van kunswerke nie, maar eerder meer nederige vorms soos byvoorbeeld 'n sandtekening. Die kreatiwiteit van die self-geaktualiseerde is eerder die naïewe en algemene kreatiwiteit van 'n onbedorwe kind. Dit blyk dus eerder 'n meer fundamentele karakter-eienskap van die gewone menslike natuur te wees - 'n potensiaal wat vir alle mense by geboorte gegee is. Party persone behou hierdie vars naïewe en direkte beskouing van die lewe; die persone wat dit verloor, verloor dit meestal in die proses van kultivering, maar verkry dit weer later in die lewe.

Alle kinders is spontaan en dus was alle persone eers spontaan en dalk nog diep onderliggend steeds spontaan, maar 'n kragtige stel reëls of inhibisies beperk die spontaniteit. Maslow (Hardeman, 1979) voeg hierby dat kinders in staat is om kuns vanself te bemeester sonder opleiding. Op die ingewing van die oomblik kan hulle 'n dans, taal, gedig, spel, ensovoorts skep of ontwikkel. Hierdie algemene kreatiwiteit, in teenstelling met die ingebore kreatiewe talent soos 'n Mozart, is die tipe kreatiwiteit wat Maslow in die sielkundig gesonde persoon vind. Sulke persone het 'n sekere kinderlike kwaliteit, gemaklike spontaniteit, die vermoë om maklik aan te pas volgens die aard van 'n probleem en die vermoë om te improviseer soos 'n jong kind.

Dit is 'n universele karaktereienskap wat sonder uitsondering by alle selfgeaktualiseerde persone gevind word. Elke persoon vertoon 'n spesiale

kreatiwiteit, oorspronklikheid of vindingrykheid wat op 'n unieke wyse eiesoortig is. Aangebore talent is nie hier ter sprake nie aangesien dit nie afhanklik is van fisiese gesondheid of basiese bevrediging nie. Dit is 'n spesiale tipe kreatiwiteit, 'n uitdrukking van gesonde persoonlikheid, wat tot die wêreld gerig word in enige aktiwiteit waarin die persoon betrokke is. Dus kan daar kreatiewe skoenmakers, timmermanne, of klerke wees. Sutterley en Donnelly (1973) wys daarop dat Maslow die woord kreatiwiteit nie net op produkte nie, maar ook op mense in 'n karaktertipiese wyse en op aktiwiteite, prosesse, en houdings van toepassing gemaak het.

Kreatiwiteit is nie 'n aparte eenheid losstaande van die ander eienskappe van 'n persoon nie, maar slegs 'n waarneming vanuit 'n ander oogpunt. Die persone neem die werklikheid en ware, egte aspekte makliker waar. Verder is hulle minder geïnhibeer, beperk, gebonde en gekultiveerd, meer spontaan, natuurlik en menslik. Kreatiwiteit is 'n universele humanistiese funksie wat lei tot verskeie vorms van selfuitdrukking.

KRUINERVARINGS

Die selfgeaktualiseerde se emosies kan so sterk word, chaoties en wydverspreid wees, dat dit as mistieke ervarings of kruinervarings beskryf kan word. Die ervaring word omskryf as 'n gevoel van grenslose horisonne wat oopgaan vir die visie, die gevoel van gelyktydige kragtigheid en hulpeloosheid soos wat nooit vantevore ervaar is nie. Die ervaring veroorsaak 'n gevoel van grootse vervoering, wonder en eerbied, die verlies in tyd, plek en ruimte en die oortuiging dat iets uiters belangrik en waardevol plaasgevind het, soveel so dat die persoon in 'n mate deur sulke ervarings getransformeer en versterk

word in sy daaglikse lewe.

Die akute kruinervaring is 'n ontsaglike intensivering van enige van die ervarings waarin daar 'n verlies of oordrag van die self betrokke is, soos byvoorbeeld probleem gesentreerdheid, seksuele organisme, intensiewe konsentrasie, selfvergeting en intense genieting van musiek of kuns. Iets wat byna perfeksie bereik het. Maslow (1962) is van mening dat verskynsels in hul eenvoudigste, mooi, goeie en totaliteit ervaar word terwyl daar 'n gebrek aan spanning rondom die bykans oorweldigende ervaring voorkom. Intense emosies soos wonder, vrees en eerbied, word ervaar.

Die kruinervaring word volgens Maslow (1962) vergesel deur 'n disoriëntasie in tyd en plek. Die persoon wat 'n kruinervaring beleef, vergeet van die omgewing en tydsverloop. Die persoon weet nie hoeveel tyd verloop het nie. Die tyd mag snel verloop het of 'n oomblik mag so intensief beleef word, dat dit soos 'n dag of 'n jaar voel. Dus is dit te wagte dat die tydsverloop beoordeling en omgewingswaarneming onakkuraat tydens kruinervarings sal wees.

Maslow (1962) is verder van mening dat die persoon wat 'n kruinervaring beleef, baie van die karaktertrekke van die selfgeaktualiseerde tydelik aanneem.

Die ervaring moet onderskei word van enige teologiese of bonatuurlike verwysings, aangesien die kruinervarings in 'n verminderde graad van intensiteit voorkom as die teologiese ervaring. Dus word daar 'n kwalitatiewe verskil tussen die kruin - en godsdienstige ervaring veronderstel.

Maslow is van mening dat daar 'n verskil is tussen selfgeaktualiseerdes

wat kruinervarings ervaar en die wat nie sulke ervarings beleef nie. Die nie-kruinervarende selfgeaktualiseerde persoon toon 'n neiging om 'n praktiese effektiewe persoon te wees. Hulle is die sosiale wêreldverbeteraars, die politikusse, die werkers in die gemeenskap, die hervormers en kruisvaarders. Die kruinervarende selfgeaktualiseerde persoon neig weer om gedigte te skryf en in musiek, filosofie en godsdiens op te gaan. Die persone leef in gedigte, estetiese, simbole, transendensie, geloof in die mistieke, persoonlike en nie institusionele en eindervarings.

Maslow (Hardeman, 1979) is van mening dat kruinervarings wel moontlik elektrode geïnduseer of deur dwelms ontlok kan word, maar volgens hom kan die moontlikheid op die wyses verhoog word, maar kan die voorkoms nie verseker word nie. Kruinervarings wat aanleiding gee tot werklike verandering in die persoon, word verdien.

Maslow (1964) is van mening dat die meeste mense wel kruinervarings beleef. Die persoon wat nie sodanige ervaring beleef nie, is die uitsondering. Daar is egter persone wat bang is vir sulke ervarings en wat dit onderdruk, ontken, verwerp, daarvan wegdraai en dit vergeet. Daar is verskeie redes vir sodanige gedrag. Enige persoon wat poog om uitsluitlik of ten volle rasioneel, materialisties of meganisties te wees, neig om nie kruinervarings te beleef nie. Die kruinervarings word dus as 'n tipe kranksinnigheid, verlies aan kontrole, oorweldiging deur irrasionele emosies, ensovoorts, ervaar. Weens die vrees vir kranksinnigheid, klou die persoon aan standvastigheid, kontole, werklikheid, ensovoorts. Die persoon is verskrik deur die kruinervaring en poog om dit af te weer. Uitsluitlik uitkomsgeoriënteerde persone neig weer om nie kruinervaarders te wees nie, aangesien sulke ervarings geen geld inbring, geen brood kan bak of hout kap nie. Ook vir die

uitsluitlike anders gerigte persoon wat skaars bewus is van wat in homself aangaan, sal nie kruinervarings beleef nie. In sekere gevalle kan Maslow egter geen verklaring bied vir die nie-kruinervaarder nie. Maslow (Hardeman, 1979) stem hiermee saam en is van mening dat alle mense oor kruinervarings beskik, maar sommiges is bang daarvoor en verwerp dit dan. Die erkenning van 'n kruinervaring impliseer die verlies van normale bewustheid en beheer en word dus uit vrees vir die beheerverlies, eerder verwerp. Ander verwerp die kruinervaring weens die abstrakte aard en onvermoë om dit te kwantifiseer.

Kruinervarings is seker die een enkele aspek van Maslow se totale werk in verband met selfaktualisering wat die meeste ondersoek en bespreek is. Maslow (1970) vermeld 'n aantal studies. Enkele ander ondersoeke wat vermeld word, is Mathes, Zevon, Roter en Joerger (1982), Privette (1981), Ravizza (1977) en Wuthnow (1978). Daar is ook veral aandag gegee aan die invloed van groeigroepe, meditasie, konsentrasie en ontspanningstegnieke, dwelms, godsdiens en sportdeelname op die kruinervaring mag hê. Verder is aandag gegee aan die aard, voorkoms, kenmerke en effek wat voortgevloei het uit die kruinervaring.

Mathes, et al. (1982) is van mening dat empiriese navorsing in verband met kruinervarings in drie breë rigings verdeel kan word.

- Daarstel van taksonomieë van kruinervarings
- Beoordeling van die kruinervaringsoorsake
- Bestudering van die verhouding tussen kruinervarings en sielkundige gesondheid.

Ryckman (1982) toon veertien eienskappe aan wat hy as karaktereienskappe van kruinervaring beskou, terwyl Maslow (1964) slegs tien eienskappe vermeld. Die eienskappe gaan nie vir die doel van hierdie werk vermeld of bespreek word nie.

## LEWENSDOEL

As die persoon vasgestel het waarvoor hy die geskikste is en dit beoefen, kan hy homself nie voorstel hoe hy sou gewees het as hy nie doen nie - dit sal net nie hy wees nie. Hy fokus op probleme of take buite homself, hy het 'n doel in die lewe om te vervul, 'n probleem buite homself wat sy energie in diens neem. Die tipe taak wat hy verrig is nie noodwendig die taak wat hy sou kies of verkies nie, maar is dikwels 'n taak wat hy as sy verantwoordelikheid beskou. In die algemeen is die take onselfsugtig en eerder bedag op ander persone se welstand. Hierdie take word ook nie vir eie gewin aangepak en deurgevoer nie. Hierdie persone werk met 'n wye raamwerk.

## OUTONOMIE

Die bevrediging van die basiese behoeftes is hoofsaaklik van eksterne aard en dit bevredig innerlike gebreke of tekorte. Die selfgeaktualiseerde persoon is nie afhanklik van basiese behoeftes, ander mense, kultuur of in die algemeen op eksentrieke bevrediging nie. Hy is eerder afhanklik van sy eie ontwikkeling en voortdurende groei van sy eie potensialiteite en latente bronne. Dus is die selfgeaktualiseerde onafhanklik van die fisiese en sosiale omgewing en word hy aangedryf deur groeimotivering eerder as deur tekort motivering.

Tekort gemotiveerde persone is afhanklik van ander mense aangesien die meeste van sy basiese behoeftes soos liefde, veiligheid, respek en prestige slegs deur ander mense bevredig kan word. Die groeigemotiveerde persoon mag vind dat ander mense hom hinder. Die vereistes vir 'n goeie lewe en bevrediging is vir hom intern en nie sosiaal nie. Hy is in homself sterk genoeg om onafhanklik te wees van die goeie

opinie van 'n ander, of selfs van hulle toegeneentheid. Die eer, status, beloning, prestige en liefde wat ander kan verleen, het van minder belang geraak vir die persoon as die selfontwikkeling en innerlike groei. Soos reeds aangetoon is in die bespreking in verband met Maslow se motiveringsteorie, kan onafhanklikheid van die basiese behoeftes verkry word deurdat die behoefte reeds in 'n vroeë stadium voldoende bevredig is.

Die outonome persoon kan 'n relatiewe kalmte en gelukkigheid behou in omstandighede wat ander selfs tot selfmoord sal dryf.

SELFSTANDIGHEID

Die selfgeaktualiseerde persoon toon 'n voorkeur vir alleenheid en privaatheid en kan dus 'n alleenloper wees sonder enige ongemak of nadeel vir homself. Hy bly maklik afsydig, gereserveerd, onbetrokke, ongesteurd, kalm en bedaard. Hy behou sy waardigheid in onwaardige omstandighede en situasies, bly by sy eie interpretasie van 'n situasie eerder as om op ander se gevoel en denke oor die aangeleentheid te steun, aanvaar persoonlike misstappe sonder om heftig te reageer, hy is objektief in die totale sin van die woord, eerder ego-gesentreerd as probleemgesentreerd, hy kan intens konsentreer wat mag aanleiding gee tot afwesighede, vergeet en onbewustheid van omgewing en hy is in staat om ongesteurd te slaap, te eet of te lag en te glimlag tydens probleme, bekommernisse en verantwoordelikhede.

In 'n sosiale verhouding mag die selfstandigheid probleme skep aangesien die gewone persoon dit maklik as koudheid, snobisme, gebrekkige emosie, onvriendelikheid of vyandigheid mag interpreteer en sal die selfstandigheid nie maklik deur die gewone mens aanvaar word nie.

Dus benodig die selfgeaktualiseerde persoon nie ander mense in die gewone sin van die woord nie.

Selfgeaktualiseerde persone is gelyktydig die mees individuele, altruïstiese, sosiale en liefdevolle mense en vertoon 'n gesonde selfsugtigheid, groot selfrespek en 'n teensin om opofferings sonder 'n goeie rede te maak.

In die liefdesverhouding sien ons 'n samesmelting van die groot vermoë om lief te hê en terselfdertyd 'n groot respek vir ander en vir die self te openbaar. Die selfgeaktualiseerdes het mekaar nie in die gewone sin van die woord nodig nie; hulle kan baie naby mekaar wees, maar tog gemaklik van mekaar weggaan. Hulle klou nie aan mekaar nie. Alhoewel hulle mekaar geweldig geniet, sal hulle 'n lang skeiding of die dood gelate aanvaar. In intense liefdesverhoudings sal die persone hulself bly en leef hulle volgens hul eie standaarde. In gesonde liefde word die individualiteit dus versterk en alhoewel die ego's saamvloei, bly dit tog ook geskei en sterk soos altyd.

Selfstandigheid veronderstel 'n selfbesluitneming, selfbestuur, 'n aktiewe, verantwoordelike, selfgedissiplineerde, besluitnemende agent eerder as 'n hulpelòse, deur ander gedetermineerde persoon. Dus neem die selfstandige persoon self besluite en verantwoordelikheid vir hulself en hul bestemming.

## SOSIALE BETROKKENHEID

Die gevoel wat die selfgeaktualiseerde ervaar teenoor die mensdom kan beskryf word as 'n gemeenskapsgevoel (Gemeinschaftgefühl). Die persoon ervaar in die algemeen 'n diepe gevoel van identifikasie,

simpatie en toegeneentheid teenoor die mens en hy wil die menslike ras help. Hy bly toegeneë teenoor die swakkere nie-geaktualiseerde lede van sy spesie.

Die selfgeaktualiseerde is baie verskillend van ander mense ten opsigte van gedagtes, impulse, gedrag en emosie en gevolglik verstaan min mense hom werklik. Hy word dikwels treurig,vererg en toornig as gevolg van die tekortkominge van die gewone persoon. Alhoewel hy soms ver verwyderd is van hulle ervaar hy tog 'n basiese onderliggende verwantskap met die wesens. (Adler het dit die ouer broer houding genoem.)

SPONTANITEIT

Selfgeaktualiseerde persone kan beskryf word in terme van gedrag as relatief spontaan en ook as spontaan in sy innerlike lewe, gedagtes, impulse, ensovoorts. Sy gedrag word gekenmerk deur eenvoud, natuurlikheid en afwesigheid van kunsmatighede of ooreising om daardeur indruk te maak.

Die tipe persoon se impulse, gedagtes en bewustheid is ongewoon, onkonvensioneel, spontaan en natuurlik. Sy onkonvensionaliteit is nie oppervlakkig nie, maar essensieel of intern en hy openbaar nie noodwendig voortdurend onkonvensionele gedrag nie. Die wêreld waarin hy leef en die gewone mense verstaan en aanvaar dit nie. Aangesien die geaktualiseerde nie ander wil seermaak of met hulle baklei oor onbenullighede nie, sal hy deur die seremonies en rituele van konvensionaliteit gaan met 'n goedige humoristiese skouerophaling en bes moontlike grasie. Dus aanvaar hy eerder dinge wat hom nie aanstaan nie eerder as om 'n groot bohaal daaroor te maak en in die proses mense seer te maak. Die selfgeaktualiseerde laat egter nooit toe dat konvensionaliteit hom dwarsboom of verhoed om iets te doen wat hy as baie belangrik

of basies beskou nie. In sulke situasies kom sy essensiële gebrek aan konvensionaliteit navore. Hy maak egter nie 'n groot ophef van sulke aangeleenthede nie.

As die persoon betrokke raak in een van sy belangstellings, lê hy gemaklik al die voorskrifte en reëls in verband met gedrag, waaraan hy andersins konformeer, af. Dus wil dit voorkom of hy 'n bewustelike poging moet aanwend om konvensioneel te wees, hy vrywillig konvensioneel is en deur beplanning konvensioneel optree. Die eksterne gedragsgewoontes kan dus vrywillig laat vaar word. Die persoon verkies die geselskap van ander persone wat nie die roetine gedrag vereis nie en dus vir hulle meer vryheid, natuurlikheid en spontaniteit toelaat.

Die persoon vertoon etiese kodes wat relatief outonomies en individueel is. Dikwels wil dit voorkom of hy oneties is aangesien hy nie net die konvensionele nie, maar ook wette verbreek as die situasie dit vereis. Tog is hy 'n baie etiese persoon alhoewel sy siening in verband met etiek van die normale mag verskil. Dus blyk dit dat die gedrag van die gewone mens eerder konvensioneel is as werklik eties.

Die geaktualiseerde persoon is nie angstig, skuldig of skaam vir die indruk wat hulle op die omstander maak nie en probeer dus nie om te verberg hoe hulle werklik is nie. Hy tree slegs konvensioneel op wanneer geen belangrike sake betrokke is nie of wanneer hy nie mense wil seermaak of in die verleentheid wil bring nie.

Sy gemaklike toetrede tot die realiteit, kinderlike aanvaarding en spontaniteit, lei tot 'n superior bewustheid van sy eie impulse, eise, wense, opinies en subjektiewe reaksies in die algemeen.

## VOORTDURENDE VARSE WAARDERING

Die selfgeaktualiseerde het die wonderlike vermoë om iets weer en weer, keer op keer, te waardeer, vars en naïef.

Dit sluit die basiese dinge van die lewe in. Hoe afgesaag die ervaring ook al vir ander mag wees, ervaar hy dit nog met ontsag, plesier, verwondering en selfs vervoering. Hy kan duisende sonsondergange, blomme of babas sien en dit kan nog steeds asemrowend mooi wees. Hy bly oortuig van sy gelukkige huwelik dertig jaar na sy troue en sy vrou se skoonheid verbaas hom, selfs as sy al sestig is, nog net soveel as wat dit hom veertig jaar gelede verbaas het. Selfs die gewone werkdag of alledaagse gebeure vind hy aangrypend, opwindend en verruklik. Die intense waardering kom nie klokslag na vore nie, maar eerder per geleentheid as voortdurend. Dit kom tydens die mees onverwagse oomblikke voor. Die persoon mag byvoorbeeld 'n sekere toneel vir die tiende of elfde keer sien of ervaar en dan 'n sterk herhaling van dieselfde gevoel en reaksie van mooie, skone en opgewondenheid beleef soos toe hy dit die eerste keer gesien of ervaar het.

Die aspekte wat as mooi ervaar word, verskil van persoon tot persoon. Vir party sal iets uit die natuur mooi wees, vir ander kinders of musiek, maar estetiese inspirasie en krag word verkry vanuit die basiese ervarings van die lewe. Dieselfde ervaring sal nie verkry word deur na 'n nagklub te gaan, 'n klomp geld te erf of 'n goeie tyd tydens 'n party te beleef nie.

## WEERSTAND TEEN GEKULTIVEERDHEID

Die selfgeaktualiseerde kom wel klaar met die kultuur waarin hy leef,

maar hy staan gekultiveerdheid in 'n sekere diepgaande en betekenisvolle mate teen en behou 'n sekere innerlike losheid van die kultuur waarin hy homself bevind.

Al die selfgeaktualiseerde persone val binne die grense van oënskynlike konvensionaliteit ten opsigte van sy keuse van klere, taal, voedsel of die wyse waarvolgens hy dinge doen. Die persoon aanvaar die dinge wat hulle as onbelangrik, onveranderbaar of nie van primêre belang beskou nie.

Die persoon kan nie as rebels of as in opstand teen outoriteit beskryf word nie. Hy toon eerder 'n kalm, langtermyn besorgdheid ten opsigte van die kultuurverandering en -verbetering en aanvaar stadige veranderings. Dit is geensins 'n gebrek aan vegtersvermoëns nie. Die persoon is 'n intellektuele persoon met 'n doelwit om die wêreld te verbeter, hy is realisties en nie gewillig om groot en doellose opofferings te maak nie, en hy ervaar 'n behoefte om die lewe te geniet.

Hy vertoon verder 'n innerlike gevoel van losmaking van die kultuur wat nie noodwendig bewustelik is nie. Hy selekteer uit die kultuur wat hy as goed beskou en verwerp wat hy dink sleg is. Hy oorweeg, toets, beproef en besluit dan. Die losmaking van die kultuur word verder ook moontlik gereflekteer in sy losmaking van homself van ander persone, sy voorkeur aan privaatheid en die ondergemiddelde behoefte en voorkeur wat hy toon ten opsigte van gewoontes en die familiêre.

Dus kan die selfgeaktualiseerde as outonoom beskou word aangesien hy deur die reëls van sy eie karakter eerder as deur die reëls van die gemeenskap gerig word. Die persoon kan nie as bo of onder die kultuur geplaas word nie en vorm ook nie 'n ander subkultuur nie, maar

is eerder minder gekultiveerd. Hy kan dus op 'n glyskaal van relatiewe aanvaarding tot relatiewe losmaking van die kultuur geplaas word.

Alhoewel daar reeds vroeër in hierdie hoofstuk aandag gegee is aan die invloed van die omgewing op die menslike ontwikkeling, ontstaan die vraag nou weer of dit dan moontlik is om 'n goeie gesonde mens te kan wees in 'n onvolmaakte kultuur. Die selfgeaktualiseerde kom egter deur met 'n kombinasie van innerlike outonomie en uiterlike aanvaarding wat slegs moontlik is solank as die kultuur verdraagsaam bly teenoor die tipe losmaking, selfstandigheid en terughouding van volkome kultuuridentifikasie. Dit is nie 'n ideale gesondheid nie, aangesien die onvolmaakte gemeenskap inhibisies en beperkings op die selfgeaktualiseerde af forseer.

Blocher (1974) is van mening dat die vermelde eienskappe nie eksklusief of volledig is nie aangesien dit verkry is uit die beoordeling van 'n subjektiewe geselekteerde steekproef. Tog vorm die eienskappe 'n bruikbare basis in die voorstelling van die eienskappe van hoë vlak menslike ontwikkeling.

Maslow (1970) maak verder vermelding van 'n drang na kennis en begrip asook 'n estetiese behoefte. Die drang na kennis en begrip en die estetiese behoefte sal nou bespreek word.

Oor beide van die behoeftes bestaan daar tans nie veel inligting nie. Maslow (1970) het dit nie 'n bepaalde plek in die behoefte motiveringshiërargie gegee nie. DiCaprio (1983), in teenstelling met Maslow, groepeer die twee behoeftes saam onder die term transendensie behoeftes en plaas dit bo die selfaktualiseringsbehoefte in die hiërargie.

DRANG NA KENNIS EN BEGRIP

Maslow het geglo dat nuuskierigheid 'n karaktertrek van die verstandelike gesonde persoon is (Globe, 1970). Alhoewel hy dit nie 'n spesifieke plek in die hiërargie gegee het nie, gee hy tog erkenning aan hierdie kognitiewe behoefte (DiCaprio, 1983; Dreger, 1962).

Maslow (1962) is van mening dat die mens bang is vir kennis wat 'n bedreiging vir hom kan wees en dit dus vermy. Die mens ontken verder ook persoonlike eienskappe en talente wat enige verantwoordelikhede behels en vermy nuuskierigheid aangesien dit dalk mag lei tot die gedagte dat hy te groot vir sy skoene is of dalk vind hy iets uit in verband met homself wat hy liewers nie moes geweet het nie, byvoorbeeld 'n besondere talent. Dus vermy die persoon op die wyse persoonlike groei.

Tog mag kennis juis lei tot 'n angsvermindering en groei aangesien meer kennis in verband met 'n sekere aspek die onkunde en vrese in verband met die aspek mag verminder. Om te weet, vir die suiwere vreugde en essensiële bevrediging van kennis en begrip, maak die persoon wyser, ryker, groter, sterker, meer ontwikkeld en meer volwasse. Hierin lê die aktualisering van die menslike potensiaal of die vervulling van die menslike bestemming. Dit vind plaas as uitdrukking van die eie inherente natuur eerder as 'n werklike doelbewuste poging. Die angsvrye persoon kan dus met meer vrymoedigheid eksploreer en teoretiseer vir die saak van kennis opsigself (Maslow, 1962).

Dus blyk dit uit bogenoemde dat die soeke na kennis tot angsvermindering lei, terwyl die vermyding van kennis ook mag lei tot die vermindering van angs. Maslow (1962) is van mening dat angs nuuskierigheid en

eksplorasie vernietig en dus alle sielkundige en sosiale faktore wat vrees laat toeneem die drang na kennis laat afneem. Dus is dit 'n stryd tussen die veiligheidsbehoefte en 'n hoër nuuskierigheidsbehoefte.

Vir Maslow (1970) bestaan die behoefte na kennis en begrip uit die versameling van kennis en sistematisering van die heelal as 'n tegniek vir die bereiking van basiese veiligheid in die wêreld, of vir die intellektuele mens as uitdrukking van selfaktualisering. Die behoefte is dus tweeledig. Behalwe die kennis en begrip wat nodig is om as instrument te dien waardeur ander behoeftes bevredig kan word, byvoorbeeld om te weet hoe om voedsel te produseer, of bevrediging van die veiligheidsbehoefte, word die sielkundig gesonde persoon aangetrek deur die mistieke, onbekende en onverklaarbare.

Sonder die behoefte loop die mens gevaar om dinge as vanselfsprekend te aanvaar en in homself te keer. Maslow lys dan ook 'n aantal redes om aan te toon dat nuuskierigheid 'n karaktereienskap van die mens is en 'n wye voorkoms geniet (Maslow, 1970).

### ESTETIESE BEHOEFTE

Volgens Maslow (1970) is daar tans baie min inligting in verband met hierdie behoefte beskikbaar.

Maslow (1970) het gevind dat in ten minste sommige individue daar 'n ware basiese estetiese behoefte aanwesig is. Sulke persone raak siek as gevolg van lelike onaangename dinge en genees deur mooi dinge wat hulle omring. Die verlange wat hulle ervaar word slegs bevredig deur die mooie. DiCaprio (1983) meld die volgende voorbeelde van

mooi omringende omstandighede naamlik goeie musiek en aangename persone en swak omstandighede kan onaangename situasies en mense wees.

Maslow (1970) is verder van mening dat die mooie bydra om gesond te wees en dat die estetiese behoefte verband hou met 'n persoon se selfbeeld. Hierdie behoefte is in bykans alle kinders en in elke kultuur aanwesig. Maslow in Hardeman (1979) is dan ook van mening dat vertroue, goedheid en die skone of mooie inherent aan die menslike natuur is.

As gevolg van die oorvleueling tussen die konatiewe en kognitiewe behoeftes is dit onmoontlik om duidelik tussen hulle te onderskei. Die behoefte aan orde, simmetrie, sluiting, voltooiing van kuns, sisteem en struktuur mag van kognitiewe, konatiewe, estetiese of selfs neurotiese behoeftes ontstaan en kan nie sonder meer onderskei word nie (Maslow, 1970).

In die voorafgaande bladsye is aandag gegee aan die groei- of selfaktualiseringsbehoeftes en in die volgende afdeling sal aandag aan die meting van selfaktualisering gegee word.

### 3.3.7 METING VAN SELFAKTUALISERING

Die meeste sielkundige metings het tot en met die vroeër jare van die twintigste eeu gekonsentreer op die meting van die graad van psigopatologie of fisiologiese aspekte. Die ontwikkeling van die begrip selfaktualisering het egter 'n nuwe fokus area tot gevolg gehad naamlik meting van optimale gesondheid en funksionering.

Maslow het baanbrekerswerk verrig op die gebied van die selfaktualiseringsmeting en daarom sal sy meting deeglik bespreek en vermeld

word. Daar sal ook vlugtig aandag gegee word aan ander persone se bydraes in die meting van selfaktualisering en ander meetinstrumente wat gebruik is of van gebruik gemaak kan word.

Daar sal nou eers aandag gegee word aan Maslow se metodes.

Maslow het die proefpersone vir sy ondersoek gekies uit sy persoonlike kennisse en vriende, publieke en geskiedkundige figure asook drieduisend kollege studente (Maslow, 1970). Maslow vermeld nie sy werkwyse en navorsingstegnieke waarvan hy gebruik gemaak het in sy identifikasie van die selfgeaktualiseerde individu baie volledig in sy werk nie.

Maslow het begin deur sy eie siening in verband met die betekenis van selfaktualisering te vergelyk met ander bestaande definisies in 'n poging om gemeenskaplike gronde vas te stel. 'n Algemene definisie is op die wyse saamgestel deur die sistematiese uitskakeling van logiese teenstrydighede tussen die verskillende definisies (Ryckman, 1982).

Nadat die term verfyn is, is dit gebruik om drieduisend kollege studente te evalueer in terme van hoë of lae selfaktualisering. Die aktualiseerdes en nie-aktualiseerdes is getoets in gevallestudiestyl deur gebruik te maak van die Rorschach, Murray se tematiese Appersepsie Toets, vrye assosiasie en in diepte onderhoude om te bepaal of hulle die karaktereienskappe van aktualiseerdes vertoon (Maslow, 1970). Hierdie werkswyse kan gesien word as 'n poging om die konsep van selfaktualisering empiries te valideer.

Die definisie is verder verander en gekorrigeer waar nodig in die lig van sy bevindings. Toe is die oorspronklike subjekpoel herselekteer op grond van die nuwe definisie en die oorblywendes is herbestudeer

deur gebruik te maak van dieselfde prosedures. Op grond van hierdie nuwe data is die definisie van selfaktualisering hersien en die nuwe definisie is gebruik om persone uit die oorblywende persone te selekteer vir verdere studie. So is voortgegaan tot 'n presiese identifikasie van aktualiseerdes en nie-aktualiseerdes verkry is (Ryckman, 1982).

Die meeste proefpersone is op 'n indirekte wyse bestudeer deur waarneming en verslae van ander soos byvoorbeeld biografieë en verslae eerder as direkte waarneming, aangesien Maslow gevind het dat die proefpersone nie koöperatief is as hulle direk genader word nie. Verder kan sommige van die proefpersone nie direk bestudeer word nie aangesien hulle reeds oorlede was (Swensen, 1973). Maslow het in sekere gevalle gevind dat die proefpersone nie geneë was met die indringende aard van die ondersoek in hulle privaatheid nie (Engler, 1979; Oakland, Lovekin, Davis & Camilleri, 1978).

As gevolg van hierdie subjektiewe proefpersoon-seleksie, asook die navorsingswyses waarvan Maslow gebruik gemaak het, is sy studie deur baie bevraagteken. Maslow erken dan ook dat sy metodes nie altyd aan die empiriese verifiëring van die wetenskp voldoen het nie (Maslow, 1970), maar hy beskou sy bydrae eerder as 'n aanvanklike, inleidende, tentatiewe poging om optimale gesondheid te bestudeer wat as vertrekpunt vir verdere empiriese navorsing mag dien (Engler, 1979).

Maslow het dus van die volgende metodes gebruik gemaak

(a) Rorshach

(b) T.A.T.

(c) Vrye Assosiasie

(d) Onderhoude

(e) Waarneming

(f) Biografiese en ander verslae

(g) Gevallestudies (wat saamgestel is uit die inligting wat deur die bogenoemde metodes verkry is)

Volgens Ryckman (1982) weet ons nie op watter wyse Maslow die meetinstrumente toegepas het nie, asook hoe en volgens watter gronde of metode hy die puntetoekenning gedoen het nie.

Enkele breë opmerkings kan egter oor die meetinstrumente wat deur Maslow gebruik is, gemaak word. Die Rorschach en T.A.T. is beide voorbeelde van die projektiewe tegnieke. Vele kritiek is al teen hierdie tegnieke ingebring weens die verdagte betroubaarheid, geldigheid en objektiwiteit asook die afwesigheid van norms en standaardisasie. Die Rorschach, T.A.T. en vrye assosiasie word gekenmerk deur die vae, ongestruktueerde aard van die stimuli en poog daardeur om die onbewuste aspekte van die mens na vore te bring. Meetinstrumente soos die Rorschach, T.A.T., vrye assosiasie en onderhoude vereis 'n sekere verbale vermoë (of dan 'n sinvolle kommunikasie tussen die ondersoeker en die proefpersoon al is dit in geskrewe of gebare vorm) asook 'n bereidwilligheid tot samewerking. Waarneming en verslae as meetinstrumente kan egter gebruik word sonder dat die toestemming van die proefpersoon verkry hoef te word of sonder dat die proefpersoon daarvan bewus is. Maslow het die geskiedkundige metode gebruik omrede hy gevind het dat dit moontlik is om met veiligheid belangrike informasie van die individu se lewe vanuit outobiografiese bronne te verkry en om op grond daarvan betekenisvolle gevolgtrekkings te maak (Ryckman, 1982).

Verder vereis waarneming en verslae as meetinstrumente nie 'n sekere verbale vermoë nie. Die proefpersoon se reg tot privaatheid sowel as etiese norme mag dus deur waarneming en verslae aangetas word en

daarom moet die meetinstrumente met groot omsigtigheid toegepas word. Die onderhoud (en ook vraelyste) het die voordeel dat inligting aangaande 'n spesifieke persoon eers by die persoon self en dan by 'n ander persoon of persone deur middel van dieselfde tegniek (vrae) verkry kan word.

As gevolg van Maslow se werk in verband met die selfgeaktualiseerde individu en sy bevindinge is ander metodes van selfaktualiseringsmeting ontwikkel. Veral die vraelysmetode is baie gewild aangesien vraelyste gebruik kan word by die meting van persoonlikheidsattribute (Huysamen, 1980) en die nie-intellektuele sisteme van gedrag soos emosies, trekke en houdings (Smit, 1982).

Die gewildheid van vraelyste kan moontlik verklaar word deurdat dit maklik en ekonomies toegepas en nagesien kan word en ditself ook leen tot groter objektiwiteit, geldigheid en die daarstel van norme. Ten spyte van nadele verbonde aan die vraelys-metode, soos vermeld deur Anastasi (1982), Huysamen (1980), Phares (1979), Smit (1982) en Tyler en Walsh (1963), word dit wyd aanvaar en toegepas. 'n Belangrike nadeel van vraelyste is dat daar nie noodwendig 'n verband bestaan tussen wat 'n persoon bewustelik of onbewustelik voorgee oor hoe hy sal reageer in sekere omstandighede en hoe hy werklik reageer as hy wel in sulke omstandighede verkeer nie (Huysamen, 1980). Verder is die meeste gedrag sosiaal van aard en kan dit moeilik gesimuleer word (Tyler & Walsch, 1963).

Die volgende vraelyste is reeds al gebruik as meetinstrumente in self-aktualiserings ondersoeke en sal kortliks bespreek word.

POI

POD

Liebenberg se Lewenshoudingindeks (in hierdie studie gebruik)

Die volgende meetinstrumente is ook reeds gebruik as meetinstrumente in selfaktualiseringsondersoek, maar sal slegs vermeld word met 'n bronverwysing aangesien die instrumente nie werklik selfaktualisering meet of nog nie betroubaar, geldig en/of gestandaardiseer is nie.

- Actualizing Assesment Battery (AAB) (Brammer & Shostrom, 1982).
- Cattel se 16 PF (London & Exner, 1978; Oakland, et al., 1978).
- Dimension of selfactualizing behavior (DOSAB) (Oakland, et al., 1978).
- Edwards Personal Preference Scale (EPPS) (Oakland, et al., 1978; Smit, 1982).
- Eysenck Personality Inventory (EPI) (London & Exner, 1978; Oakland, et al., 1978; Osborne & Steeves, 1981).
- Fitts's Tennessee Self-Concept Scale (Swensen, 1973).
- Life Regard index (Brattista & Almond, 1973).
- Personal Reaction Inventory (PRI) (Leak, 1984).
- Self-Report Questionnaire of Engler (Engler, 1979).

POI

Die Personal Orientation Inventory (POI) is in 1962 deur Everett Shostrom gepubliseer. Volgens Brammer en Shostrom (1982) meet die vraelys

intrapersoonlike aspekte van die persoonlikheid en is dit gebaseer op die teoretiese formulering en navorsing van verskeie humanistiese georiënteerde sielkundiges soos Maslow, May, Perls en Fromm.

Die POI vraelys is 'n selfverslag vraelys wat bestaan uit honderd en vyftig tweekeuse-items. Die waardeoordele wat in die tweekeuse opset gebruik word, is deur psigoterapeute oor 'n tydperk van vyf jaar geselekteer. Die proefpersoon kies die antwoord uit die antwoordpaar wat die naaste aan waar ten opsigte van homself is. Die vraelys se items kan in twee hoofskale en tien subskale gegroepeer word. Die twee hoofskale is onafhanklik van mekaar, terwyl die tien subskale gevorm word uit die items van die twee hoofskale. Groot oorvleueling word in sommige gevalle tussen subskale aangetref. Die hoofskale is innerlike gerigtheid en tydbevoegdheid. Die tien subskale meet selfaktualiseringswaarde, eksistensialiteit, gevoelsreaktiwiteit, spontaniteit, selfagting, selfaanvaarding, aard van die mens, sinergie, aanvaarding van aggressie en kapasiteit vir intieme kontak (Brammer, Shostrom, 1982; Compton & Becker, 1983; Dahl, 1983; Hattie, 1983; 1984; Liebert & Spiegler, 1982; Murphy, Wolfe & Mozdzierz, 1984; Ryckman, 1982).

Oakland, et al (1978) is van mening dat die vraelys wyd toegepas word en 'n betekenisvolle bydrae lewer tot sielkundige en persoonlike waardebepaling. Oor hoe 'n effektiewe meetinstrument die vraelys ten opsigte van selfaktualisering is, bestaan daar nie ooreenstemming nie.

Kay, Lyons, Neurman en Menkin (1978) is van mening dat Shostrom die POI ontwikkel het om verskeie aspekte van selfaktualisering te meet. Osborne en Steeves (1981) het deur middel van 'n ondersoek aangetoon dat die POI verenigbaar is met Maslow se oorspronklike konsep van

selfaktualisering.

Zimmerman (Oakland, et al., 1978) is van mening dat die POI nie akkuraat en volledig in die monstering van die tipiese selfgeaktualiseerde individu se trekke, soos deur Maslow aangetoon, is nie. Volgens hom faal die POI ook in die monstering van die etiese komponente van selfaktualisering en in die onderskeiding tussen sommige van die fynere aspekte. Zimmerman (Oakland, et al., 1978) is verder van mening dat die vraelys op 'n losse wyse verbind word tot 'n teorie of 'n teoretiese konstruk. Dus word die veronderstelling gemaak dat 'n eklektiese versameling van algemene verbandhoudende items 'n konstruk moet meet wat deur verskillende skrywers vermeld word.

Volgens Oakland, et al., (1978) is die persoon wat goed vaar volgens die POI 'n ander tipe persoon as die tipe persoon wat deur Maslow bestudeer is. Verder blyk die POI 'n wyer meetinstrument te wees as die kriteria waarvolgens Maslow sy ondersoek gedoen het. So sluit die POI volgens die handleiding kollege studente in die selfaktualiseringsareas in, terwyl Maslow (1970) slegs een student uit drieduisend gevind het wat aan sy selfaktualsieringskriteria voldoen het. Dit is dus te betwyfel of die POI gemik is op slegs die een persent van die totale populasie wat hulle self reeds geaktualiseer het soos wat Maslow (1979) bevind het. Verder stel Oakland et al., (1978) die vraag of dit wat Maslow op die terrein van selfaktualisering gedoen het, 'n stewige en genoegsame fondament voorsien om die identifikasie van die selfgeaktualiseerde persoon deur 'n vraelys te ondersteun.

Aangesien die POI 'n vraelys is tesame met die tweekeusige aard van die items, is verdraaiing moontlik. Verder kan die geforseerde keuse tipe-antwoord nie altyd die gevoel en opinie van die persoon ten volle

en akkuraat verteenwoordig nie en maak dit nie voorsiening vir persoonlike trekke en individuele reaksie in spesifieke situasies nie (Ryckman, 1982).

Aangesien die POI een tot twee uur lank kan neem om te voltooi, (Hattie, 1983) is dit 'n duur instrument in terme van tyd (Leak, 1984).

Wat die skole betref is sommige skole se aantal items ontoereikend en word daar verder van 'n oorvleuelde puntetoekenning tussen die skole gebruik gemaak. Gevolglik kan een item dus 'n groot effek op die profiel tot gevolg hê. Verder is 'n aantal items dubbelsinnig en is sommige van die tweekeuses nie eksklusief wederkerig nie (Oakland, et al., 1978). Tosi en Hoffman (Oakland , et al., 1978) is van mening dat alhoewel die gesonde persoonlikheid deur die vraelys gemeet word, dit egter beter gekonseptualiseer en geïnterpreteer kan word in terme van drie of vier subskale eerder as deur twaalf skale.

Wat betroubaarheid en geldigheid betref, word die POI bevraagteken deur ondermeer Forest en Sicz (1981), Kay, et al. (1978), Leak (1984) en Oakland, et al. (1978) terwyl Murphy, et al, (1984) sowel as Ryckman (1982) verskeie studies rapporteer wat die bruikbaarheid van die POI as onderskeier tussen meer en minder gesonde persone vermeld.

Die POI het belangstelling gewek en broodnodige navorsing in verband met die selfaktualiseringsteorie aangehelp. Verder het dit gedien as 'n belangrike poging in die sistematiese meting van die konstruk. Die POI benodig egter hersiening op verskeie terreine (Oakland, et al., 1978).

Vanuit die POI is die POD asook die DOSAB ontwikkel. Die POD is ontwikkel in 'n poging om die besware wat teen die POI ingebring is, uit die weg te ruim.

POD

Die POD (Personal Orientation Dimension) word dan ook deur Brammer en Shostrom (1982) as 'n suiwering of verfyning en uitbreiding van die konsepte van selfaktualisering, soos gemeet deur die POI, gesien.

Die POD bestaan uit tweehonderd en sestig items wat in dertien skale, met twintig items per skaal, verdeel is. Elke item bestaan uit 'n tweekeuse gepaarde vergelykende stelling. Die dertien skale word in vier groepe verdeel naamlik oriëntasie (tydoriëntering en kern-gesentreerdheid), polariteit (sterkte, swakheid, woede en liefde), integrasie (sinergie en potensialiteit) en bewustheid (bestaan, vertroue in menslikheid, kreatiewe lewe, roeping en manipulasie bewustheid) aldus Brammer en Shostrom (1982) en Hattie (1984).

Geen oorvleueling van items tussen die skale kom in POD voor nie. Honderd en sewentien van die items van die POD en POI stem ooreen, twee en dertig toon geringe woordveranderinge en honderd en elf nuwe items is bygevoeg in die POD (Hattie, 1984).

Alhoewel die POD reeds in 1974 gepubliseer is, is daar na meer as tien jaar nog geen rasionaal voorsien vir die ontwikkeling en reorganisasie van die POI nie. Aangesien die POD min meer te bied het as die POI, as dit hoegenaamd iets meer te bied het, word daar aanbeveel dat die POI steeds gebruik moet word en nie die POD nie (Hattie, 1984).

## LIEBENBERG SE LEWENSHOUDINGINDEKS

Die Lewenshoudingindeks van Liebenberg is ontwikkel uit die Life regard index van Battista en Almond (1973). Die vraelys berus op die uitgangspunte van die derde rigting in die sielkunde en kan gevolglik gebruik word vir ondersoeke in verband met lewenshouding of die subjektiewe ervaring van die sinvolheid van die lewe (Liebenberg, 1978). Die vraelys leen ditself dus tot nuttige gebruik as aanduider van selfaktualisering.

Die vraelys bestaan uit vier en twintig items. Die toetsling evalueer homself aan die hand van die stellings op 'n vyfpuntskaal. Beide positief en negatief bewoorde stellings is in die vraelys ingesluit. Daar is twee subskale naamlik die raamwerk- en vervullingsubskaal en elkeen van die subskale bestaan uit twaalf items.

As navorsingsinstrument besit die Lewenshoudingindeks 'n hoë mate van betroubaarheid en 'n bevredigende mate van inhoud en konstrukgeldigheid (Liebenberg, 1978).

Hierdie vraelys sal volledig in die metode-hoofstuk van hierdie werk bespreek word.

In die voorafgaande gedeeltes is aandag gegee aan verskeie aspekte soos Maslow se mensbeskouing, sy motiveringsteorie asook basiese en selfaktualiseringsbehoeftes. Dit alles maak deel uit van die bydrae wat Maslow gelewer het tot die sielkunde, maar meer spesifiek tot die selfaktualiseringsidee. Maslow se bydrae is egter nie vry van kritiek nie. Daar sal nou aandag gegee word aan die kritiek wat Maslow ontlok het.

### 3.3.8 KRITIEK TEEN MASLOW

Die twee aspekte wat deur bykans elke geskrif wat oor Maslow handel uitgelig en aangetoon word as kritiek, is die kriteria waarvolgens Maslow sy proefpersone geselekteer het asook sy navorsingsmetode. Maslow word op grond hiervan, van subjektiwiteit en onwetenskaplikheid beskuldig (Engler, 1979; Hjelle & Ziegler, 1976; Leff, 1978; Maslow, 1962).

Die proefpersone sowel as die navorsingsmetode is kritieke veranderlikes in enige ondersoek aangesien die resultate en dan ook die gevolgtrekkings deur hierdie twee veranderlikes beïnvloed word. Dus, as Maslow se proefpersoon seleksie sowel as sy navorsingsmetode as verdag aangetoon kan word, sal sy bevindinge ernstig bevraagteken kan word.

Aangesien die sielkundige navorser poog om so getrou as moontlik aan die wetenskaplike navorsingsnorme te bly, soos beskryf deur Anastasie (1982), Huysamen (1980), Smit (1982), Swieger en Louw (Louw, 1982) sowel as Tyler en Walsh (1963), word die sielkundige navorser voor 'n keuse geplaas. Die navorser het 'n keuse tussen twee benaderinswyses wanneer hy 'n ondersoek loods. Eerstens kan hy verkies om aan die wetenskaplike navorsingsnorme te voldoen wat tot gevolg mag hê dat sy ondersoek beperk gaan wees tot slegs die aspekte wat empiries verifieerbaar is. Tweedens kan hy nie-empiriese verifieerbare of moeilik empiriese verifieerbare aspekte insluit en dus 'n breër terrein in sy ondersoek insluit. Aangesien die sielkunde in die mens en alle aspekte van die mens en nie net in sy empiries verifieerbare aspekte geïnteresseerd is nie, kan verwag word dat daar kritiek teen die wetenskaplikheid van sulke sielkundige navorsing ingebring kan word.

Die skrywer is van mening dat daar 'n definitiewe verskil behoort te wees tussen die definisie van wetenskap wat in die sielkunde en in die natuurwetenskap geld.

Selfaktualisering as persoonlikheidsaspek leen ditself dus ook nie tot die suiwere wetenskaplike navorsingsmetode nie, as gevolg van die subjektiewe aard en moeilik empiriese verifieerbare karakter daarvan. Om hierdie rede was Maslow verplig om in 'n groot mate van tegnieke en prosedures gebruik te maak wat nie altyd aan die empiriese verifiëring aan die wetenskap voldoen het nie. Maslow self was dan ook bewus daarvan dat sy metode ten opsigte van wetenskaplikheid bevraagteken kan word (Bugental, 1967; Maslow 1970; 1973).

Maslow was egter van mening dat die wetenskaplike prosedure wat destyds bestaan het dit nie geleen het tot die aspek wat hy bestudeer het nie. Hy bied sy bevindinge as 'n aanvanklike, inleidende, tentatiewe poging aan waarvolgens optimale gesondheid bestudeer kan word. Hy sien hierdie poging egter as die fokus en vertrekpunt vir verdere empiriese navorsing (Engler, 1979). Maslow het gevolglik 'n poging aangewend om gesondheid te bestudeer en nie net daaroor geteoretiseer nie.

Hierin lê die voordeel van 'n "nie-wetenskaplike" ondesoek, naamlik dat nuwe terreine betree kan word en dat daar later na die wetenskaplikheid van die bevindinge ondersoek ingestel kan word. As daar nie op die wyse deur die grense gebreek word nie, kan die sielkunde moontlik stagneer.

Aangesien Maslow sy proefpersone saamgestel het uit sy persoonlike kennisse en vriende asook uit persone wat hy bewonder het, kan sy

definisie van selfaktualisering moontlik slegs 'n refleksie van sy eie persoonlike waarde-sisteem wees. Maslow meld ook nie die spesifieke kriteria vir in- of uitsluiting van die proefpersone in sy steekproef nie (Ryckman, 1982).

Maslow het die siening gehuldig dat net met die beste moontlike materiaal gewerk moet word om sodoende die maksimale potensiaal van die mens te ontdek en weg te breek van die patalogie van die gemiddelde. Gevolglik het hy gesoek na persone wat al 'n groot deel van hulle lewe geleef het en wat reeds suksesvol is asook gesonde, sterk, kreatiewe, vroom en skrander persone (Bugental, 1967; Maslow, 1973). Dus wil dit blyk of Maslow tog spesifieke kriteria gehad het waarvolgens hy geselekteer het. Om persone soos Beethoven, Einstein, Jefferson, Lincoln, Eleanor Roosevelt, Schweitzer en Thoreau (Suin, 1975) in 'n steekproef op te neem, is dit nodig om fyn te selekteer.

Maslow vermeld nie die wyse waarop hy die verskillende meetinstrumente toegepas of bepunt het nie (Ryckman, 1982).

Maslow het die ou instinkteoriebenadering hersien en aangepas sodat dit voorsiening gemaak het vir die menslike wese wat meer outonoom en selfbestuderend is (Maslow, 1970). Verder het hy 'n belangrike bydrae tot die motiveringsbenadering van die humaniste gelewer (Louw, 1982) deur die formulering van sy eie motiveringsteorie. Sy motiveringsteorie, bestaande uit die basiese en selfaktualiseringsbehoeftes, berus op die inherente drang van die mens tot gesondheid. Maslow kan geloof word vir sy moed om die positiewe te beklemtoon in 'n stadium toe die negatiewe mensbeskouing absoluut oordonderend was. Hierdie feit word duidelik geïllustreer deur Maslow se mensbeskouing en sy besware teen die psigoanalise en behavioriste.

Die belangrikste bydrae van Maslow, volgens die skrywer se mening, is egter die definiëring van die selfaktualiseringseienskappe. Sonder Maslow se pionierswerk sou die sielkunde soveel armer in verband met selfaktualisering gewees het. Alhoewel Maslow se metode bevraagteken kan word, moet erken word dat die verkreë selfaktualiseringseienskappe 'n definitiewe fokus-verskuiwing na 'n meer positiewe mensbeskouing in die sielkunde tot gevolg gehad het. Die term selfaktualisering, selfaktualiseringseienskappe asook die basiese behoeftes - met ander woorde die motiveringsteorie - is geïdentifiseer en gedefinieer en kan gevolglik nou op 'n meer wetenskaplike wyse getoets word.

Hjelle en Ziegler (1967) is van mening dat die meeste pogings om die persoonlikheidsiening van Maslow te verifieer primêr gefokus het op een van die twee areas naamlik:

- hiërargiese behoeftes
- siening van selfaktualisering

Volgens Morris (1982) is Maslow se hiërargie moeilik toetsbaar.

Uiteenlopende bevindings is gevind in verband met die behoeftehiërargie wat Maslow daargestel het. Maslow (1954) het ten minste twaalf hoofareas van ondersteuning voorsien vir sy basiese behoefte-teorie terwyl Wolf (1970), Aronoff (1967), Cantril (1965) en Roheach (1973) (soos vermeld in Leff, 1978) ook die hiërargie-gedagte steun. Goble (1970) vermeld en bespreek verdere ondersteunende data ten opsigte van die teorie in verband met basiese behoeftes.

Volgens Hjelle en Ziegler (1976) is daar relatief min pogings aangewend om die behoefte-hiërargie empiries te toets. In die pogings wat wel

aangewend is, is daar met geringe uitsonderings wel empiriese steun vir Maslow se behoefte hiërargie verkry, gebaseer op die studie van fisiologiese en veiligheidsbehoeftes. Die behoeftes wat hoër as die fisiologiese en veiligheidsbehoeftes in die hiërargie lê, is selde bestudeer met die doel om Maslow se konsep te beoordeel. Alhoewel navorsing in organisasieverband wel Maslow se teorie in verband met motivering ondersteun, kan die waarde van sulke navorsing bevraagteken word aangesien geen longitudinale studie in verband met gedrag gedoen is nie. Engler (1979) en Hjelle en Ziegler (1976) wys albei daarop dat daar nog geen longitudinale studie onderneem is om Maslow se teorie van behoefte hiërargie te toets nie.

Cofer en Appley (1964) (soos vermeld in Leff, 1978) kon geen duidelike empiriese bewyse vir die hiërargiese funksionering van die hoër behoeftes in Maslow se hiërargie aanwys nie, terwyl Graham en Balloun (1973) en Korman (1974) slegs geringe en onoortuigende navorsing gelewer het (Leff, 1978).

Maslow se hiërargie word nie deur Mathes en Edwards (1978) aanvaar nie. Hulle is verder van mening dat alhoewel 'n aantal studies getoon het dat bevrediging van die fisiologiese-, veiligheid-, affiliasie-, en erkenningsbehoeftes selfaktualisering aanhelp, daar geen bewyse is dat hierdie laer behoeftes 'n hiërargie vorm soos wat Maslow dit gespesifiseer het nie. Hul studie se resultate lei tot die suggestie dat Maslow se hiërargiese teorie van motivering gemodifiseer moet word om slegs twee of drie vlakke in te sluit. Veiligheidsbehoeftes blyk 'n voorvereiste vir selfaktualisering te wees, terwyl die affiliasie- en erkenningsbehoeftes nie essensiële voorvereistes blyk te wees nie.

Mathes (1981) het gedeeltelike ondersteuning gevind vir die hipotese dat persone onbewustelik tog van 'n hiërargie as riglyn gebruik maak. Verder is daar geen verskille in sodanige hiërargie ten opsigte van geslag gevind nie. Tog het die studie die suggestie gelaat dat Maslow se hiërargie 'n hersiening na slegs drie vlakke naamlik fisiologies, affiliasie en selfaktualisering moet ondergaan. Veiligheids- en erkenningsbehoeftes word as oorbodig beskou.

So 'n hersiende hiërargie sal die hiërargie in ooreenstemming bring met ander sielkundige teorieë. William James stel 'n hiërargie van materiële, sosiale en geestelike behoeftes voor; Alderfer (1972) se hiërargie word gevorm deur bestaan, verbandhouding en groeibehoeftes; Binswanger (1958) stel 'n hiërargie van biologiese, sosiale en persoonlike filosofie voor en Kohlberg (1969) se drie vlakke is prekonsensionele (begaan oor oorlewing), konvensionele (begaan oor ander persone) en posttransendering (individu word gerig deur universele waardes) (in Mathes, 1981).

Na die beskouing van meer as vyf en twingtig ondersoeke in verband met Maslow se teorie, kom Wahb en Bridevell (1976) tot dié gevolgtrekking dat die literatuur min duidelik ondersteuning vir Maslow se behoefte hiërargie voorsien. Sommige van Maslow se sienings word totaal verwerp, terwyl ander gemengde en bevraagtekende ondersteuning verkry het (soos vermeld deur Mathes, 1981).

Cofer en Appley (1964) (soos vermeld in Leff, 1978) vind ondersteuning vir die motiveringskrag van die veiligheidsbehoeftes. Spitz (1951) (soos vermeld in Engler, 1979) toon aan dat kinders in inrigtings,

aan wie se fisiese behoeftes voldoen is, maar nie gepaste liefde en aandag gekry het nie, tog normaal ontwikkel het.

Stagner en Karwoski (1952) is van mening dat die hiërargie varieer van individu tot individu, maar dat dit tog 'n sinvolle denkwyse is.

Dit wil dus voorkom of daar uiteenlopende sienings en bevindings in verband met die hiërargiese model van Maslow bestaan. Daar sal nou aandag gegee word aan die selfaktualiseringsaspek.

Aangesien die selfaktualiseringsteorie moeilik toetsbaar is, word dit maklik van onwetenskaplikheid beskuldig. Tog het dit 'n bydrae gelewer tot menslike motivering (Louw, 1982). Volgens Engler (1979) is Maslow se selfaktualiseringsteorie voorskrywend van aard eerder as funksioneel. Dus beskryf hy die eienskappe van selfaktualisering, maar toon nie aan hoe die eienskappe konkreet verkry kan word nie.

Ryckman (1982) is van mening dat Maslow se teorie nie presies uitspel watter veranderlikes die voorkoms, voortbestaan en modifikasie van selfaktualiserings-verskynsels beheer nie. Aangesien die teorie ook nie baie presies is nie, bemoeilik dit die behoorlike toetsing daarvan. Verder maak die teorie nie voorsiening vir uitsonderings nie. Die presiese minimum beloning van 'n behoefte wat 'n individu benodig om na die volgende behoeftevlak te beweeg, word ook nie aangedui nie. Maslow voorsien verder ook nie gepaste definisie vir selfaktualisering en 'n aantal ander terme nie. Verder is sy motiveringstekort-skema te simplisties.

Geller (1982) stem nie saam met Maslow se teorie nie en het dit veral teen die fundamentele aannames in verband met die self en die menslike

kondisies. Hy kom tot die gevolgtrekking dat die selfaktualiseringsteorie as sulks baie min te bied het ten opsigte van die verstaan en verbetering van die menslike omstandighede in die Westerse gemeenskap van die laat twintigste eeu.

DiCaprio (1983) vermeld en bespreek 'n aantal studies in verband met die hiërargie sowel as selfaktualisering wat as opsomming, maar ook as indeks of ringtingbepaler kan dien vir verdere ondersoeke in verband met die hiërargie of selfaktualisering.

Maslow kan geloof word vir sy positiewe siening in verband met die menslike natuur naamlik dat elke mens innerlik goed of ten minste neutraal is. Maslow as baanbreker vir hierdie positiewe mensbeskouing moes heelwat moed aan die dag gelê het om die standpunt in 'n oorheersende negatiewe mensbeskouingsklimaat te lug en te verdedig met geringe empiriese steun. Vanuit die benadering van Maslow het die klem weer teruggeskuif na die mens as individu en na sy positiewe punte, sy uniekheid en gesondheid eerder as die patalogie van die gemiddelde.

Maslow lê dan ook klem op die groeiaspek eerder as op remediëring of ongemakontvlugting.

Die formulering van sy motiveringsteorie (basiese en selfaktualiseringsbehoeftes) en die beskrywing en definiëring van selfaktualisering en die selfaktualiseringseienskappe het 'n nuwe verfrissende area in die sielkunde ontbloot en as stimulasie gedien vir die ontwikkeling van gesonde sielkunde. Ongeag die gebrek aan oortuigende bewyse het Maslow se idee van 'n motiveringshiërargie tog wye aanspraak in die sielkunde gevind en geniet dit nog steeds wye aanspraak. Leff (1978) is dan ook van mening dat Maslow se teorie in verband met selfaktuali-

sering moontlik die bes ontwikkelde teorie in die veld is.


Maslow was verder bereid om die risiko te loop om 'n andersoortige navorsingswyse te gebruik toe hy besef het dat die onderwerp van sy studie dit nie leen tot die bestaande metodes van navorsing nie. Dus eerder as om net te teoretiseer of om binne die bestaande grense te bly, het Maslow uitgebreek en die sielkunde in 'n nuwe dimensie gevestig.

Alhoewel daar heelwat kritiek teen Maslow se werk ingebring kan word, kan sy bydrae nie gering geskat word nie. Die kern van sy bydrae lê in die definiëring van die selfaktualiseringseienskappe en hierdeur het Maslow die geleentheid geskep vir verdere navorsing op die gebied.

### 3.3.9 SAMEVATTING VAN MASLOW SE BYDRAE

Maslow as vader van die humanistiese sielkunde het sy motiveringsteorie, wat die goeie in die mens beklemtoon, aangebied as alternatief vir die negatiewe siening van die mens wat deur die psigoanalise en behavioriste gehuldig is.

Die motiveringsteorie van Maslow wat saamgestel is uit die vier basiese behoeftes en die selfaktualiseringsbehoeftes, in 'n hiërargiese vorm, kan dus as volg voorgestel word:




FIGUUR 3.3.9

Voorstelling van Maslow se motiveringshiërargie

Maslow skep die tendens tot groei of selfperfeksie as toevoeging tot konsepte soos equilibruim, homeostase, spanning vermindering, verdediging, ensovoorts. Tans is daar egter nie genoegsame kennis in verband met groei om 'n definisie daar te stel nie. Die betekenis van die groeitendens kan wel tog aangedui word. Gedeeltelik deur positiewe aanduidings en gedeeltelik deur negatiewe kontrasterende voorbeelde soos byvoorbeeld groei is nie ....... (Maslow, 1962).

Maslow lê klem op die hoër basiese behoeftes en is dus geïnteresseerd in die doel eerder as die dryfveer in die proses van menslike motivering aangesien dryfvere fluksieer (Swenson, 1973). Die basiese behoeftes is hoofsaaklik afhanklik vir hulle bevrediging van ander persone en die eksterne omgewing (Matheson, 1975), terwyl die selfaktualiserings nie afhanklik van ander persone is nie.

Selfaktualisering is slegs in ouer persone gevind, dit is nie moontlik vir jong, steeds ontwikkelende persone, om dit te bereik nie. Dit is dus 'n finale staat, eerder as 'n dinamiese proses wat aktief deur die lewe voorkom. Aangesien die selfgeaktualiseerde gewoonlik sestig jaar of ouer is, word min persone gevolglik in die kategorie ingesluit. Dus behoort die oorgrote aantal persone van die bevolking nie tot dié kategorie nie; hulle is dus nie staties nie en het nog nie gearriveer nie, maar is besig om te beweeg na groter volwassenheid en rypheid (Maslow, 1954).

Die aktualiseringsproses beteken die ontwikkeling of die ontdekking van die ware self en die ontwikkeling of uitdruk van latente potensiaal. In latere publikasies het Maslow voorgestel dat 'n meer beskrywende woord naamlik volle menslikheid eerder gebruik word aangesien nie

alle hoogs produktiewe, suksesvolle en talentvolle persone die beskrywing van sielkundige gesondheid, volwassenheid of selfaktualisering bereik nie (Goble, 1970).

Die belangrikheid van Maslow se bydrae lê moontlik nie soseer in enige relevansie van 'n onderliggende ingebore menslike kern nie, as wat dit eerstens klem lê op die bestudering van menslike moontlikhede vir sielkundige gesondheid, vreugde ervaring en die dringende aard van baie aspekte van motivering en tweedens die bewering dat slegs wanneer sekere basiese behoeftes bevredig is, persone 'n ware behoefte ervaar om die verdere behoeftes van die menslike natuur te nader nie. Sulke gelukkige uitkomstes word nie gewaarborg deur die biologiese kern, maar hang eerder af van die interaksie met die komplekse menslike omgewing. Die omgewing mag dit dus net moeiliker maak om die utopia te bereik (Leff, 1978).

Leff (1978) som die essensiële eienskappe van selfaktualisering volgens Maslow as volg op:

- die persoon is 'n effektiewe probleemoplosser, openbaar 'n hoë selfbegrip en is selfrigtinggewend.
- kreatief deurdat die persoon nuwe varse perspektiewe sowel as produksie van vreemde dinge of idees wat interessant, bevredigend of bruikbaar is, vertoon
- gewaarwording geskied primêr in terme van B-kognisies
- verhouding met ander persone is 'n liefdevolle, simpatieke en hoogs etiese wyse.

Maslow as die eerste ondersoeker van die selfaktualiserings verskynsel het hom egter in 'n dilemma bevind. Tot nou toe was die oorgrote siel-

kundige meetinstrumente gerig op die bepaling van meting van psigopatologie. Verder het die wetenskap-prosedures van destyds hul nie geleen tot die probleem wat hy bestudeer het nie. Dus was hy in 'n sekere sin veral rondom die meting van selfaktualisering 'n pionier. Op grond van sy werk is die POI en later die POD opgestel wat letterlik tot honderde ondersoeke in verband met selfaktualisering aanleiding gegee het.

Van die ondersoeke in verband met selfaktualisering het dan ook ondersoek ingestel na die voorkoms van selfaktualisering by verskeie groepe van mense of sekere aspekte se verband met selfaktualisering. Van die ondersoeke het dan oor aspekte soos onder andere Zen meditasie (Compton & Becker, 1983; O'Connell, 1984; Shapiro, 1978), politiek (Maslow, 1977 ; Woolpert, 1982), Jesus people (Stones, 1982) en die verhouding tussen morele ontwikkeling en selfaktualisering (Daniels, 1984) gehandel terwyl ander ondersoeke meer toegespits was op selfaktualisering (Buss, 1979; Phillips, Watkins & Nall, 1974; Rizzo & Vinacke, 1975).

Soos blyk uit die tipe ondersoeke wat hedendaags uitgevoer word, het Maslow nie slegs 'n bydrae tot die sielkunde gelewer nie, maar 'n veld oopgesluit en beskikbaar gestel aan vele ander om selfs na sy dood nog steeds vrug te lewer in die uitbouing van die sielkunde.

## 3.4 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is aandag gegee aan Maslow se motiveringsteorie en selfaktualisering nadat die verloop van die sielkunde tot en met die derde rigting en spesifiek die humanisme in die vorige hoofstuk

bespreek is. Maslow se mensbeskouing asook sy besware teen die ander twee hoofrigtings sluit nou aan by die van die humanisme.

Alhoewel ander derde rigting denkers ook aandag gegee het aan selfaktualisering, het geeneen so 'n volledige teorie in verband met die aspek van selfaktualisering daargestel soos Maslow nie. Hy het ten spyte van struikelblokke voortgegaan met sy studie in verband met selfaktualisering en selfaktualiseringsmetings uitgevoer.

Alhoewel daar ook heelwat kritiek teen Maslow ingebring word, kan sy bydra tot die sielkunde nie weggeredeneer word nie. Maslow het 'n nuwe tydvak en studiegebied in die sielkunde ingelui.

Die res van hierdie werk sal nou gewy word aan 'n ondersoek in verband met meer en minder geaktualiseerde studente wat deur die skrywer uitgevoer is. Die ondersoek is dus indirek ook 'n uitvloeisel van Maslow se bydrae tot die sielkunde.

# HOOFSTUK 4

# METODE VAN ONDERSOEK

## 4.1 INLEIDING

In die voorafgaande literatuuroorsig is aandag gegee aan die ontwikkelingsfases waardeur die sielkunde as wetenskap gegaan het, die siening van selfaktualisering binne die sielkunde en ook aan enkele wyses waarop selfaktualisering al voorheen gemeet is.

Soos reeds vermeld in die vorige hoofstuk, word die selfaktualiseringseienskappe van Maslow in verskeie meetinstrumente van selfaktualisering as onderbou gebruik. Tog is daar tans geen inligting in die literatuur beskikbaar oor die moontlike aanwesigheid of afwesigheid van enige verskalingstendens by hierdie eienskappe nie. Die doel van hierdie ondersoek is dus om vas te stel of daar 'n bepaalde verskalingstendens, in die voorkoms van hierdie selfaktualiseringseienskappe van Maslow by universiteitstudente aanwesig is.

In hierdie hoofstuk gaan dus vervolgens aandag gegee word aan die wyse waarop die meting in verband met die verskaling van dié eienskappe, vir die doel van hierdie ondersoek, gedoen is.

## 4.2 PROBLEEMSTELLING

Sielkundige werke soos Carkhuff (1981) en Engler (1979) het kategoriese indelings van die selfaktualiseringseienskappe van Maslow gemaak. Nie een van die bogenoemde skrywers kan egter so ver dié skrywer kon

vasstel sy indeling op enige empiriese verifiëring grond nie. 'n Aspek wat verder bydra tot die bevraagtekening van hierdie kategoriese indeling, is die feit dat die eienskapgroepering deur die twee skrywers merkbaar verskil.

Meetinstrumente soos die Personal Orientation Iventory (POI) is grootliks op die vyftien selfaktualiseringseienskappe van Maslow (1954) gebaseer. In die itemsamestelling van die POI is egter nie voorsiening gemaak vir die moontlikheid dat een of meer van hierdie eienskappe swaarder gewig mag dra vir die ware selfaktualiseerde persoon as van die ander eienskappe of die omgekeerde nie. Sover dié skrywer kan vasstel is geen ondersoek na die moontlikheid dat die eienskappe van nature nie dieselfde of onewe gewig dra, ingestel nie.

Dus wil dit voorkom asof, alhoewel daar al heelwat geskryf en gepraat is oor selfaktualisering en die eienskappe van die selfaktualiseerder, daar nog nie 'n poging aangewend is om vas te stel of sekere van die eienskappe belangriker of meer prominent as die ander eienskappe is nie. Daar bestaan, of so wil dit lyk, vir dié skrywer tans 'n leemte in die kennis aangaande die verskaling van die selfaktualiseringseienskappe van Maslow (1954; 1970).

Indien daar dus 'n bepaalde verskaling in die voorkoms van hierdie eienskappe aangedui kan word, kan met groter vertroue, as wat tans die geval is, meetinstrumente en kategoriese indelings op grond van hierdie eienskappe opgestel word. Sodanige verskalingsorde al dan nie is verder, volgens dié skrywer se mening 'n vereiste alvorens 'n werklike geldige en betroubare selfaktualiseringsmeetinstrument op grond van die selfaktualiseringseienskappe van Maslow (1954; 1970) opgestel kan word.

Selfs al word daar geen verskalingsorde in die ondersoek gevind nie, kan die ondersoek nog steeds van waarde wees aangesien daar dan met groter sekerheid aangeneem kan word, as wat tans die geval is, dat die huidige aannames, naamlik dat hierdie eienskappe gelykwaardige gewigte verteenwoordig, korrek is.

Tans beskik ons nie in die literatuur oor so 'n ware verskaling van hierdie eienskappe nie.

Vir die doel van hierdie ondersoek sal daar dus ondersoek ingestel word of daar 'n bepaalde ordening in die voorkoms van die selfaktualiseringseienskappe van Maslow (1954; 1970) by universiteitstudente aan die universiteit van die Oranje Vrystaat, voorkom.

## 4.3 HIPOTESE

Volgens Maslow (1962; 1970) is die selfaktualiseringseienskappe van gelyke waarde en sal een eienskap dus nie oppermagtig tot 'n volgende eienskap wees nie. Tog kan die vraag gestel word of een of meer van die eienskappe nie belangriker as die ander eienskappe vir die selfgeaktualiseerde persoon sal wees nie.

Die doel van hierdie ondersoek is dus om juis hierdie vraag te beantwoord en gevolglik kan die volgende hipoteses gestel word naamlik:

Hipotese 1

Daar is geen verskil in die verskaling en rangorde van die vyftien selfaktualiseringseienskappe by studente nie.

Hipotese 2

Daar is geen rangorde verskil tussen en binne die verskillende meer en minder geaktualiseerde groepe by studente nie.

## 4.4 BESKRYWING VAN DIE STEEKPROEF

### 4.4.1 KRITERIA VAN DIE STEEKPROEF

Die steekproef wat vir die doel van hierdie ondersoek gebruik is, voldoen aan die volgende kriteria:

- Studente aan die UOVS bestaande uit
  - (i) 'n Akademiese groep wat saamgestel is uit persone wat besig is met studie waardeur hulle in aanmerking sal kom vir 'n honneurs-, meesters- of doktorsgraad.
  - (ii) 'n Kunsgroep wat saamgestel is uit persone wat besig is met 'n vierde of verdere akademiese studiejaar in drama, kuns of musiek.
  - (iii) 'n Sportgroep wat saamgestel is uit persone wat die UOVS tydens 1984 se Julie en/of Desember Suid-Afrikaanse Universiteite kampioenskap verteenwoordig het of reeds Springbokkleure verwerf het.

### 4.4.2 OMVANG VAN DIE STEEKPROEF

Aan 486 studente is vraelyste uitgedeel. Die verdeling tussen die drie groepe was as volg: Akademie 183, Kuns 58 en Sport 245. Van die uitgedeelde vraelyste is 290 vraelyste terugontvang. Aangesien 32 van hierdie voltooide vraelyste nie gebruik kon word nie omrede dit nie volledig voltooi is nie, laat dit 'n steekproef van 258.

Persentsgewys is 59,67% van die uitgedeelde vraelyste terugontvang. Die finale steekproef bestaan uit 53,09% van die persone aan wie vraelyste uitgedeel is.

4.4.3 DIE GROEPE

(i) Akademiese groep

Die volgende departemente aan die UOVS se studente wat besig was met studie op 'n honneurs-, meesters- of doktorsgraadvlak het deel uitgemaak van die akademiese groep:

Afrikaans Nederlands
Bedryfsekonomie
Bedryfsielkunde
Dierkunde
Kommunikasiekunde
Sielkunde
Wiskundige statistiek

(ii) Kunsgroep

Die volgende departemente aan die UOVS se studente wat besig was met 'n vierde of verdere akademiese studiejaar het deel uitgemaak van die kunsgroep:

Beeldendekunste
Drama
Musiek

(iii) Sportgroep

Die volgende sportsoorte waarin studente aan die UOVS die UOVS

al verteenwoordig het by 'n Suid-Afrikaanse Universiteite kampioenskap of reeds Springbokkleure in verwerf het, het deel uitgemaak van die Sportgroep:

Atletiek

Duik

Gimnastiek

Golf

Hokkie

Krieket

Landloop

Muurbal

Netbal

Onderwaterhokkie

Pluimbal

Rugby (onder twintig)

Skyfskiet

Swem

Tafeltennis

Tennis

Tweekamp

Vlugbal

Waterpolo

### 4.4.4 SAMESTELLING VAN DIE STEEKPROEF

Die finale samestelling van die steekproef wat vir die doel van hierdie ondersoek gebruik is, word in tabel 4.4.4 weergegee.

Tabel 4.4.4

Samestelling van die steekproef

| Groep | Terugontvang | Nie bruikbaar | N |
|---|---|---|---|
| Akademie | 127 | 17 | 110 |
| Kuns | 34 | 02 | 32 |
| Sport | 129 | 13 | 116 |
| Totaal | 290 | 32 | 258 |

Die steekproef is in meer en minder geaktualiseerde studente verdeel op grond van die verkreë tellings op die raamwerksubskaal, vervullingsubskaal en totaalskaal van die Lewenshoudingindeks van Liebenberg (1978). Die afsnypunt in die bepaling van meer en minder geaktualiseerde studente het berus op die mediaanwaarde van elke skaal. So is die minder geaktualiseerde groep saamgestel uit al die persone wat op die raamwerk-, vervulling- en totaalskaal 'n waarde verkry het wat minder as die mediaanwaarde van daardie betrokke skaal was. Net so is die meer geaktualiseerdes saamgestel uit al die persone wat op die raamwerk-, vervulling- en totaalskaal 'n waarde verkry het wat hoër as die mediaanwaarde van elke betrokke skaal was. Dus is persone wat 'n telling op enige skaal gelykstaande aan die mediaan behaal het nie opgeneem in die meer of minder geaktualiseerde groep nie. Verder is persone wat in byvoorbeeld een skaal bo die mediaan en in 'n ander skaal onder die mediaan 'n telling behaal het, ook nie opgeneem in die meer of minder geaktualiseerde groep nie.

Die samestelling van die meer en minder geaktualiseerde studente word in tabel 4.4.5 weergegee.

Tabel 4.4.5

Samestelling van die meer en minder geaktualiseerde studente-steekproef

| Groep | Weggelaat | Meer geaktualiseerd | Minder geaktualiseerd | Totaal |
|---|---|---|---|---|
| Akademie | 31 | 40 | 39 | 110 |
| Kuns | 11 | 13 | 8 | 32 |
| Sport | 38 | 35 | 43 | 116 |
| Totaal | 80 | 88 | 90 | 258 |

## 4.4.5 RASIONAAL VAN DIE STEEKPROEFKEUSE

Die steekproef is om verskeie redes uit studente saamgestel. Vervolgens sal daar aandag gegee word aan die redes.

Daar kan met 'n groot mate van sekerheid aangeneem word dat die meeste van die basiese behoeftes (fisiologiese, veiligheid, affiliasie en erkenningsbehoefte) reeds by die oorgrote meerderheid van die studente genoegsaam bevredig is. Lindgren, Byrne en Petrinovich (1966) huldig die mening dat elke suksesvolle vlak van behoefte-bevrediging 'n toenemende eis aan die volwassenheid van die persoon stel. Die persoon wat nog besig is met die laer behoeftes beskik dus nie oor die vermoëns of volwassenheid om met die gekompliseerde probleme en risiko van self-aktualisering om te gaan nie. Hulle is dan ook verder van mening dat 'n kind die fisiologiese-, veiligheids- en affiliasiebehoeftes kan bevredig (die fisiologiese en veiligheidsbehoefte word bykans outomaties in die hedendaagse samelewing bevredig) die erkenningsbehoefte kan dan tydens adolossensie ervaar word en aan die middel en einde van adolossensie begin die selfaktualiseringbehoefte verskyn. Marso (1976)is ook van

mening dat die behoeftes op verskillende ouderdomme bevredig word.

Die meerderheid van proefpersone, veral die honneurs-, meester- en doktoriale kandidate kan as 'n hoër ouderom en 'n ryper mens beskou word as die gemiddelde student. Maslow (1954) het bevind dat hoe ouer 'n persoon is, hoe groter is sy kanse om wel 'n geaktualiseerde te wees. Hierdie proefpersone kan verder as 'n uitgesoekte groep beskou word aangesien net 'n klein klompie studente besig is met nagraadse opleiding. Verder is dit net 'n beperkte aantal persone van die totale bevolking wat in elk geval verder aan 'n universiteit studeer.

Hierdie proefpersone hoort in die vroeë volwasse stadium tuis ten opsigte van ontwikkelingstake en ontwikkelingstadia. As na die take van hierdie stadium gekyk word (Van Wyk, 1983), kry 'n mens die idee dat tot voor dié stadium die persoon in 'n gereedmaakproses was. Op die stadium het hy die basis (basiese behoeftes) en staan hy aan die voet van die lewensberg (selfaktualisering). Dit is sy keuse om te begin klim al dan nie. Dus kan die persone betrokke by die steekproef as potensiële selfaktualiseerdes gesien word.

Maslow self het net die top persone in die samelewing in sy steekproef ingesluit (Bugental, 1967; Maslow, 1970; 1973) en gevolglik word in die ondersoek ook net gekyk na die top universiteitstudente en wel in die akademiese-, kuns- en sportgebiede.

## 4.5 MEETINSTRUMENTE

Vir die doel van hierdie ondersoek in verband met die verskaling van die selfaktualiseringseienskappe van Maslow is van twee vraelyste gebruik gemaak naamlik:

- Skaal van Torgerson
- Lewenshoudingindeks van Liebenberg

Vervolgens sal die twee vraelyste bespreek word.

### 4.5.1 SKAAL VAN TORGERSON (1958)

Hierdie verskalingstegniek werk op die beginsel dat twee eienskappe met mekaar vergelyk word deur aan elkeen 'n telling uit honderd toe te ken, op voorwaarde dat die som van die twee eienskappe altyd tot honderd optel. Die metode staan bekend as die konstante som-metode.

Die verskillende eienskappe word in pare opgedeel sodat elke eienskap met elkeen van die ander eienskappe afsonderlik in paarverband vergelyk kan word. Een eienskap word dus as standaard gekies en dan word elkeen van die oorblywende eienskappe een op 'n keer afgepaar met hierdie eienskap wat as standaard gekies is. As al die eienskappe met die standaardeienskap afgepaar is, word 'n volgende eienskap as die standaard gekies en herhaal die proses ditself weer.

Skematies kan die prosedure as volg voorgestel word:

Gestel ons het vyf eienskappe naamlik A, B, C, D en E wat ons op die wyse wil verskaal. Veronderstel eienskap A word as standaard gekies dan word eienskap A met al die ander eienskappe afgepaar wat as volg voorgestel kan word.

A met B

A met C

A met D

A met E

Eienskap A word nie met homself vergelyk nie.

Nou is al die eienskappe behalwe die een wat as standaard gekies is met die standaard vergelyk. 'n Volgende eienskap word nou as standaard gekies. Veronderstel eienskap B word as standaard geneem. Die afparingsproses word herhaal en kan as volg voorgestel word:

B met C

B met D

B met E

Eienskap B word nie met eienskap A vergelyk nie aangesien die vergelyking reeds plaasgevind het toe eienskap A as die standaard gekies was. Eienskap B word ook nie met homself vergelyk nie.

Die proses kan nou voortgaan tot al die eienskappe met mekaar vergelyk is. In figuur 4.5.1 word die proses skematies voorgestel.

| | A | B | C | D | E | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| A met | - | B | C | D | E | = | AB, AC, AD, AE |
| B met | - | - | C | D | E | = | BC, BD, BE |
| C met | - | - | - | D | E | = | CD, CE |
| D met | - | - | - | - | E | = | DE |
| E met | - | - | - | - | - | = | - |

Figuur 4.5.1

Skematiese voorstelling van eienskapafparing

Die aantal vergelykings wat verkry word deur die metode van gepaarde vergelyking kan dus bereken word deur gebruik te maak van die volgende naamlik:


$$\frac{n(n - 1)}{2}$$

waar:

n - die aantal eienskappe is wat vergelyk word met mekaar.

Die vergelykingspaar word nou met behulp van 'n skematiese skaalvoorstelling beoordeel. Die voorstelling lyk as volg:

Eienskap A




Eienskap B

Figuur 4.5.2

Voorstelling van die eienskap-vergelykingspaar.

Daar sal opgemerk word dat die boonste en onderste skale in teenoorgestelde rigtings loop. Die boonste skaal loop van links na regs op tot 100 punte en die onderste skaal van regs na links tot 100 punte. Die twee skale val egter presies oormekaar. Dit maak dus nie saak waar die afsnymerk op die skaal aangebring word nie; die gesamentlike punt van die twee eienskappe sal altyd 100 punte beloop. Die eienskap wat bo verskyn is nie noodwendig belangriker as die eienskap wat onder verskyn nie.

Die vyftien selfaktualiseringseienskappe van Maslow is vir die doel van hierdie ondersoek volgens hierdie verskalingsmetode van Torgerson verskaal. Daar is altesaam 105 gepaarde vergelykings wat deur die proefpersone beoordeel moes word. Die posisie van hierdie eienskap binne die vergelykingspaar naamlik bo of onder die getallelyne sowel as die volgorde waarin die pare aan die proefpersone aangebied is,

is deur middel van ewekansige seleksie-prosesse en tegnieke bepaal.

Deur dié metode van vergelykings is gepoog om die ordening van hierdie selfaktualiseringseienskappe te bepaal op grond van die proefpersone se mening.

'n Kort omskrywing van die verskillende selfaktualiseringseienskappe is deur dié skrywer self opgestel uit die werk van Maslow (1954; 1970) en Carkhuff (1981). Die bespreking en beskrywing van Carkhuff (1981) berus grootliks op die werk van Maslow (1954), maar is in meer populêre taal geskryf.

Die proefpersone is versoek om eers die omskrywing van die verskillende selfaktualiseringseienskappe deur te gaan alvorens daar 'n aanvang gemaak word met die voltooiing van die gepaarde eienskap beoordelings.

### 4.5.2 LEWENSHOUDINGINDEKS VAN LIEBENBERG (1978)

#### (a) Agtergrond

Hierdie vraelys is ingesluit om te dien as kriteria op grond waarvan die proefpersone in meer en minder selfgeaktualiseerde persone verdeel kan word.

Die Lewenshoudingindeks van Liebenberg, wat ontwikkel is uit die "Life regard index" van Battista en Almond (1973), kan gebruik word vir ondersoeke in verband met lewenshouding of die subjektiewe ervaring van die sinvolheid van die lewe (Liebenberg, 1978).

Dit berus nie uitsluitlik op die grondslag van 'n enkele teorie nie,

maar op 'n gemeenskaplike kern wat verteenwoordigend van die sogenaamde derde rigting in die sielkunde is. Daar is veral aandag gegee aan Victor Frankl, Abraham Maslow, Rollo May, Gordon Allport en Colin Wilson se werk in die opstel van die vraelys.

As navorsingsinstrument besit die Lewenshoudingsindeks 'n hoë mate van betroubaarheid en 'n bevredigende mate van inhoud- en konstruk-geldigheid (Liebenberg, 1978).

As vraelys wat ontwikkel is vanuit die sogenaamde derde rigting en spesifiek die subjektiewe ervaring van sinvolheid van die lewe meet, kan die vraelys nuttig gebruik word as aanduider van selfaktualisering.

(b) Beskrywing

Die vraelys bestaan uit 24 items. Elk van die items bestaan uit 'n stelling waarvolgens die proefpersoon homself moet evalueer op 'n vyfpunt skaal. Die onwaar posisie verteenwoordig 'n waarde van een en die waar posisie 'n waarde van vyf. Beide positief en negatief bewoorde stellings is ingesluit in die vraelys. Daar is eweveel van hierdie positief en negatief bewoorde stellings.

Die vraelys bestaan verder ook uit twee subskale naamlik 'n raamwerksubskaal en 'n vervullingsubskaal. Die raamwerksubskaal poog om die vermoë van 'n individu te meet om

- sy lewe binne een of ander perspektief of konteks te sien
- 'n stel lewensdoelwitte of lewensbeskouings daarvan af te lei

Die vervullingsubskaal meet die mate waarin 'n individu meen dat hy besig is om sy raamwerk of doelwitte te vervul of die mate waarin hy

dit reeds gedoen het. Drie tellings kan dus verkry word, naamlik 'n raamwerk-, vervulling- en lewenshouding-telling (die somtotaal van eersgenoemde twee). Dus kan die Lewenshoudingindeks se twee subskale gebruik word om twee afsonderlike konstrukte te meet. Elkeen van die subskale het ewe veel positief en negatief bewoorde stellings. Die aantal items in elke subskaal is ook ewe veel. Item een tot twaalf vorm die raamwerksubskaal en die vervullingsubskaal word gevorm deur items dertien tot vier en twintig. Die twee subskale vorm saam die totale skaalwaarde van die vraelys.

Die item-samestelling van die Lewenshoudingindeks van Liebenberg word in tabel 4.5.2 uiteengesit.

Tabel 4.5.2

Item-samestelling van die Lewenshoudingindeks

| Skaal | Positief bewoorde stelling | Negatief bewoorde stelling |
|---|---|---|
| Raamwerk-subskaal | 1 | 2 |
| | 4 | 3 |
| | 5 | 6 |
| | 7 | 8 |
| | 10 | 9 |
| | 12 | 11 |
| Vervul-lingsub-skaal | 13 | 15 |
| | 14 | 16 |
| | 18 | 17 |
| | 20 | 19 |
| | 21 | 22 |
| | 23 | 24 |

(c) Nasien

Die individu te telling is die somtotaal van die waardes wat hy omkring het met inagname van die negatief bewoorde items.

Die vraelys is nagesien met behulp van 'n self ontwerpte masker deur middel waarvan voorsiening gemaak is vir die omsetting van die negatief bewoorde items se waardes. Die subskale se waardes is ook apart bereken en aangetoon asook die totaal telling wat verkry is uit die som van die subskaalwaardes.

Die verdeling van die steekproef in meer en minder geaktualiseerdes is op grond van die subskale- en totaaltelling van die vraelys gedoen.

## 4.6 VRAELYS

### 4.6.1 SAMESTELLING VAN DIE VRAELYS

Die vraelys (sien bylae) wat aan die proefpersone uitgedeel is, het uit die volgende onderafdelings bestaan:

(a) Bekendstelling
(b) Biografiese besonderhede
(c) Aanwysings vir die beoordelingskaal van Torgerson
(d) Omskrywing van die selfaktualiseringseienskappe
(e) Beoordelingskaal van Torgerson (Vraelys 1)
(f) Lewenshoudingindeks-aanwysings
(g) Lewenshoudingindeks (Vraelys 2)

(a) Bekendstelling

Die doel van die ondersoek is kortliks geskets. Verder is die proefpersoon verseker dat alle inligting as vertroulik beskou en gehanteer sal word. Die feit dat die vraelys anoniem is, is ook onder die proefpersoon se aandag gebring.

(b) Biografiese besonderhede

Navraag is gedoen aangaande die volgende aspekte:

Geslag

Huistaal

Ras

Ouderdom

Diensplig

Studierigting

Akademiese jare

Historiese jare

Woonplek

Sportdeelname

Verenigingsdeelname

Leierposisies en prestasies

Voorgenome beroep

(c) Aanwysings vir die beoordelingskaal van Torgerson

Die rasionaal waarvolgens hierdie vraelys voltooi behoort te word, is aan die proefpersone in geskrewe vorm gegee. Die aanwysings is ook met toepaslike verduidelikende voorbeelde toegelig.

(d) Omskrywing van die selfaktualiseringseienskappe

Die verskillende selfaktualiseringseienskappe is deur die skrywer self opgestel uit die werk van Maslow (1954; 1970) en Carkhuff (1981).

(e) Beoordelingskaal van Torgerson

Van die proefpersoon is verwag om sy verdeling tussen die twee aangebode selfaktualiseringseienskappe op die skaal deur middel van 'n vertikale streep aan te dui. Dieselfde prosedure is vir die beantwoording van al 105 items gevolg.

(f) Lewenshoudingindeks-aanwysings

Die aanwysings is net so oorgeneem vanuit Liebenberg (1978) en in geskrewe vorm aan die proefpersone voorsien.

(g) Lewenshoudingindeks-vraelys

Van die proefpersone is verwag om sy siening in verband met die gegewe stelling deur middel van die omkringing van 'n waarde aan te dui op die gegewe vyfpunt skaal. Die ankers van die vyfpunt skaal is: waar (vyf) en onwaar (een). (Sien bylae vir 'n voorbeeld van die vraelys).

4.6.2 TYDSDUUR

Die tyd wat dit proefpersone geneem het om die vraelys te voltooi, het gevarieer tussen dertig tot sestig minute. Volgens die skrywer se mening kan vyf en veertig minute beskou word as die tyd wat nodig is om die vraelys te voltooi.

4.7 METODE VAN DATAVERSAMELING

Die name van alle persone wat moontlik as proefpersone kon dien, volgens die kriteria soos reeds vermeld, is verkry van die onderskeie departemente en die sportburo van die UOVS. Daar is afsprake met die verskeie

departementshoofde gereël. Die skrywer en die studieleier het op dié wyse eerstens die studie bekend gestel, tweedens die departementshoof se goedkeuring gevra dat van die departement se studente in die steekproef ingesluit mag word en derdens vasgestel met wie daar as skakelpersoon gesels kan word en by wie die name van moontlike proefpersone bekom kan word.

In die geval van die honneursstudente was die meeste dosente bereid om een lesuur af te staan aan die voltooiing van die vraelys. 'n Kort motiveringspraatjie is eers gelewer en daarna is die studente gevra om die vraelys te voltooi. In sekere gevalle kon die skrywer net die vraelys uitdeel en die motiveringspraatjie lewer weens die feit dat die dosente nie 'n lesuur kon afstaan nie. Die dosent of van die studente het dan onderneem om die vraelyste in te vorder en terug te besorg aan die skrywer. Die samewerking was baie goed in hierdie gevalle. Die enkele geval waar slegs die vraelyste aan die dosent, op sy versoek, sonder enige verdere insette van die skrywer oorhandig is, was die reaksie op die vraelys swak. Die departement se meester- en doktorsgraad kandidate aan wie die vraelys persoonlik oorhandig is, het ook swak gereageer.

Die meester-, doktorsgraad kandidate en sportgroep se adresse is of by die betrokke departemente of deur middel van 'n adresopvraging by die administrasie van die UOVS verkry. Die adresse kon in drie groepe verdeel word wat as volg omskryf kan word:

(i) Koshuisstudente wat uit die aard van die saak op die kampus van die UOVS woonagtig was.

(ii) Persone wat in die stad woonagtig was.

(iii) Persone wat buite die stad woonagtig was en persone waarvan net 'n posbus-adres beskikbaar was.

In die geval van die koshuisstudente is die Huiskomiteelede belas met sport van die betrokke koshuise genader en versoek om die vraelyste aan die proefpersone te oorhandig en weer terug te ontvang voor 'n bepaalde afgespreekte datum. Die skrywer het goeie samewerking van die Huiskomitee-lede gekry.

Proefpersone wat in die stad woonagtig was, is persoonlik deur die skrywer genader. Die vraelys is in kort verduidelik en 'n tyd is afgespreek waarop dit weer gehaal sal word. Gewoonlik is die persone 'n week kans gegun. As die vraelys nie voltooi was nie, is 'n alternatiewe reëling getref. Die reaksie was heel goed.

Aan die proefpersone wat buite Bloemfontein woonagtig was en die persone waarvan net 'n posbus-adres beskikbaar was, is vraelyste gepos waarby 'n gefrankeerde koevert ingesluit is. 'n Terugontvangs van ongeveer vyf en twintig persent is verkry.

## 4.8 METODE VAN DATAVERWERKING

Eerstens is die vraelys van Liebenberg naamlik die Lewenshoudingindeks nagesien met behulp van 'n self ontwerpte masker. Die masker is gebruik omrede die vraelys uit negatief en positief bewoorde items bestaan.

Vervolgens is die biografiese inligting, die totaal- en subskaalwaardes van die Lewenshoudingindeks en die waardes van die honderd en vyf verhoudings wat verkry is van die skaal van Torgerson, gekontroleer.

Beskrywende statistieke is bereken en op grond van hierdie beskrywende statistieke is verdere verdeling en berekeninge gedoen om vas te stel of enige van die veranderlikes soos geslag, huistaal, ouderdom, studievlak, diensplig, akademiese jare of woning enige invloed op die resultate mag hê.

Na ondersoek na enige eksterne veranderlikes ingestel is, wat die ordening van die vyftien selfaktualiseringseienskappe of die verdeling van die groep in meer of minder geaktualiseerde mag beïnvloed in geen sodanige aspek gevind is nie, is die ordening van die vyftien selfaktualiseringseienskappe ondersoek deur middel van die verwerking van die gegewens wat verkry is volgens die Torgerson skaal.

Die gegewens wat op die skaal van Torgerson verkry is, is as volg verwerk:

Die metode van gepaarde vergelyking lewer honderd en vyf onafhanklike waargenome ratios. Uit die honderd en vyf ratios word die skaalwaarde van elke eienskap bereken. Die gemiddelde aantal punte uit 'n honderd punte wat aan eienskap k toegeken is wanneer eienskap k met eienskap j afgepaar word, word as volg bereken:

$$V_{jk} = \frac{1}{N} \sum_{i=1}^{N} {}_iP_{jk} \qquad (j, k = 1, 2, 3, \ldots\ldots\ldots, n; \ j \neq k)$$

<u>waar:</u>

$V_{jk}$ - gemiddelde aantal punte uit 'n 100 punte, wat aan eienskap k toegeken word as dit vergelyk word met eienskap j.

${}_iP_{jk}$ - aantal punte uit 100, wat deur proefpersoon aan eienskap k toegeken is; waar eienskap k vergelyk is met eienskap j

N - aantal proefpersone

n - aantal eienskappe

Die waardes van $V_{jk}$ kan in 'n matriks geskryf word. In dié navorsingsopset kan die matriks voorgestel word soos in tabel 4.8.1

Tabel 4.8.1

Matriks V

| | 1 | 2 | 3 | - - - - - - - - - - - - | 15 |
|---|---|---|---|---|---|
| 1 | V1.1 | V1.2 | V1.3 | - - - - - - - - - - - - | V1.15 |
| 2 | V2.1 | | | - - - - - - - - - - - - | V2.15 |
| 3 | V3.1 | | | - - - - - - - - - - - - | V3.15 |
| | ¦ | | | | ¦ |
| 15 | V15.1 | | | - - - - - - - - - - - - | V15.15 |

In hierdie Matriks V kan $V_{2.1}$ as volg verstaan word: $V_{2.1}$ dien as aanduiding van die gemiddelde aantal punte wat toegeken is aan eienskap een wanneer eienskap een met eienskap twee afgepaar word.

Matriks U word nou opgestel uit die gegewens van Matriks V. Eers word die log-waardes van die gegewens van Matriks V bereken soos voorgestel in tabel 4.8.2.

Tabel 4.8.2

Matriks log V

| | 1 | 2 | - - - | 14 | 15 |
|---|---|---|---|---|---|
| 1 | | log $V_{1.2}$ | - - - | log $V_{1.14}$ | log $V_{1.15}$ |
| 2 | log $V_{2.1}$ | ¦ | | log $V_{2.14}$ | log $V_{2.15}$ |
| ¦ | ¦ | ¦ | | ¦ | ¦ |
| 14 | log $V_{14.1}$ | log $V_{14.2}$ | - - - | ¦ | log $V_{14.15}$ |
| 15 | log $V_{15.1}$ | log $V_{15.2}$ | - - - | log $V_{15.14}$ | |

Hierna word Matriks U opgestel nadat die volgende berekeninge eers uitgevoer is.

$$U'_{jk} = \log V_{jk} - \log V_{kj}$$

Matriks U vir hierdie navorsingsopset kan soos in tabel 4.8.3 voorgestel word.

Tabel 4.8.3

Matriks U

| | 1 | - - - - - - - - - - - - | 15 |
|---|---|---|---|
| 1 | 0,000 | - - - - - - | $U_{1.15} = \log V_{1.15} - \log V_{15.1}$ |
| 2 | $U_{2.1} = \log V_{2.1} - V_{1.2}$ | | ¦ |
| | ¦ | | ¦ |
| 15 | $U_{15.1} = \log V_{15.1} - \log V_{1.15}$ | - - - - - - | -0,000 |

Die verskillende kolomme word nou opgetel om die waarde van $\Sigma\ U'_{jk}$ te verkry.

Hierna word die kolomtotaal ( $\Sigma\ U'_{jk}$) deur die aantal eienskappe gedeel.

Dus $\frac{\Sigma\ U'_{jk}}{n}$


Die $\frac{\Sigma\ U'_{jk}}{n}$ waardes tel in ryverband op na nul en dus kan dit as toets dien vir die korrektheid van die bewerkings.

Dan word die antilog-waarde van $\frac{\Sigma\ U'_{jk}}{n}$ bereken om $S'_k$ se waarde te bepaal. Hierdie waarde ($S'_k$) is die geskatte rangorde-waarde van die spesifieke eienskap. Die eienskappe kan nou op grond van die $S'_k$-waarde in 'n rangorde verwerk word.

Die volledige matriks U word in tabel 4.8.4 voorgestel

Tabel 4.8.4

Matriks U;$\Sigma$ $U'_{jk}$ en $S'_k$




(Verwerk uit Torgerson, 1958)

Sodanige ordening van die selfaktualiseringseienskappe volgens die Torgerson skaal is verkry vir

(i) die totale steekproef

(ii) die meer geaktualiseerde groep

(iii) die minder geaktualiseerde groep

(iv) die meer geaktualiseerde akademiese groep

(v) die minder geaktualiseerde akademiese groep

(vi) die meer geaktualiseerde kunsgroep

(vii) die minder geaktualiseerde kunsgroep

(viii) die meer geaktualiseerde sportgroep

(ix) die minder geaktualiseerde sportgroep

Die ordening van die eienskappe is gedoen op grond van die $S'_k$-waarde van elke eienskap.

Hierdie $S'_k$-waardes, wat verkry is deur die verwerking van die data volgens die bewerkings van Torgerson soos vroeër in hierdie hoofstuk uiteengesit, is verkry met behulp van die rekenaar.

Die ordening wat so verkry is, is grafies voorgestel in die vorm van grafieke. Die grafiese voorstelling is deur die skrywer gekies omrede daar volgens die Torgerson metode rangordes toegeken kan word op grond van die $S'_k$-waardes; maar aangesien 'n rangorde 'n ordinale meting is en daar dus meer inligting verlore gaan in die aanbieding van ordinale voorstellings as interval voorstellings, is die grafiese (interval) voorstelling verkies. Interpretasie sal dus op grond van die grafiese voorstelling van die ordening geskied. Al die verkreë ordeninge kan egter nie gebruik word nie, aangesien die aantal proefpersone in van die groepe nie genoegsaam was om sinvolle interpretasies op grond van die gegewens te maak nie. Verder kan al die ordeninge ook nie sonder meer met mekaar vergelyk word nie weens inherente verskille.

## 4.9 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is aandag gegee aan die metode waarvolgens die ondersoek na die verskaling van die selfaktualiseringseienskappe uitgevoer is. In die volgende hoofstuk sal die klem gelê word op die resultate wat verkry is vanuit die ondersoek, wat hierbo beskryf is.

# HOOFSTUK 5

# RESULTATE EN BESPREKING

## 5.1 INLEIDING

In die voorafgaande hoofstukke is aandag gegee aan die terme selfaktualisering sowel as aan die sielkundige klimaat waarin die selfaktualiseringsgedagte ditself tuis voel.

Dié vorige hoofstuk het spesifiek gehandel oor die metode wat gebruik is in hierdie ondersoek na die verskaling van die vyftien selfaktualiseringseienskappe van Maslow. Vervolgens sal daar nou aandag gegee word aan die vermelding en bespreking van die resultate soos verkry uit die ondersoek.

In hierdie hoofstuk sal die volgende aspekte vermeld word en aandag gegee word aan die

- beskrywende statistiek van die steekproef
- verdere verdelings voortvloeiend uit die beskrywende statistiek
- die selfaktualiseringseienskap-ordening

Die beskrywende statistiek van die steekproef sal nou vermeld word.

## 5.2 BESKRYWENDE STATISTIEK VAN DIE STEEKPROEF

Die steekproef is alreeds beskryf in hoofstuk vier, maar ter wille van 'n volledige prentjie word die beskrywende statistieke van die steekproef hier vermeld. Die volledige beskrywende statistieke dra verder daartoe by dat aspekte van hierdie studie met gemak deur ander

herhaal, gekontroleer of getoets kan word deur 'n soortgelyke steekproef saam te stel. Vergelyking met ander soortgelyke studies word ook op die wyse vergemaklik.

Die beskrywende statistieke sal so-ver moontlik in tabelvorm aangebied word.

## 5.2.1 TOTALE STEEKPROEF

Soos reeds in hoofstuk vier aangetoon is, bestaan die steekproef uit tweehonderd ag en vyftig persone. Die steekproef is onder verdeel in drie groepe naamlik akademie, kuns en sport. Die meeste persone naamlik honderd en sestien het in die sportgroep geval teenoor die akademiesegroep wat bestaan het uit honderd en tien en die kunsgroep van twee en dertig persone. In tabelvorm kan die steekproef dus deur middel van frekwensies en persentasies soos in tabel 5.2.1 voorgestel word.

Tabel 5.2.1

Verdeling van die proefpersone in akademie-, kuns- en sportgroepe

| | Aantal proefpersone |
|---|---|
| Akademie | 110<br>(42,64) x |
| Kuns | 32<br>(12,40) x |
| Sport | 116<br>(44,96) x |
| Totaal | 258 |

x Verteenwoordig die persentasie in die kolom

### 5.2.2 GESLAG

Die verdeling van die proefpersone ten opsigte van geslag blyk redelik gelyk tussen die akademiese en sportgroep te wees. In beide hierdie twee groepe is daar ongeveer nege persent meer mans as dames. In die kunsgroep soos te wagte, oortref die dames se getalle die mans se getalle bykans vier maal. Wat die totale aantal mans en dames betref, is die verdeling absoluut gelyk met honderd nege en twintig in elke geslagskategorie. Die verdeling van die proefpersone op grond van geslag word in tabel 5.2.2 voorgestel.

Tabel 5.2.2

Verdeling van die proefpersone op grond van geslag.

| | Akademie | Kuns | Sport | Totaal |
|---|---|---|---|---|
| Manlik | 60 (54,55) | 6 (18,75) | 63 (54,31) | 129 |
| Vroulik | 50 (45,45) | 26 (81,25) | 53 (45,69) | 129 |
| Totaal | 110 | 32 | 116 | 258 |

### 5.2.3 HUISTAAL

Die verdeling van die proefpersone ten opsigte van huistaal blyk oorwegend in die guns van Afrikaans te wees. In totaal was ongeveer twaalf persent van die steekproef nie Afrikaanssprekend nie. Hierdie oorwig in die rigting van Afrikaans as huistaal het in al drie groepe (akademie, kuns en sport) voorgekom. Die verdeling van die proefpersone op grond van huistaal word in tabel 5.2.3 vermeld.

Tabel 5.2.3

Verdeling van die proefpersone op grond van huistaal.

| | Akademie | Kuns | Sport | Totaal |
|---|---|---|---|---|
| Afrikaans | 101<br>(91,82) | 27<br>(84,38) | 99<br>(85,34) | 227 |
| Engels | 5<br>(4,55) | 2<br>(6,25) | 11<br>(9,48) | 18 |
| Ander | 4<br>(3,64) | 3<br>(9,38) | 6<br>(5,17) | 13 |
| Totaal | 110 | 32 | 116 | 258 |

5.2.4 OUDERDOM.

Dit wil voorkom of die akademiese groep die hoogste gemiddelde ouderdom het gevolg deur die kuns- en sportgroepe. Die kunsgroep se gemiddelde ouderdom is weer hoër as die van die sportgroep. Die gemiddelde ouderdom en standaardafwyking van die groepe word in tabel 5.2.4 aangebied.

Tabel 5.2.4

Rekenkundige gemiddelde en standaardafwyking van die ouderdom van die groepe

| | Rekenkundige Gemiddelde | Standaardafwyking |
|---|---|---|
| Akademie | 26,355 | 7,158 |
| Kuns | 23,788 | 4,052 |
| Sport | 21,391 | 3,412 |
| Totaal | 23,814 | 5,859 |

## 5.2.5 STUDIEVLAK

Die verdeling van die proefpersone volgens die vlak van studie dui daarop dat die akademiese groep op 'n hoër vlak as die kunsgroep verkeer ten opsigte van studievlak en dat die kunsgroep weer 'n hoër vlak beklee as die sportgroep. Die verskynsel is te wagte in die lig van die steekproefkriteria.
Die verdeling van die proefpersone volgens die vlak van studie word in tabel 5.2.5 voorgestel.

Tabel 5.2.5

Verdeling van die proefpersone volgens die vlak van studie

| | Akademie | Kuns | Sport | Totaal |
|---|---|---|---|---|
| Onbekend | 0 | 0 | 1 (0,86) | 1 |
| Voorgraads | 0 | 19 (59,38) | 102 (87,93) | 121 |
| Honneursgraad | 58 (52,73) | 7 (21,88) | 12 (10,34) | 77 |
| Magistergraad | 40 (36,36) | 5 (15,63) | 1 (0,86) | 46 |
| Doktorsgraad | 12 (10,91) | 1 (3,13) | 0 | 13 |
| Totaal | 110 | 32 | 116 | 258 |

## 5.2.6 DIENSPLIG

Dit blyk dat in die akademiese groep meer mans wel hulle diensplig verrig het as diegene wat nog nie hulle diensplig verrig het nie. In die sportgroep is die tendens egter omgekeer, dus het meer mans nog nie diensplig verrig nie as die wat wel al diensplig verrig het. In die kunsgroep het al die mans alreeds diensplig verrig. Geen dame

in die steekproef het diensplig verrig nie. Die verdeling van die proefpersone volgens diensplig word in tabel 5.2.6 vermeld.

Tabel 5.2.6

Verdeling van proefpersone volgens diensplig verrig

| | Akademie | Kuns | Sport | Totaal |
|---|---|---|---|---|
| Manlik wel diensplig verrig | 33 (30,00) | 5 (15,63) | 19 (16,38) | 57 |
| Nie diensplig verrig | 22 (20,00) | 0 | 43 (37,07) | 65 |
| Vroulik wel diensplig verrig | 0 | 0 | 0 | 0 |
| Nie diensplig verrig | 54 (49,09) | 27 (84,38) | 53 (45,69) | 134 |
| Onbekend | 1 (0,91) | 0 | 1 (0,86) | 2 |
| Totaal | 110 | 32 | 116 | 258 |

## 5.2.7 AKADEMIESE JARE

Uit die verdeling van die steekproef ten opsigte van die aantal studiejare suksesvol voltooi, wil dit voorkom of die akademiese groep die hoogste gemiddelde jare toon gevolg deur die kunsgroep, en met die sportgroep met die laagste gemiddelde in akademiese jare. Hierdie verdeling is te wagte as die kriteria waarvolgens die steekproewe saamgestel is, in gedagte gehou word. Hierdie verdeling kom dus ooreen met die verdeling wat ten opsigte van studievlak gevind is. Die gemiddelde akademiese jare en standaardafwyking van die groepe word in tabel 5.2.7 vermeld.

Tabel 5.2.7

Rekenkundige gemiddelde en standaardafwyking ten opsigte van akademiese jare.

| | Rekenkundige gemiddelde | Standaardafwyking |
|---|---|---|
| Akademie | 5,436 | 2,321 |
| Kuns | 3,788 | 1,596 |
| Sport | 3,026 | 1,448 |
| Totaal | 4,151 | 2,196 |

## 5.2.8 WONING

Uit die verdeling van die proefpersone blyk dit dat bykans vier keer meer van die persone wat tot die akademiese groep behoort in die stad woonagtig is, terwyl die verdeling in die kuns- en sportgroep meer eweredig versprei is tussen koshuis en stad. Die verdeling van die proefpersone op grond van woning word in tabel 5.2.8 weergegee.

Tabel 5.2.8

Verdeling van die proefpersone op grond van woning.

| | Akademie | Kuns | Sport | Totaal |
|---|---|---|---|---|
| Onbekend | 1 (0,91) | 1 (3,13) | 0 | 2 |
| Koshuis | 18 (16,36) | 13 (40,63) | 59 (50,86) | 90 |
| Stad | 91 (82,73) | 18 (56,25) | 57 (49,14) | 166 |
| Totaal | 110 | 32 | 116 | 258 |

## 5.3 VERDERE VERDELINGS VOORTVLOEIEND UIT DIE BESKRYWENDE STATISTIEKE

Die verdere verdelings van die beskrywende statistiek is gedoen om vas te stel of aspekte soos geslag, diensplig, ensovoorts 'n moontlike invloed kan of mag uitoefen op van die verkreë resultate.

Eerstens is aandag gegee aan die Lewenshoudingindeks van Liebenberg aangesien die sub- en totaalskaal gebruik word om die steekproef in meer en minder geaktualiseerde persone te verdeel. Die verdeling word in hoofstuk vier bespreek. Aangesien die totaalskaal saamgestel is uit twee subskale naamlik die raamwerk- en vervullingsubskaal, word daar ook aan hierdie twee subskale aandag gegee.

Hierdie totaal- en subskale word verder ook vergelyk met ander veranderlikes om vas te stel of enige van die veranderlikes dalk 'n invloed op die resultate mag uitoefen.

### 5.3.1 KORRELASIE VAN DIE LEWENSHOUDINGINDEKS-SKALE

Die Pearson korrelasie kwosiëntwaarde tussen die raamwerk- en vervullingssubskale beloop 0,6752 ($p \leqslant ,01$). Hieruit kan afgelei word dat die twee subskale afsonderlike konstrukte meet en, soos voorgestel in die metode-hoofstuk, afsonderlik gebruik kan word.

### 5.3.2 GESLAG VAN PROEFPERSONE IN VERGELYKING MET SUB- EN TOTAALSKAAL VAN DIE LEWENSHOUDINGINDEKS.

Die rekenkundige gemiddelde en standaardafwyking van die sub- en totaal-

skale van die Lewenshoudingindeks word in tabel 5.3.2 voorgestel.

Tabel 5.3.2

Rekenkundige gemiddelde en standaardafwyking van die sub- en totaalskale van die Lewenshoudingindeks.

| | | Rekenkundige gemiddelde | | Standaardafwyking | | t-waarde | Grade van vryheid | Maksimum telling |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | afsonderlik | totaal | afsonderlik | totaal | | | |
| Raamwerk-subskaal | Manlik | 50,3178 | 50,163 | 7,067 | 6,759 | 0,37 | 256 | 60 |
| | Vroulik | 50,0078 | | 6,460 | | | | |
| Vervullingsubskaal | Manlik | 48,7752 | 49,031 | 7,050 | 6,946 | -0,27 | 256 | 60 |
| | Vroulik | 49,0233 | | 7,529 | | | | |
| Totaalskaal | Manlik | 99,0310 | 99,174 | 13,053 | 12,534 | -1,01 | 256 | 120 |
| | Vroulik | 104,7984 | | 63,722 | | | | |

Uit tabel 5.3.2 blyk dit dat die gemiddelde prestasie wat op die skale van die Lewenshoudingindeks, met in agname van die maksimum telling en standaardafwyking verkry is relatief hoog is.

Geen beduidende verskille kon dus gevind word in die drie skale ten opsigte van geslag nie.

5.3.3 DIENSPLIG VERRIG AL DAN NIE DEUR DIE PROEFPERSONE IN VERGELYKING MET SUB- EN TOTAALSKALE VAN DIE LEWENSHOUDINGINDEKS.

Geen dame, wat deel gevorm het van die steekproef, het wel diensplig verrig nie. Gevolglik sal slegs met die manlike proefpersone verdere ontleding gedoen word.

Tabel 5.3.3

Manlike proefpersone wat reeds diensplig verrig het of nog nie diensplig verrig het nie se rekenkundige gemiddelde en standaardafwyking van die sub- en totaalskale van die Lewenshoudingindeks.

| | | Gemiddelde | Standaard afwyking | t-waarde | Grade van vryheid |
|---|---|---|---|---|---|
| Raamwerksubskaal | wel diensplig verrig | 51,6071 | 7,426 | 1,31 | 118 |
| | geen diensplig verrig | 49,9375 | 6,541 | | |
| Vervullingsubskaal | wel diensplig verrig | 49,1964 | 7,172 | 0,16 | 118 |
| | geen diensplig verrig | 49,0000 | 6,568 | | |
| Totaalskaal | wel diensplig verrig | 100,6964 | 13,642 | 0,77 | 118 |
| | geen diensplig verrig | 98,9063 | 11,901 | | |

Geen beduidende verskille kon dus gevind word in die drie skale ten opsigte van diensplig verrig of nog nie verrig nie by die manlike populasie van die proefpersone.

### 5.3.4 SAMEVATTING

Die interpertasie van die data word dus nie beïnvloed deur veranderlikes soos geslag en diensplig verrig nie.

## 5.4 DIE SELFAKTUALISERINGSEIENSKAP ORDENING

Die ordening van hierdie eienskappe is verkry deur gebruik te maak

van die verskaling- en verwerkingsmetode van Torgerson (1958).

Vervolgens sal die eindwaarde volgens die bewerking van Torgerson naamlik die $s_k$-waardes gegee word in tabelvorm asook die rangordewaarde wat op grond van die $s_k$-waarde toegeken word.

Alhoewel al die verkreë $s_k$-waardes asook die rangordes wel vir alle groepe vermeld word, sal slegs grafiese voorstellings van die gegewens gemaak word wat gebruik kan word vir interprestasie doeleindes.

Om die vermelding van die waardes van die vyftien eienskappe in tabel- en figuurvorm te vergemaklik, word aan elk van die eienskappe 'n letter van die alfabet toegeken soos voorgestel in tabel 5.4

Tabel 5.4

Simbooltoekenning aan die selfaktualiseringseienskappe.

| Simbool | Selfaktualiseringseienskap |
|---|---|
| A | Akkurate realiteitspersepsie |
| B | Humor |
| C | Demokratiese karakterstruktuur |
| D | Etiese bewustheid |
| E | Lewensdoel |
| F | Selfstandigheid |
| G | Spontaniteit |
| H | Weerstand teen gekultiveerdheid |
| I | Outonomie |
| J | Voordurende varse waardering |
| K | Interpersoonlike verhoudings |
| L | Aanvaarding |
| M | Kruinervaring |
| N | Kreatiwiteit |
| O | Sosiale betrokkenheid |

Die volgende groepe se selfgeaktualiseerde ordening word in $s_k$-waarde en rangordewaarde vermeld.

- totale groep
- minder geaktualiseerde totale groep
- meer geaktualiseerde totale groep
- minder geaktualiseerde akademie-, kuns- en sportgroep
- meer geaktualiseerde akademie-, kuns- en sportgroep

Grafiese voorstellings word slegs van die volgende groepe se ordening van die selfaktualiseringseienskappe gemaak aangesien daar in dié gevalle genoegsame aantal persone in elk van hierdie groepe ingesluit word om sinvolle interpretasies op grond van die verskalings af te lei.

Totale groep (N= 258)
Minder geaktualiseerde totale groep (N=90)
Minder geaktualiseerde akademiese groep (N= 39)
Minder geaktualiseerde sportgroep (N=43)
Meer geaktualiseerde totale groep (N=88)
Meer geaktualiseerde akademiese groep (N=40)
Meer geaktualiseerde sportgroep (N=35)

Dus is die kunsgroep se meer en minder geaktualiseerde ordening nie in grafiese vorm vermeld nie aangesien die aantal gevalle waaruit elkeen van hierdie groepe bestaan, te klein is om op grond van die groep se ordening enige geldige afleidings te maak.

As gevolg van die inherente verskille tussen die akademiese en sportgroepe (soos die gemiddelde ouderdom, akademiese opleiding, en so meer) kan die twee groepe nie sonder meer met mekaar vergelyk word

nie. Indien die inherente verskille in gedagte gehou word en met groot omsigtigheid te werk gegaan word, kan die meer geaktualiseerde sport- en akademiese groepe asook die minder geaktualiseerde sport- en akademiese groepe wel gebruik word in 'n poging om 'n algemene tendens by die meer en minder geaktualiseerde groepe aan te toon. Die meer en minder geaktualiseerde persone van die akademiese groep kan wel met mekaar vergelyk word, asook die meer en minder geaktualiseerde persone van die sportgroep.

Die meer en minder geaktualiseerde totale groepe kan soos in die geval van die sport- en akademiese groepe hierbo met mekaar vergelyk word asook gebruik word in 'n poging om 'n algemene tendens by die meer en minder geaktualiseerde groepe aan te toon.

Samevattend kan die volgende meer en minder geaktualiseerde groepe dus met mekaar vergelyk word:

- minder geaktualiseerde akademie met meer geaktualiseerde akademiese groep
- minder geaktualiseerde sport- met meer geaktualiseerde sportgroep
- minder geaktualiseerde totale groep met die meer geaktualiseerde totale groep

en kan die volgende meer geaktualiseerde groepe gebruik word in 'n poging om 'n algemene tendens by meer geaktualiseerde groepe aan te toon:

- meer geaktualiseerde akademiese groep
- meer geaktualiseerde sportgroep
- meer geaktualiseerde totale groep

terwyl die volgende minder geaktualiseerde groep gebruik kan word in 'n poging om 'n algemene tendens by minder geaktualiseerde groepe

aan te toon:

- minder geaktualiseerde akademiese groep
- minder geaktualiseerde sportgroep
- minder geaktualiseerde totale groep

Die interpretasie van die verkreë data sal nou aan die hand van hierdie breë kategorieë geskied naamlik

- vergelyking van die meer en minder geaktualiseerdes binne dieselfde groep
- tendens by minder geaktualiseerde groepe
- tendens by meer geaktualiseerde groepe

Daar sal nou aandag gegee word aan die vermelding van die ordening van die selfaktualiseringseienskappe in tabel- en grafiekvorm.

Eerstens word gekyk na die ordening van die totaalgroep.

Eerstens sal die $s_k$-waarde en die daaruit afgeleide rangorde in tabelvorm vermeld word gevolg deur 'n grafiese voorstelling van hierdie rangordes en dan die interpretasie vanuit die grafiese voorstelling vir die bovermelde groepe.

## 5.4.1 TOTALE GROEP (N = 258)


Tabel 5.4.1

Die vyftien selfaktualiseringseienskappe se $S_k$-waarde

en rangorde van die totale groep

| | | $S_k$-waarde | Rangorde |
|---|---|---|---|
| Akkurate realiteitspersepsie | A | -0,001544 | 11 |
| Humor | B | -0,000578 | 8 |
| Demokratiese karakterstruktuur | C | -0,000572 | 7 |
| Etiese bewustheid | D | -0,000354 | 6 |
| Lewensdoel | E | -0,002034 | 14 |
| Selfstandigheid | F | -0,003642 | 15 |
| Spontaniteit | G | -0,001301 | 10 |
| Weerstand teen gekultiveerdheid | H | +0,006464 | 1 |
| Outonomie | I | -0,000320 | 5 |
| Voortdurende varse waardering | J | +0,000538 | 4 |
| Interpersoonlike verhoudings | K | -0,001602 | 12 |
| Aanvaarding | L | -0,000952 | 9 |
| Kruinervaring | M | +0,005221 | 2 |
| Kreatiwiteit | N | -0,001611 | 13 |
| Sosiale betrokkendheid | O | +0,002286 | 3 |

Die gegewens van tabel 5.4.1 kan grafies voorgestel word en wel in figuur 5.4.1




Selfaktualiseringseienskappe

Figuur 5.4.1

Grafiese voorstelling van die totale groep se ordening van die vyftien selfaktualiseringseienskappe

Volgens die grafiese voorstelling blyk dit dat die totale groep van mening is dat weerstand teen gekultiveerdheid, kruinervarings en sosiale betrokkendheid die drie belangrikste eienskappe is. Selfstandigheid,

lewensdoel en kreatiwiteit word weer as die drie minste belangrike eienskappe gereken volgens die mening van die totale steekproef.

Daar moet egter onthou word dat die proefpersone gevra is om die vyftien eienskappe in rangorde te plaas en dus was hulle geforseer om sekere eienskappe bo ander te kies. Gevolglik dui 'n rangorde van byvoorbeeld vyftien nie noodwendig daarop dat die eienskap ongewens is nie, maar eerder dat die eienskap in vergelyking met die ander eienskappe deur die proefpersone slegs as van minder belang beskou word.

## 5.4.2 MINDER EN MEER GEAKTUALISEERDE GROEPE

Die minder geaktualiseerde groep word gevorm deur die persone wat op al die skale (raamwerksubskaal, vervullingsubskaal en totaalskaal van die Lewenshoudingindeks) 'n telling verkry het wat onder die mediaan van elke skaal val. Net so is die meer geaktualiseerde groep gevorm deur die persone wat op al drie die skale bo die mediaan van elke skaal 'n telling verwerf het.

### 5.4.3 MINDER GEAKTUALISEERDE GROEP (N = 90)

Tabel 5.4.3

Die vyftien selfaktualiseringseienskappe se $S_k$-waarde en rangorde van die minder geaktualiseerde totale groep.

| | | $S_k$-waarde | Rangorde |
|---|---|---|---|
| Akkurate realiteitspersepsie | A | -0,000975 | 9 |
| Humor | B | -0,001466 | 12 |
| Demokratiese karakterstruktuur | C | -0,001109 | 10 |
| Etiese bewustheid | D | +0,000131 | 5 |
| Lewensdoel | E | -0,000791 | 7 |
| Selfstandigheid | F | -0,002111 | 15 |
| Spontaniteit | G | -0,001872 | 14 |
| Weerstand teen gekultiveerdheid | H | +0,005483 | 1 |
| Outonomie | I | +0,001831 | 3 |
| Voortdurende varse waardering | J | -0,000325 | 6 |
| Interpersoonlike verhoudings | K | -0,001586 | 13 |
| Aanvaarding | L | -0,000940 | 8 |
| Kruinervaring | M | +0,004337 | 2 |
| Kreatiwiteit | N | -0,001211 | 11 |
| Sosiale betrokkenheid | O | +0,000603 | 4 |

Hierdie gegewens van tabel 5.4.3 kan grafies voorgestel word soos in figuur 5.4.2.


## 5.4.4 MEER GEAKTUALISEERDE GROEP (N = 88)

Tabel 5.4.4

Die vyftien selfaktualiseringseienskappe se $S_k$-waarde en rangorde van die meer geaktualiseerde totale groep.

| | | $S_k$-waarde | Rangorde |
|---|---|---|---|
| Akkurate realiteitspersepsie | A | -0,002084 | 12 |
| Humor | B | +0,000815 | 5 |
| Demokratiese karakterstruktuur | C | -0,000236 | 6 |
| Etiese bewustheid | D | -0,000339 | 7 |
| Lewensdoel | E | -0,003224 | 14 |
| Selfstandigheid | F | -0,004743 | 15 |
| Spontaniteit | G | -0,001013 | 8 |
| Weerstand teen gekultiveerdheid | H | +0,007136 | 1 |
| Outonomie | I | -0,001730 | 11 |
| Voortdurende varse waardering | J | +0,001064 | 4 |
| Interpersoonlike verhoudings | K | -0,001727 | 10 |
| Aanvaarding | L | -0,001174 | 9 |
| Kruinervaring | M | +0,006079 | 2 |
| Kreatiwiteit | N | -0,002407 | 13 |
| Sosiale betrokkenheid | O | +0,003584 | 3 |

Die gegewens van tabel 5.4.4 word grafies voorgestel in figuur 5.4.2




Figuur 5.4.2

Grafiese voorstelling van die meer en minder geaktualiseerde totale groep se ordening van die vyftien selfaktualiseringseienskappe

Die minder geaktualiseerde totale groep beskou weerstand tot gekultiveerdheid, kruinervarings en outonomie as die drie mees belangrike eien-

skappe. Die drie minste belangrike eienskappe volgens die minder geaktualiseerde totale groep blyk selfstandigheid, spontaniteit en interpersoonlike verhoudings te wees.

Volgens die grafiese voorstelling blyk dit dat die meer geaktualiseerde totale groep weerstand tot gekultiveerdheid, kruinervarings en sosiale betrokkenheid as die drie belangrikste eienskappe beskou. Selfstandigheid, lewensdoel en kreatiwiteit word as die drie minste belangrike eienskappe gereken volgens die meer geaktualiseerde totale groep.

Die twee groepe ken aan selfstandigheid, weerstand teen gekultiveerdheid asook kruinervarings dieselfde rangorde toe. Aan selfstandigheid word die vyftiende rangorde-posisie toegeken en dus beskou beide groepe dit as die minste belangrike eienskap van die vyftien gegewe eienskappe. Hier teenoor word die eerste rangordeposisie aan weerstand teen gekultiveerdheid toegeken en beskou beide die groepe dit dus as die belangrikste van die vyftien eienskappe. Kruinervarings beklee in beide groepe se ordening die tweede rangordeposisie.

Hierdie drie genoemde eienskappe kan dus beskou word as swak onderskeiders tussen die meer en minder geaktualiseerde studente in hierdie ondersoek.

As twee eienskappe merkbaar van mekaar verskil ten opsigte van die rangorde-posisie wat die meer en minder geaktualiseerde groep daaraan toegeken het, kan dit as 'n onderskeider dien tussen meer en minder geaktualiseerdes. Vir die doel van hierdie ondersoek is 'n verskil van meer as drie rangorde-posisies as 'n merkbare verskil beskou.

Onderskeiers tussen meer en minder geaktualiseerdes blyk dus volgens

die ordening van die meer en minder geaktualiseerde groepe, die volgende te wees. (Die verskil in rangorde-posisies word tussen hakies aangetoon.)

- Humor (7)
- Demokratiese karakterstruktuur (4)
- Lewensdoel (7)
- Spontaniteit (6)
- Outonomie (8)

As gevolg van die feit dat die proefpersone die vyftien eienskappe in rangorde moes plaas, was hulle geforseer om sekere eienskappe bo ander te kies. Gevolglik dui 'n rangorde van vyftien dus nie daarop dat die eienskap ongewens is nie, maar eerder dat die eienskap deur die proefpersone slegs as minder belangrik beskou word as die ander veertien eienskappe.

Vele faktore mag in 'n mindere of meerdere mate 'n rol speel in die spesifieke ordeningspatroon. Vir die doel van hierdie ondersoek sal die klem eerder geplaas word op die identifiseringseienskappe wat moontlik as onderskeiers tussen die groepe dien of ooreenkomste tussen groepe wat dui op eienskappe wat moontlik nie as onderskeiers gebruik kan word nie. Die identifisering van onderskeiers op grond van die rangorde-posisie van die eienskappe sal pas by die verkennende aard van die ondersoek.

5.4.5 SAMESTELLING VAN DIE MINDER GEAKTUALISEERDE GROEP UIT AKADEMIE (N = 39), KUNS (N = 8) EN SPORT (N = 43).

Tabel 5.4.5

Die vyftien selfaktualiseringseienskappe se $S_k$-waarde en rangorde van die minder geaktualiseerde akademiese-, kuns- en sportgroepe

| | | Akademie | | Kuns | | Sport | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | $S_k$-waarde | Rangorde | $S_k$-waarde | Rangorde | $S_k$-waarde | Rangorde |
| Akkurate realiteitspersepsie | A | -0,002023 | 15 | +0,003477 | 4 | -0,000848 | 9 |
| Humor | B | -0,000594 | 8 | -0,002955 | 15 | -0,001965 | 13 |
| Demokratiese karakterstruktuur | C | -0,000828 | 9 | +0,000042 | 6 | -0,001789 | 11 |
| Etiese bewustheid | D | -0,000302 | 6 | -0,000937 | 8 | +0,000720 | 5 |
| Lewensdoel | E | -0,000218 | 5 | -0,001655 | 9 | -0,001114 | 10 |
| Selfstandigheid | F | -0,000347 | 7 | -0,000789 | 7 | -0,003985 | 15 |
| Spontaniteit | G | -0,000858 | 11 | -0,002392 | 12 | -0,002483 | 14 |
| Weerstand teen gekultiveerdheid | H | +0,005116 | 1 | +0,006746 | 1 | +0,005599 | 2 |
| Outonomie | I | +0,001813 | 3 | +0,004368 | 2 | +0,001365 | 3 |
| Voortdurende varse waardering | J | -0,001793 | 14 | -0,001857 | 10 | +0,001291 | 4 |
| Interpersoonlike verhoudings | K | -0,001083 | 12 | -0,002952 | 14 | -0,001806 | 12 |
| Aanvaarding | L | -0,000852 | 10 | -0,002237 | 11 | -0,000769 | 8 |
| Kruinervaring | M | +0,002886 | 2 | +0,003552 | 3 | +0,005804 | 1 |
| Kreatiwiteit | N | -0,001743 | 13 | -0,002676 | 13 | -0,000513 | 7 |
| Sosiale betrokkenheid | O | +0,000823 | 4 | +0,000266 | 5 | +0,000494 | 6 |

Die gegewens van tabel 5.4.5 kan in kombinasie met tabel 5.4.6 se gegewens in grafiese vorm voorgestel word soos in figuur 5.4.3 en figuur 5.4.4.


## 5.4.6 SAMESTELLING VAN DIE MEER GEAKTUALISEERDE GROEP UIT AKADEMIE (N = 40), KUNS (N = 13) EN SPORT (N = 35).

Tabel 5.4.6

Die vyftien selfaktualiseringseienskappe se $S_k$-waarde en rangorde van die meer geaktualiseerde akademiese-, kuns- en sportgroepe


| | | Akademie | | Kuns | | Sport | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | $S_k$-waarde | Rangorde | $S_k$-waarde | Rangorde | $S_k$-waarde | Rangorde |
| Akkurate realiteitspersepsie | A | -0,002498 | 11 | -0,000287 | 8 | -0,002305 | 13 |
| Humor | B | +0,003365 | 4 | -0,000729 | 9 | -0,001534 | 8 |
| Demokratiese karakterstuktuur | C | -0,001159 | 8 | +0,001612 | 4 | +0,000026 | 6 |
| Etiese bewustheid | D | +0,000118 | 7 | +0,002394 | 3 | -0,002028 | 11 |
| Lewensdoel | E | -0,004575 | 15 | +0,001330 | 6 | -0,003479 | 14 |
| Selfstandigheid | F | -0,004073 | 14 | -0,002019 | 11 | -0,006524 | 15 |
| Spontaniteit | G | +0,000630 | 6 | -0,004194 | 14 | -0,001782 | 9 |
| Weerstand teen gekultiveerdheid | H | +0,006565 | 1 | +0,006121 | 2 | +0,008227 | 2 |
| Outonomie | I | -0,002900 | 12 | -0,001068 | 10 | -0,000675 | 7 |
| Voortdurende varse waardering | J | +0,001082 | 5 | -0,002955 | 13 | +0,002527 | 3 |
| Interpersoonlike verhoudings | K | -0,001219 | 9 | -0,002023 | 12 | -0,002132 | 12 |
| Aanvaarding | L | -0,003218 | 13 | +0,001472 | 5 | +0,000197 | 5 |
| Kruinervaring | M | +0,005589 | 2 | -0,000103 | 7 | +0,009093 | 1 |
| Kreatiwiteit | N | -0,001627 | 10 | -0,006019 | 15 | -0,001825 | 10 |
| Sosiale betrokkenheid | O | +0,003919 | 3 | +0,006469 | 1 | +0,002214 | 4 |

Die gegewens van tabel 5.4.6 kan in kombinasie met tabel 5.4.5 se gegewens in grafiese vorm voorgestel word soos in figuur 5.4.3 en figuur 5.4.4




Figuur 5.4.3

Grafiese voorstelling van die akademiese meer en minder geaktualiseerde groep se ordening van die vyftien selfaktualiseringseienskappe




Figuur 5.4.4

Grafiese voorstelling van die sport meer en minder geaktualiseerde groep se ordening van die vyftien selfaktualiseringseienskappe

5.4.7 AKADEMIE MEER EN MINDER GEAKTUALISEERDE GROEP

Die minder geaktualiseerde akademiese groep beskou weerstand teen gekultiveerdheid, kruinervarings en outonomie as die belangrikste eienskappe.

Die minder geaktualiseerde akademiese groep is verder van mening dat akkurate realiteitspersepsie, voortdurende varse waardering en kreatiwiteit die drie minste belangrike eienskappe is. Volgens die grafiese voorstelling beskou die meer geaktualiseerde akademiese groep weerstand teen gekultiveerdheid, kruinervarings en sosiale betrokkenheid as die drie belangrikste eienskappe. Die meer geaktualiseerde akademiese groep vermeld lewensdoel, selfstandigheid en aanvaarding as die drie minste belangrike eienskappe.

Die twee groepe ken albei aan weerstand teen gekultiveerdheid 'n rangorde van een toe en aan kruinervaring 'n rangorde van twee. Dus wil dit voorkom of beide groepe die eienskappe as die mees en tweede belangrikste eienskap beskou. Aangesien die twee groepe naamlik meer en minder geaktualiseerd is ten opsigte van akademie is die twee eienskappe dus swak onderskeiers van meer of minder geaktualiseerdheid by die studente ten opsigte van akademie in hierdie ondersoek.

Die volgende eienskappe blyk egter onderskeiers tussen die meer en minder geaktualiseerdes ten opsigte van akademie te wees. Die verskil in rangorde-posisies word tussen hakies aangedui.

- Akkurate realiteitspersepsie (4)
- Humor (4)
- Lewensdoel (10)
- Selfstandigheid (7)
- Spontaniteit (5)
- Outonomie (9)
- Voortdurende varse waardering (9)

## 5.4.8 SPORT MEER EN MINDER GEAKTUALISEERDE GROEP

Volgens die grafiese voorstelling blyk dit dat die minder geaktualiseerde sportgroep kruinervarings, weerstand teen gekultiveerdheid en outonomie as die belangrikste eienskappe beskou teenoor selfstandigheid, spontaniteit en humor wat as die drie minste belangrike eienskappe beskou word. Die meer geaktualiseerde sportgroep beskou kruinervarings, weerstand teen gekultiveerdheid en voordurende varse waardering as die drie belangrikste eienskappe. Selfstandigheid, lewensdoel en akkurate realiteitspersepsie word weer as die drie minste belangrike eienskappe beskou.

Hierdie twee groepe ken beide dieselfde rangorde-posisie toe aan selfstandigheid (vyftiende), weerstand teen gekultiveerdheid (tweede), interpersoonlike verhoudings (twaalfde) en kruinervarings (eerste). Gevolglik blyk dit dat die vier eienskappe nie onderskei tussen die meer en minder geaktualiseerde persone in die sportgroep van hierdie ondersoek nie.

In die ordening van die meer en minder geaktualiseerde persone in die sportgroep toon die volgende eienskappe 'n verskil van meer as drie rangorde-posisies aan en kan dus as onderskeiers tussen die meer en minder geaktualiseerdheid ten opsigte van sport gebruik word. Die verskil in rangorde-posisies word tussen hakies vermeld.

- Akkurate realiteitspersepsie (4)
- Humor (5)
- Demokratiese karakterstruktuur (5)
- Etiese bewustheid (6)
- Lewensdoel (4)
- Spontaniteit (5)
- Outonomie (4)

Die resultate van die meer en minder geaktualiseerde groepe gaan nou saamgevat en geïntegreer word.

## 5.4.9 SAMEVATTING TEN OPSIGTE VAN DIE VERGELYKING VAN DIE MEER EN MINDER GEAKTUALISEERDES BINNE DIESELFDE GROEP

By beide akademiese-, sport- en die totaalgroep, het die meer en die minder geaktualiseerdes aan weerstand teen gekultiveerdheid asook kruinervarings dieselfde rangorde toegeken. Selfstandigheid is in die minder en meer geaktualiseerde totale groep asook in die meer en minder geaktualiseerde sportgroep ewe belangrik deur die proefpersone beskou.

Gevolglik wil dit dus voorkom of

- Weerstand teen gekultiveerdheid
- Kruinervaring

